

JESHAJAHU

Jesaja

1 Die visioen van Jeshajahu, die seun van Amots, wat hy gesien het met betrekking tot Jahuda en Jarusalajim, in die dae van Usijahu, Jotam, Aħaz en Hiskijahu, die konings van Jahuda.

² Hoor hemele, en luister aarde! want יהוה het gepraat: “Ek het kinders opgevoed en grootgemaak, maar hulle het teen My oortree.

³ “n Os ken sy eienaar en ’n donkie die krip van sy meester, maar Jisra’el het geen kennis nie, My volk verstaan nie.

⁴ O, sondige nasie, die volk swaar van skuld, ’n saad van boosdoeners, die kinders wat verderflik handel! Hulle het יהוה verlaat, die Afgesonderde van Jisra’el verag, hulle het agtertoe weggedraai.

⁵ Waarom wil julle nog geslaan word? Julle hou aan met afvalligheid! Die hele kop is siek, en die hele hart is verswak.

⁶ Van die voetsool af tot die kop toe is daar geen heel plek nie, maar wonde en kneusplekke en oop houe! Hulle is nie toegemaak of verbind of met olie versag nie.

⁷ Julle land lê verlate, julle stede is met vuur verbrand, vreemdelinge verteer julle grond in jul teenwoordigheid. En dit lê verlate, soos vernietig deur vreemdelinge.

⁸ En die dogter van Tsjion het oorgebly soos ’n hut in ’n wingerd, soos ’n slaapplek in ’n komkommertuin, soos ’n beleërde stad.

⁹ Indien יהוה van die leërske nie vir ons ’n klein oorblyfsel oorgelaat het nie, sou ons soos Sedom geword het, ons sou net soos Amorra gewees het.

¹⁰ Hoor die woord van יהוה, regeerders van Sedom! Luister na die Tora van ons Elohim, volk van Amorra!

¹¹ “Wat het Ek aan julle baie slagoffers?” sê יהוה. “Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers. En Ek het geen behae in die bloed van bulle of lammers of bokke nie.

¹² “Wanneer julle kom om voor My te verskyn, wie het dit van julle hand geëis, om My voorhowe te vertrap?

¹³ “Moenie meer nuttelose offergawes bring nie, dit is ’n gruwelike reuk vir My. Nuwemane en Sabbatte, die uitroep van samekomste - Ek verdra geen onge-regtigheid en feestyd nie!

¹⁴ “My Wese haat julle Nuwemane en julle feestye, hulle is vir My ’n oorlas. Ek is moeg om dit te dra.

¹⁵ “En wanneer julle jul hande uitsteek, bedek Ek My oë vir julle. Selfs wanneer julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie. Julle hande is vol bloed.

¹⁶ “Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor My oë weg, hou op om boosheid te doen!

¹⁷ “Leer om goed te doen! Soek die reg, betoel die verdrukker, verdedig die vaderlose, pleit vir die weduwee.

¹⁸ “Kom nou en laat ons die saak uitmaak,” sê יהוה: “Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

¹⁹ “Indien julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet.

²⁰ “Maar indien julle weier en rebelleer, sal julle deur die swaard geëet word,” want die mond van יהוה het dit gesê.

²¹ Hoe het die getroue stad ’n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin gebly, en nou moordenaars!

²² Jou silwer het skuim geword, jou wyn is met water vermeng.

²³ Jou vorste is rebelle en metgeselle van

JESHAJAHU 2

rowers. Elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag vergoedings na. Hulle verdedig nie die vaderlose nie, en die saak van die weduwee bereik hulle nie.

²⁴ Daarom sê Meester יהוה van die leërskaare, die Magtige van Jisra'ël: "Wee, Ek sal My verlig van My teëstanders en My wreek op My vyande!

²⁵ "En Ek sal My hand teen jou uitstrek en jou skuim soos met loog uitsuiwer en al jou allooi wegneem.

²⁶ "En Ek sal jou weer regters gee soos vroeër en raadgevers soos in die begin. Daarna sal jy 'n stad van geregtigheid, 'n getroue stad genoem word.

²⁷ Tsjion sal deur oordeel verlos word en die van haar wat terugkeer, deur geregtigheid.

²⁸ En die vernietiging van die oortreders en die sondaars is almal saam, en die wat יהוה verlaat, sal verteer word.

²⁹ Want hulle sal in die skande kom weens die terpentynbome wat julle begeer het. En julle sal verleë word oor die tuine wat julle gekies het.

³⁰ Want julle sal soos 'n terpentynboom wees waarvan die blare verdor, en soos 'n tuin wat geen water het nie.

³¹ En die sterke word tot vlas en sy werk tot 'n vonk. En hulle sal altwee saam brand sonder dat iemand uitblus.

2 Die woord wat Jeshajahu, die seun van Amots, gesien het aangaande Jahuda en Jarusalajim:

² En in die laaste dae sal dit gebeur dat die berg van die Huis van יהוה vas sal staan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels. En al die nasies sal daarheen stroom.

³ En baie volke sal gaan en sê: "Kom laat ons optrek na die berg van יהוה, na die Huis van die Elohim van Jaakob, dat Hy ons Sy weë kan leer en ons in Sy paaie kan wandel. Want uit Tsjion sal die Tora kom en die woord van יהוה uit Jarusalajim."

⁴ En Hy sal oordeel tussen die nasies en baie volke bestraf. En hulle sal van hul

swaarde skoffels smee en van hul spiese snoeimesse. Nasie sal nie meer teen nasie die swaard oplig nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.^a

⁵ Kom, huis van Jaakob, en laat ons wandel in die lig van יהוה!

⁶ Want U het U volk verwerp, die huis van Jaakob, omdat hulle vol is van wat die Ooste aanbied, en towenaars is soos die Palishtim, en met die kinders van vreemdelinge is hulle tevrede.

⁷ En hulle land is vol silwer en goud, *en daar is* geen einde aan hulle skatte nie. En hulle land is vol perde, en daar is geen einde aan hulle strydwaens nie.

⁸ Ook is hulle land vol idole. Hulle buig voor die werk van hul hande hul neer, voor wat hulle vingers gemaak het.

⁹ En die mens buig neer en die man word verneder. U vergewe hulle dit nie.

¹⁰ Gaan in die rots en kruip weg in die stof weens die vrees van יהוה en om die prag van Sy majesteit.

¹¹ Die trotse oë van die mens sal verneder word, en die hoogmoed van die mans neergebuij word, en יהוה alleen sal in daardie dag verhewe wees.

¹² Want יהוה van die leërskaare het 'n dag teen al wat trots en hoogmoedig is, en teen al wat verhewe is, sodat dit verneder kan word,

¹³ en teen alle hoë en verhewe seders van Leḅanon en teen alle eikebome van Bashan,

¹⁴ en teen alle hoë berge en teen alle verhewe heuwels,

¹⁵ en teen alle hoë torings en teen alle versterkte mure,

¹⁶ en teen alle skepe van Tarshish en teen alle begeerlike voorwerpe.

¹⁷ En die trotsheid van die mense sal neergebuij en die hoogmoed van die mans verneder word. En יהוה alleen sal in daardie dag verhewe wees.

¹⁸ En die idole sal geheel en al verdwyn.

¹⁹ En hulle sal in die grotte van die rotse en in die gate van die grond gaan weens

^a Mig 4:1-3

JESHAJAHU 3

die vrees van יהוה en die prag van Sy majesteit, wanneer Hy Hom opstaan om die aarde te verskrik.

²⁰ In daardie dag sal die mens sy silwer idole en sy goue idole wat hy vir hom gemaak het om voor neer te buig, weggooi vir die molle en die vlermuise,

²¹ om in die skeure van die rotse en in die klowe van die kranse te gaan weens die vrees van יהוה en die prag van Sy majesteit, wanneer Hy Hom opstaan om die aarde te verskrik.

²² Laat staan tog die mens wie se asem in sy neus is, want wat moet hy gereken word!

3 Want kyk, die Meester, יהוה van die leërskaars sal uit Jarushalajim en uit Jahuda wegneem die stut en die steun, elke stut van brood en elke stut van water,

² die held en die krygsman, die regter en die profeet en die waarsêer en die oudste;

³ die owerste oor vyftig en die man van hoë aansien en die raadgewer en die knap ambagsman en die ervare besweerder.

⁴ En Ek sal seuns hulle hoofde maak, en wispelturiges sal oor hulle regeer.

⁵ En die mense sal mekaar verdruk, man teen man, en die een teen die ander. Die seun sal die grysaard, die veragtelike sal die agbare stormloop.

⁶ Wanneer 'n man sy broer in die huis van sy vader aan sy klere gryp *en sê*: "Jy moet regeerder oor ons wees, en laat hierdie ingestorte puinhoop onder jou toesig wees."

⁷ In daardie dag sal hy sweer en sê: "Ek is geen geneser nie, en in my huis is geen brood en geen klere nie. Moenie my 'n regeerder van die volk maak nie."

⁸ Want Jarushalajim het gestruikel, en Jahuda het geval, omdat hulle tong en hulle dade teen יהוה is om Sy oë, vol aansien, te tart.

⁹ Die uitdrukking van hulle gesig getuig teen hulle, en hul sonde maak hulle bekend, soos Sedom, sonder om iets weg te steek. Wee oor hulle wese, want hulle

doen hulself kwaad aan!

¹⁰ "Sê van die regverdige dat dit met hom goed sal gaan, want hulle sal die vrug van hul dade eet.

¹¹ "Wee die slegte bose! Want wat sy hande gewerk het, sal hom aangedoen word.

¹² "Die drywers van My volk is kinders, en vrouens regeer oor hulle. My volk, jou leiers verlei, en die weg van jou pad vernietig."

¹³ יהוה staan daar om te pleit, Hy staan op om die volke te vonnis.

¹⁴ יהוה gaan na die gereg met die oudstes en die hoofde van Sy volk. Ja, julle het die wingerd afgeëet, wat van die arm man geroof is, is in julle huise.

¹⁵ "Wat is dit met julle dat julle My volk vertrap en die armes mishandel?" sê die Meester, יהוה van die leërskaars.

¹⁶ En יהוה het gesê: "Omdat die dogters van Tsjon trots is en met uitgerekte nek loop en met die oë lok, wegstap met trippelgang en hulle voete met ringe laat rinkel,

¹⁷ daarom sal יהוה die skedel van die dogters van Tsjon skurf maak, en יהוה sal hulle naaktheid ontbloot.

¹⁸ In daardie dag sal יהוה die sieraad van die enkelringe en die sonnetjies en die maantjies wegneem,

¹⁹ die ooringe en die armbande en die sluiers,

²⁰ die hoofversiersels en die voetkettinkies en die versierde gordels en die parfuumflessies en die amulette,

²¹ die ringe en die neusringe,

²² die feesklere en die mantels en die tjalies en die handsakkies,

²³ die spieëltjies en die hemde en die tulbande en die wye mantels.

²⁴ Dan sal daar in plaas van balsemgeur muffheid wees, en in plaas van 'n gordel 'n tou, en in plaas van gevlegte hare kaalheid, en in plaas van 'n feesgewaad 'n roukleed, brandmerk in plaas van skoonheid.

²⁵ Jou mans sal deur die swaard val en jou helde in die oorlog.

JESHAJAHU 5

²⁶ En sy poorte sal kla en treur, en hy sal verlate op die aarde sit.

4 En op daardie dag sal sewe vrouens een man aangryp en sê: "Ons sal ons eie brood eet en ons eie klere aantrek, laat net jou naam oor ons genoem word, om ons skande weg te neem."

² In daardie dag sal die groei van יהוה 'n sieraad en aansien wees. En die vrug van die land sal uitstekend en pragtig wees vir die verlostes^b van Jisra'ël.

³ En dit sal wees wie in Tsjion oorgebly het en in Jarusalajim bly, sal afgesonderd genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskryf is in Jarusalajim.

⁴ Wanneer יהוה die vuilheid van die dogters van Tsjion afgewas en die bloed van Jarusalajim daaruit weggespoel het deur die gees van oordeel en die gees van vetering,

⁵ dan sal יהוה oor elke woonplek van die berg Tsjion en oor sy plekke van samekoms 'n wolk bedags en rook met die glans van vuurvlamme in die nag skep, want oor alle aansien sal daar 'n besukting wees.

⁶ En daar sal 'n hut wees vir 'n skaduwee bedags teen die hitte en vir 'n skuilplek en toevlug teen die storm en die reën.

5 Laat my asseblief vir my geliefde sing, 'n lied vir my geliefde oor sy wingerd! My geliefde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel.

² En hy het dit omgespit en die klippe verwyder en dit met keur wingerdstokke beplant, en hy het 'n toring daar binne gebou en ook 'n parskuip daarin uitgeknap. En hy het gewag dat dit druiwe sou dra, maar dit het giftige bessies gedra.

³ "En nou, inwoners van Jarusalajim en mans van Jahuda, oordeel tog tussen my en My wingerd.

⁴ "Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie? Waarom het ek gewag dat dit

druive sou dra, en dit het giftige bessies gedra?

⁵ "En nou, laat ek julle dan nou vertel wat ek met my wingerd gaan doen: Ek sal sy heining wegneem, sodat dit verbrand word, sy muur afbreek, sodat dit vertrap word.

⁶ "En ek sal dit verlate laat lê: dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar opskiet met dorings en distels. En ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie."

⁷ Want die wingerd van יהוה van die leërskaars is die huis van Jisra'ël, en die mans van Jahuda is die tuin van Sy aangename plant. En Hy het gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting, op geregtigheid, maar kyk, dit was geskreue!

⁸ Wee hulle wat huis aan huis trek, grond aan grond voeg, totdat daar geen plek meer is nie, en julle alleen in die land bly.

⁹ In my ore het יהוה van die leërskaars *gesê*: "Waarlik, baie huise sal verlate word, die grotes en mooies sonder inwoner.

¹⁰ "Want tien akker wingerd sal een enkele bat lewer, en 'n homer saad sal 'n 'ēfa lewer."

¹¹ Wee hulle wat vroeg in die môre opstaan om sterk drank na te jaag, wat in die nag láát opbly, wyn brand in hulle!

¹² En daar is lier en harp, tamboeryn en fluit en wyn by hulle feeste, maar op die dade van יהוה let hulle nie, en die werk van Sy hande sien hulle nie.

¹³ Daarom gaan My volk in ballingskap weens gebrek aan kennis,^c en hulle aansienlikes ly honger en hulle menigte verdroeg van dors.

¹⁴ Daarom het She'ol sy keel wyd oopgemaak en sy mond uitgerek sonder maat. Hulle prag en hulle menigte en hulle luidrugtigheid en diegene onder hulle wat uitgelate is sal in dit afgaan.

¹⁵ En die mens word gebuig en die man verneder, en die oë van die hoogmoedige mense word verneder.

^b Jo'ël 2:32; Oḡad :17

^c Hosh 4:6

JESHAJAHU 6

¹⁶ Maar יהוה van die leërskaars sal verhef wees deur die strafgerig, en die afgesonderde Ēl sal afgesondered wees in geregtigheid.

¹⁷ En die lammers sal wei soos op hulle eie weiveld, en vreemdelinge sal in die verlate plekke van die ryk mense eet.

¹⁸ Wee hulle wat die ongeregtigheid nader trek met koorde van boosheid, en die sonde soos met wa-toue,

¹⁹ wat sê: "Laat Hy gou maak! Laat Hy Sy werk verhaas, dat ons dit kan sien! En laat die raad van die Afgesonderde van Jisra'ël naby wees en kom, dat ons dit kan ken!"

²⁰ Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter.

²¹ Wee hulle wat in eie oë wys en na eie insig verstandig is.

²² Wee die helde om wyn te drink en ryk mans om sterk drank te meng,

²³ wat die bese regverdig vir 'n omkoopgeskenk en die geregtigheid van die regverdige hom ontnem.

²⁴ Daarom, soos 'n vuurtong die stoppels verteer en die vlam droë gras verwoes, so sal hulle wortel soos vrotheid word en hulle bloeisel soos stof opstyg – omdat hulle die Tora van יהוה van die leërskaars verwerp het en die woord van die Afgesonderde van Jisra'ël verag het.

²⁵ Daarom het die toorn van יהוה ontvlam teen Sy volk en het Hy Sy hand teen hulle uitgestrek en hulle getref, sodat die berge gebewe het. En hulle lyke was soos vullis op die strate. Ondanks dit alles is Sy toorn nie terug gedraai nie, maar is Sy hand nog uitgestrek.

²⁶ En Hy sal 'n banier ophang vir die nasies in die verte, en Hy fluit vir hulle aan die einde van die aarde. En kyk, hulle kom haastig, gou.

²⁷ Geen van hulle is moeg en geen struikelend nie, hulle sluimer of slaap nie. En die gordel van hulle heupe word nie losgemaak nie, en die riem van hulle skoene breek nie.

²⁸ Hulle pyle is skerp en al hulle boë gespan; die pote van hulle perde is soos 'n klipsteen en hulle wiele soos 'n stormwind.

²⁹ Hulle gebrul is soos dié van 'n leeu, hulle brul soos jong leeus. En hulle grom en gryp die prooi en sleep weg sonder dat iemand red.

³⁰ En in daardi dag sal dit oor hulle dreun soos die gedreun van die see. En iemand sal die aarde aanskou, kyk, daar is duisternis en smart! En die lig is verduister deur die wolke.

6 In die jaar wat koning Usijahu gesterf het, het ek יהוה sien sit op 'n hoë en verhewe troon, en Sy nasleep het die tempel gevul.

² Bo dit het serafim gestaan. Elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy gesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg.

³ En die een het na die ander geroep en gesê: "Afgesonderd, afgesonderd, afgesonderd is van die leërskaars. Die hele aarde is vol van Sy aansien!"

⁴ En die deurposte het gebewe van die geluid van die roepers, en die huis het vol rook geword.

⁵ En ek het gesê: "Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon tussen 'n volk wat onrein van lippe is, want my oë het die Koning, יהוה van die leërskaars, gesien!"

⁶ En een van die serafim het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het.

⁷ En hy het my mond daarmee aangeraak en gesê: "Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weggeneem en jou sonde bedek."

⁸ En ek het die stem van יהוה gehoor sê: "Wie sal Ek stuur? En wie sal vir Ons gaan?" En ek het gesê: "Hier is ek, stuur my."

⁹ En Hy het gesê: "Gaan sê vir hierdie volk: 'Julle hoor en hoor, maar verstaan nie, en julle sien en sien, maar weet nie.'

¹⁰ "Maak die hart van hierdie volk vet en

JESHAJAHU 7

maak hulle ore swaar en maak hulle oë toe, sodat hulle nie met hul oë sien en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle nie omdraai en gesond word nie."

¹¹ En ek het gesê: "Hoe lank, יהוה?" En Hy het gesê: "Totdat die stede verlate lê, sonder inwoners, en die huise sonder mense en die land verlate en verwoes is, ¹² en יהוה die mense ver verwyder het en die verlatenheid in die land groot is.

¹³ "En daar is nog 'n tiende deel daarin, en dit sal weer tot verwoesting wees, soos 'n terpentynboom en 'n eikeboom, 'n stomp oorbly wanneer hulle afgekap word. Die afgesonderde saad is die stomp daarvan!"

7 En dit het gebeur in die dae van Aħaz, die seun van Jotam, die seun van Usijahu, die koning van Jahuda, dat Retsin, die koning van Aram, met Pekah, die seun van Remaljahu, die koning van Jisra'el, na Jarusalajim opgetrek het om daarteen oorlog te voer, maar hy kon nie daarteen veg nie.

² En hulle het aan die huis van Dawid vertel en gesê: "Aram het in Efrajim kamp opgeslaan!" En sy hart en die hart van sy volk het gebewe soos die bome van die bos bewe voor die wind.

³ En יהוה het vir Jeshajahu gesê: "Gaan nou uit, om Aħaz te ontmoet, jy en jou seun Shear Jashub, aan die einde van die kanaal van die boonste dam, by die grootpad van die Wassersveld,

⁴ en sê vir hom: 'Neem jou in ag en wees gerus. Wees nie bevrees en laat jou hart nie week word om hierdie twee rokende stukke brandhout nie, weens die gloeiende toorn van Retsin en die Arameërs en van die seun van Remaljahu.

⁵ Omdat Aram, Efrajim en die seun van Remaljahu, teëspoed teen jou besluit het deur te sê:

⁶ "Laat ons teen Jahuda optrek en dit verskrik en dit vir ons oopbreek en die seun van Tabe'el daarvoor koning maak."

⁷ 'So sê die Meester יהוה: "Dit sal nie tot stand kom nie, en dit sal nie gebeur nie.

⁸ "Want die hoof van Aram is Damesek, en die hoof van Damesek is Retsin. En binne vyf en sestig jaar sal Efrajim as volk verbreek word.

⁹ "En die hoof van Efrajim is Shomaron, en die seun van Remaljahu die hoof van Shomaron. Indien julle nie glo nie, sal julle nie sekerlik nie vas staan nie!"

¹⁰ En יהוה het verder met Aħaz gepraat en gesê:

¹¹ "Vra vir jou 'n teken van יהוה jou Elohim: diep in She'ol of hoog bo."

¹² Maar Aħaz het gesê: "Ek sal nie vra nie en יהוה nie versoek nie!"

¹³ En hy het gesê: "Luister tog, huis van Dawid! Is dit vir julle nie genoeg om mense te vermoei, dat julle my Elohim ook vermoei nie?"

¹⁴ "Daarom sal יהוה self aan julle 'n teken gee: Kyk, die jong vrou is swanger en sal geboorte aan 'n seun gee en sy sal sy naam Immanu'el noem.

¹⁵ "Dikmelk en heuning sal hy eet wanneer hy weet om boosheid te verwerp en om te kies wat goed is.

¹⁶ "Want voordat die seun weet om boosheid te verwerp en te kies wat goed is, sal die land vir wie jy bang is, verlate wees van albei konings.

¹⁷ "Maar יהוה sal oor jou en jou volk en die huis van jou vader dae laat kom soos daar nie gekom het van die dag dat Efrajim van Jahuda weggedraai het nie - die koning van Ashshur!"

¹⁸ En in daardie dag sal יהוה vir die vlieë fluit wat aan die einde van die riviere van Mitsrajim is, en die bye wat in die land Ashshur is.

¹⁹ En hulle sal kom en almal gaan sit in die verlate valeie en in die skeure van die rotse en op al die doringbosse en op die drinkplekke.

²⁰ In daardie dag sal יהוה met die skeermes wat anderkant die rivier gehuur is, met die koning van Ashshur, die kop en die hare van die voete afskeer, en dit sal ook die baard wegneem.

²¹ En in daardie dag sal 'n man 'n jong koei en twee skape in die lewe hou.

JESHAJAHU 8

²² En weens die oorvloed van melk wat hulle gee, sal hy dikmelk eet, want almal sal dikmelk en heuning eet wat in die land oorgebly het.

²³ En in daardie dag sal elke plek waar duisend wingerdstokke staan, wat die waarde van duisend sikkels silwer het, soos die dorings en distels wees.

²⁴ Met pyl en boog sal hulle daarheen gaan, want die hele land sal vol dorings en distels wees.

²⁵ En al die heuwels wat met die pik bewerk is, daar sal hulle uit vrees vir dorings en distels nie kom nie; maar dit sal dien om die beeste in te jaag en om deur die kleinvee vertrap te word.

8 En יהוה het aan my gesê: "Neem vir jou 'n groot tablet en skryf daarop met 'n gewone griffel van Mahër-Shalal-Hash-Bas."^d

² En Ek wil vir My betroubare getuies neem om te getuig, Urija, die priester, en Sagarjahu, die seun van Jeberégjahu."

³ En ek het na die profetes gegaan, en sy het swanger geword en 'n seun gebaar. En יהוה het vir my gesê: "Noem hom: Mahër-Shalal-Hash-Baz.

⁴ "Want voordat die seuntjie kan roep: 'My vader!' of: 'My moeder!' sal hulle die rykdom van Damesek en die buit van Shomaron voor die koning van Ashshur bring."

⁵ En יהוה het weer met my gepraat en gesê:

⁶ "Omdat hierdie volk die waters van Shiloah verag wat saggies vloei, en daar vreugde is saam met Retsin en die seun van Remaljahu,

⁷ kyk, daarom sal יהוה oor hulle laat opkom die sterk en magtige waters van die rivier - die koning van Ashshur en al sy aansien. En hy sal bo al sy beddings styg en oor al sy walle gaan.

⁸ "En hy sal deur Jahuda gaan, instroom en oorloop, en die nek bereik. En die strekking van sy vlerke sal U land in sy

breedte vul, Immanu'el!

⁹ "Wees gebroke, o volke, en julle sal inmekaar stort! En luister, alle ver plekke van die aarde! Gord julle en julle sal inmekaar stort, gord julle en julle sal inmekaar stort.

¹⁰ "Neem 'n besluit, en dit sal verydel word, sê 'n woord, en dit sal nie tot stand kom nie, want 'El is met ons!"

¹¹ Want יהוה het so met my gepraat met 'n sterk hand en Hy het my vermaan om nie op die weg van hierdie volk te loop nie, met die woorde:

¹² "Moenie sê 'n sameswering' wat hierdie volk 'n sameswering noem nie, en moenie vrees wat hulle vrees, of verskrik wees nie.

¹³ "יהוה van die leërskaar, Hom moet julle afsonder. En laat Hy julle vrees en Hy julle verskrikking wees!

¹⁴ "En Hy sal vir julle 'n afgesonderde plek wees, maar 'n klip waar 'n mens teen stamp en 'n rots waar 'n mens oor struikel, vir die twee huise van Jisra'el, 'n vangnet en 'n strik vir die inwoners van Jarushalajim.

¹⁵ "En baie onder hulle sal struikel en val en gebreek en verstrik en gevang word."

¹⁶ Bind die getuïenis toe, verseël die Tora tussen my leerlinge.

¹⁷ En ek sal op יהוה wag, wat Sy gesig verberg vir die huis van Jaakob. En ek sal op Hom wag.

¹⁸ Kyk, ek en die kinders wat יהוה my gegee het as tekens en wonders in Jisra'el, van יהוה van die leërskaar wat op die berg Tsijon woon.

¹⁹ En wanneer hulle vir julle sê: "Raadpleeg mediums en towenaars, wat piep en mompel!", moet 'n volk nie sy Elohim raadpleeg nie? Moet die dooies namens die lewendes gevra word?

²⁰ Na die Tora en na die getuïenis! Indien hulle nie praat volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dagbreek het nie.

²¹ En hulle sal deur die land trek, beswaard en honger. En wanneer hulle honger het, sal hulle in toorn uitbreek en hul

^d Netnou is daar buit, gou is daar roof - Simboliese naam van Jeshajahu se seun.

JESHAJAHU 10

koning en hul Elohim vloek en na bo kyk.
²² En hulle sal na die aarde kyk, en daar benoudheid en duisternis sien! Hulle is in somberheid en donkerheid gedryf.

9 Maar daar is geen somberheid waar daar benoudheid is nie, soos Hy eerstens die land Zebulun en die land Naftali in verneder het, en daarna meer swaar verdruk deur die weg van die see, oorkant van die Jordaan, Galil van die heidene.

² Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien. Hulle wat in die land van die doodskaduwee woon, oor hulle het 'n lig geskyn.

³ U sal die nasie vermeerder. U sal hulle vreugde groot maak. Hulle sal voor U jubel soos iemand vrolik is in die oestyd, soos iemand juig wanneer die buit verdeel word.

⁴ Want die juk wat op hulle druk, en die stok wat hulle rug tref, die roede van hulle drywer, sal U afbreek soos op die dag van Midjan.

⁵ Want elke soldateskoen wat daar weg-stap met gedreun, en die kleed wat in bloed gerol is, sal verbrand word, brandstof vir die vuur.

⁶ Want 'n kind is vir ons gebore, 'n seun is aan ons gegee, en die bewind is op sy skouer. En sy naam sal genoem word Joëts-Ël-Gibor-Abi-Ad-Sar-Shalom^e.

⁷ Van die vermeerdering van sy bewind en vrede is daar geen einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk,^f om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van יהוה van die leërskaarsal dit doen.

⁸ יהוה het 'n woord teen Jaakob gestuur, en dit het op Jisra'ël geval.

⁹ En die hele volk sal dit weet, Efrajim en die inwoners van Shomaron, wat in trotsheid en grootsheid van hart sê:

¹⁰ "Die bakstene het geval, maar met

gekapte klip sal ons herbou, die wilde-vyebome is afgekap, maar ons sal hulle met seders vervang!"

¹¹ En יהוה stel die teëstanders van Retsin teen hulle op, en hulle vyande sal Hy ophits:

¹² Aram van voor en die Palishtim van agter. En hulle eet Jisra'ël met volle mond op. Met dit alles is Sy toorn nie weggedraai nie, en Sy hand is nog uitgestrek.

¹³ En die volk het hulle nie na Hom wat hulle slaan terug gekeer nie, en hulle soek nie יהוה van die leërskaarsal nie.

¹⁴ Daarom sny יהוה die kop en stert van Jisra'ël af, palmtak en riet, op een dag.

¹⁵ Die oudste en aansienlike, hy is die kop, en die profeet wat leuens leer, hy is die stert.

¹⁶ Want die leiers van hierdie volk verlei, en dié wat deur hulle gelei word, word ingesluk.

¹⁷ Daarom sal יהוה nie oor hulle jongmans bly wees nie en Hom nie ontferm oor hulle vaderloses en hulle weduwees nie. Want hulle is almal besmet en boos, en elke mond praat gekheid. Met dit alles is Sy toorn nie weggedraai nie, en Sy hand is nog uitgestrek.

¹⁸ Want die boosheid brand soos vuur, dit verteer dorings en distels en steek die digte bosse van die woud aan die brand, sodat hulle in 'n rookpilaar opstyg.

¹⁹ Deur die grimmigheid van יהוה van die leërskaarsal die land in vlamme staan en die volk soos brandstof vir die vuur word. Die een sal nie sy broer spaar nie,

²⁰ En na regs afsny, maar sal honger wees; hulle vreet na links en word nie versadig nie; hulle eet elkeen die vleis van sy eie arm:

²¹ Manashshe vir Efrajim, en Efrajim vir Manashshe, en hulle saam is teen Jahuda. Met dit alles is Sy toorn nie weggedraai nie, en Sy hand is nog uitgestrek.

10 "Wee hulle wat ongeregtige wette wet maak, en die skrywers wat moeie voorskryf,

^e Wonderbare Raadgewer is die Magtige Ël, die Ewige Vader, die Regeerder van Vrede.

^f Sien 16:5; Teh 2; 45:6; Mig 5:2.

JESHAJAHU 10

² om die armes van die regbank weg te stoot en om die ellendiges onder My volk van wat reg is te beroof, sodat die weduwees hulle buit kan word en hulle die vaderloses kan plunder.

³ "Maar wat sal julle doen op die dag van besoeking en in die verwoesting wat van ver af sal kom? Na wie sal julle vlug om hulp? En waar sal julle jul rykdom laat?

⁴ "Hulle sal sekerlik buig onder die gevangenes en val onder die wat gedood is. Met dit alles is Sy toorn nie weggedraai nie, en Sy hand is nog uitgestrek.

⁵ "Wee Ashshur! Die roede van My toorn en hy is die stok in hulle hand van My grimmigheid!

⁶ "Ek stuur hom teen 'n besmette nasie, en Ek beveel hom teen die volk van My grimmigheid, om buit te stroop en roof in te samel en om hulle te vertrap soos modder van die strate.

⁷ "Maar hy bedoel dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie, maar om te verdelg, is in sy hart, en om nasies uit te roei, nie min nie.

⁸ "Want hy sê: 'Is my vorste nie almal saam konings nie?

⁹ 'Is Kalno nie soos Karkemish nie? Is Hamat nie soos Arpad nie? Is Shomaron nie soos Damesek nie?

¹⁰ 'Soos my hand die koninkryke van die idole bereik het, wie se gesnede beelde meer was as die van Jarushalajim en Shomaron,

¹¹ soos ek aan Shomaron en sy idole gedoen het, sal ek nie net so aan Jarushalajim en sy idole kan doen nie?'

¹² "En dit sal gebeur wanneer יהוה al Sy werk op die berg Tsjion en in Jarushalajim voltooi het, dan sal Ek die vrug van die grootsheid van die hart van Ashshur se koning en die gespog van sy hoogmoedige oë besoek.

¹³ "Want hy het gesê: 'Deur die krag van my hand het ek dit gedoen en deur my wysheid, want ek is verstandig. En die grense van die volke het ek verwyder, en hulle voorrade het ek geplunder. En die wat sit, het ek soos 'n maghebber

neergegooi.

¹⁴ 'En my hand het na die rykdom van die volke gegryp soos na 'n nes. En ek het die hele aarde bymekaargeskraap soos eiers bymekaargeskraap word wat verlaat is. En daar was niemand wat 'n vlerk verroer of 'n mond oopgemaak of geiep het nie.'

¹⁵ Kan die byl spog teenoor die wat daarmee kap, of die saag homself verhef teen hom wat dit trek? Asof 'n staf hulle swaai wat hom ophef! Asof 'n stok hóm ophef wat nie hout is nie!

¹⁶ Daarom sal die Meester יהוה van die leërske tussen Sy vettes 'n maerte stuur. En tussen sy aansien sal Hy 'n brand laat uitslaan soos die brand van vuur.

¹⁷ En die lig van Jisra'ël sal 'n vuur wees, en sy Afgesonderde 'n vlam. En dit sal sy distels en sy dorings op een dag verbrand en verteer.

¹⁸ En hy sal die aansien van sy woud en van sy vrugteboord verteer, van die lewe tot die vlees. En dit is soos wanneer 'n sieke wegwyn.

¹⁹ En die oorblyfwende bome van sy woud sal min in getal wees, dat 'n seun hulle sal kan opskryf.

²⁰ En in daardie dag sal die oorblyfsel van Jisra'ël en die wat ontsnap het van die huis van Jaakob, nie meer voortgaan om te steun op hom wat hulle verslaan het nie, maar hulle sal steun op יהוה, die afgesonderde van Jisra'ël, in waarheid.

²¹ Die oorblyfsel sal terugkeer, die oorblyfsel van Jaakob na die Magtige Ël.

²² Want al was jou volk, Jisra'ël, soos die sand van die see, net 'n oorblyfsel van hulle sal terugkeer – 'n besliste verdelging en vloei oor van geregtigheid.

²³ Want 'n besliste verdelging, sal die Meester יהוה van die leërske voltrek in die midde van die hele aarde.

²⁴ Daarom, so sê Meester יהוה van die leërske: "My volk wat in Tsjion woon, wees nie bevrees vir Ashshur wat jou met die staf slaan en sy stok teen jou oplig op die manier van Mitsrajim nie.

JESHAJAHU 11

²⁵ "Want nog 'n baie kort rukkie, dan is die grimmigheid ten einde, en My toorn is tot hulle vernietiging."

²⁶ En יהוה van die leërskaars sal oor hom die gésel swaai soos Midjan verslaan is by die rots Oréḇ. En Sy staf sal oor die see wees, en Hy sal dit ophef op die manier van Mitsrajim.

²⁷ En in daardie dag sal sy las van jou skouer afgly en sy juk van jou nek, en die juk sal vernietig word vanweë die oliesalwing.

²⁸ Hy het Ajat oorval, hy het deur Migron getrek. In Migmas het hy sy pakgoed laat agterbly.

²⁹ Hulle het oor die nek getrek. Hulle het in Geba die nag gebly! Rama bewe *van vrees*, Gib'a van Sha'ul het gevlug.

³⁰ Verhef jou stem, dogter van Gallim! Luister, Lajisha! Arme Anatot!

³¹ Madměna het gevlug, die inwoners van Gěḇim soek skuiling!

³² Tog het hy dié dag in Nob gebly, hy swaai sy hand teen die berg van die dogter van Tsijon, teen die heuwel van Jarushalajim!

³³ Kyk, Meester יהוה van die leërskaars slaan met skrikwekkende geweld 'n tak af, en die hoë word afgekapt en die verhevenes neergegooi.

³⁴ En Hy sal die digte takke van die woud met yster afkap, en die Lebānon sal val soos 'n magtige!

11 En 'n takkie sal uit die stomp van Jishai voortkom, en 'n spruit uit sy wortels sal vrugte dra.

² En die Gees van יהוה sal op hom rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en mag, die Gees van kennis en van die vrees van יהוה,

³ en sal maak dat hy asemhaal in die vrees van יהוה. En hy sal nie oordeel volgens wat sy oë sien nie, en nie beslis volgens wat sy ore hoor nie.

⁴ Maar hy sal in geregtigheid die armes oordeel en die vir sagmoediges van die aarde met opregtheid beslis, en hy sal die aarde slaan met die roede van Sy mond en met die asem van sy lippe die

bose doodmaak.

⁵ En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en standvastigheid die gordel van sy heupe wees.

⁶ En die wolf sal by die lam bly, en die luiperd by die bokkie gaan lê, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle lei.

⁷ En koei en beer sal wei, en hulle kleintjies bymekaar lê, en 'n leeu eet strooi soos 'n os.

⁸ En die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand in die kuil van 'n *giftige* slang.

⁹ Hulle sal geen kwaad doen of vernietig op My hele afgesonderde berg nie, want die aarde sal vol wees van die kennis van יהוה soos die waters die see bedek.^g

¹⁰ En in daardie dag sal daar 'n wortel van Jishai wees, wat daar staan as 'n banier van die volke. Die heidene^h sal na Hom soek en sy rus sal aansien wees.

¹¹ En in daardie dag sal יהוה weer vir die tweede keer Sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van Sy volk los te koop wat sal oorbly uit Ashshur en Mitsrajim en Patros en Kush en Ēlam en Shin'ar en Hamat en uit die eilande van die see.

¹² En Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en die verstotenes van Jisra'el bymekaar laat kom, en die verstrooides van Jahuda versamel, uit die vier hoeke van die aarde.

¹³ En die afguns van Efrajim sal verdwyn, en die teëstanders van Jahuda sal afgesny word. Efrajim sal Jahuda nie beny nie, en Jahuda sal Efrajim nie benoud maak nie.

¹⁴ Maar hulle sal tot op skouers van die Palisitim vlieg in die weste, en saam die kinders van die Ooste plunder. Hulle hand strek uit op Edom en Moab, en die kinders van Ammon is hulle onderdanig.

¹⁵ En יהוה sal die tong van die See van Mitsrajim vernietig en Hy sal Sy hand

^g Hab 2:14

^h Of nasies

JESHAJAHU 13

oor die rivier swaai en dit met die mag van Sy Gees uitmekaar slaan in sewe strome, sodat 'n mens met skoene daardeur kan loop.

¹⁶ En daar sal 'n grootpad wees vir die oorblyfsel van Sy volk wat oorbly uit Ashshur, soos daar een was vir Jisra'el op die dag toe hulle uit die land Mitsrajim opgetrek het.

12 En in daardie dag sal jy sê: "Ek dank U, יהוה, dat U toornig op my was, U toorn het omgedraai, en U het my vertrous.

² Kyk, Ël is my verlossing, ek vertrou en nie vrees nie. want Jah יהוה is my krag en my lied, en Hy het my verlossing geword."¹

³ En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van verlossing.

⁴ En julle sal in daardie dag sê: "Prys יהוה, roep Sy Naam aan, maak Sy dade tussen die volke bekend, verkondig dat Sy Naam hoog is!

⁵ "Sing tot יהוה, want Hy het uitstekende dinge gedoen. Laat dit bekend wees op die hele aarde.

⁶ "Juig en jubel, inwoners van Tsjion! Want groot is die Afgesonderde van Jisra'el in julle midde!"¹

13 Boodskap oor Babel wat Jeshajahu, die seun van Amots, gesien het.

² "Hef op 'n banier op 'n kaal berg, verhef jou stem na hulle, waai jou hand, dat hulle kan inkom deur die poorte van die edeles.

³ "Ek het My afgesonderdes beveel. Ek het ook My helde vir My toorn geroep, My trotse jubelendes."

⁴ Die geluid van 'n skare op die berge soos van baie mense! Die geluid van 'n rumoer van die heidense koninkryke, bymekaar! יהוה van die leërske versamel 'n leër vir die oorlog.

⁵ Hulle kom uit 'n ver land, van die einde van die hemel af, יהוה en die wapens van

Sy grimmigheid, om die hele aarde te vernietig.

⁶ Hui! julle, want die dag van יהוה is naby! Dit kom as 'n vernietiging van die Almagtige.

⁷ Daarom word al die hande slap, en elke man se hart versmelt,

⁸ en hulle is bevrees. Krampe en smarte gryp hulle, hulle krimp ineen soos 'n vrou wat kraam; hulle is verdwaas, die een oor die ander; gesigte van vlamme is hul gesigte.

⁹ Kyk, die dag van יהוה kom, verskriklik, met grimmigheid en toorn gloed, om die aarde verlate te maak en sy sondaars daaruit te verdag.

¹⁰ Want die sterre van die hemel en sy sterrebeelde sal nie hulle lig gee nie. Die son sal donker wees met sy opgang, en die maan laat sy lig nie skyn nie.

¹¹ "En Ek sal die wêreld oor sy boosheid straf, en die bose oor hulle ongereg-tigheid, en Ek sal die arrogansie van die trotsaards laat ophou en die hoogmoed van magtiges verneder.

¹² "En Ek sal sterweling skarser maak as fyn goud, en mense as goud van Ofir.

¹³ "Daarom sal Ek die hemel laat sidder, en die aarde sal uit sy plek skud, in die grimmigheid van יהוה van die leërske en in die dag van Sy toorn gloed.

¹⁴ "En dit sal wees soos 'n gemsbok wat gejaag word, en soos kleinvee wat niemand bymekaar maak nie – hulle sal elkeen na sy volk draai en elkeen na sy land vlug.

¹⁵ "Elkeen wat gevind word, word deurboor, en elkeen wat gegryp word, val deur die swaard.

¹⁶ "En hulle kinders word voor hul oë verpletter, hul huise geplunder en hul vrouens verkrag.

¹⁷ "Kyk, Ek werwek die Madaï teen hulle, wat silwer nie ag nie en in goud geen behae het nie.

¹⁸ "En hulle boë sal die seuns neerwerp, en hulle sal hul nie ontferm oor die vrug van die moederskoot nie, hulle oog sal die kinders nie verskoon nie.

¹ Sien Shem 15:2; Teh 118:14.

¹ Sag 8:3

¹⁹ "En Babel, die sieraad van die koninkryke, die trotse pronkstuk van die Kasdim, sal wees soos toe Elohim Sedom en Amorra omgekeer het.

²⁰ "Mense sal daar in ewigheid nie woon nie, en dit sal van geslag tot geslag nie bewoon word nie; en die Arabier sal daar geen tent opslaan nie, en geen herders sal hulle vee daar laat lê en rus nie.

²¹ "Maar daar sal wilde diere lê, en hulle huise sal vol uile wees. En volstruise sal daar bly, en wilde bokke daar rondspring.

²² "En wildehonde sal huil in sy kastele en jakkalse in die vreugdepaleise. En sy tyd is naby om te kom, en sy dae sal nie verskuif word nie."

14 Want יהוה het medelye oor Jaäkob, en Hy sal Jisra'ël^k steeds kies en hulle in hul land laat vestig. En vreemdelinge sal by hulle aansluit, en hulle sal die die huis van Jaäkob aankleef.^l

² En die volke sal hulle neem en na hul eie plek bring. En die huis van Jisra'ël sal hulle erf in die land van יהוה, as dienaars en dienaresses. En hulle sal gevangenes maak van die wat hulle as gevangenes weggevoer het, en oor hulle verdrukkers regeer.

³ En dit sal wees op die dag wanneer יהוה jou rus gee van jou smart en van jou onrus en van die harde diens waarmee hulle jou laat dien het,

⁴ dat jy hierdie spreuk sal aanhef oor die koning van Babel en sê: "Hoe het die verdrukker opgehou, die goudversamelaar het opgehou!

⁵ "יהוה het die staf van die bose verbreek, die septer van die regeerders.

⁶ "Hy wat die volke verwoes het in grimmigheid met onophoudelike slae, wat in toorn oor die nasies regeer het, word agtervolg sonder perke.

⁷ "Die hele aarde rus, is stil, hulle breek uit in jubeling.

⁸ "Selfs die sipresse is bly oor jou, die

seders van Lebanon, en hulle sê: 'Sedert jy daar lê, het geen houtkapper teen on opgekóm nie.'

⁹ "Sheöl daaronder sidder oor jou, om jou met jou koms te ontmoet; dit wek die dooies vir jou op, al die leiers van die aarde; dit laat al die konings van die heidene van hulle trone opstaan.

¹⁰ "Almal van hulle praat en sê vir jou: 'Het jy ook kragteloos geword soos ons? Het jy soos ons geword?

¹¹ 'Jou trots is in Sheöl neergegooi, die klank van jou liere; onder jou is wurms gesprei, en maaiers is jou bedekking.'

¹² Hoe het jy uit die hemel geval, o Hêlël, seun van die dagbreek! Jy is teen die grond afgesny, verwoester van die heidene!

¹³ "En jy het in jou hart gesê: 'Ek sal in die hemel opgaan, my troon bo die sterre van Elohim verhef en op die berg van samekoms sit in die uithoeke van die Noorde.

¹⁴ 'Ek sal bo die hoogtes van die wolke opgaan, ek sal soos die Allerhoogste wees!

¹⁵ "Maar jy sal in Sheöl neergegooi word, in die diepste plekke van die kuil!

¹⁶ "Die wat jou sien, staar na jou, hulle peins oor jou en sê: 'Is dit die man wat die aarde laat sidder het, koninkryke geskud het?

¹⁷ 'Die wêreld soos 'n woestyn gemaak en sy stede verwoes het, wat nie die huis sy gevangenes opgemaak het nie?'

¹⁸ "Al die konings van die heidene, hulle almal rus met agting, elkeen in sy huis;

¹⁹ maar jy is van jou graf gegooi, soos 'n afskuwelike tak, soos die klere van die wat verslaan is, wat deurboor is met die swaard, wat neerdaal na die klippe van die kuil soos 'n vertrapte lyk.

²⁰ "Jy word nie met hulle in die graf verenig nie, want jy het jou land verwoes, jou volk doodgemaak. Die saad van die kwaaddoeners word vir ewig nie genoem nie.

²¹ "Maak gereed om sy seuns te slag, weens die ongeregtheid van hulle

^k Sien 45:17; Jirm 30:11; 46:28; Dan 2:44; Amos 9:8; Zek 1:16-17; 2:10-12; Jo'ël 3:16.

^l Sien 56:6-8; 60:3; Amos 9:12; Zek 2:1; 8:23.

JESHAJAHU 16

vaders, dat hulle nie opstaan en die aarde in besit neem en die gesig van die wêreld vol stede maak nie.

²² "En Ek sal teen hulle opstaan," sê יהוה van die leërskaare, "en van Babel die naam en die oorblyfsel, kroos en nageslag afsny," sê יהוה.

²³ "En Ek sal dit 'n besitting maak van krimpvarkies en moddermoerasse. En Ek sal dit weggee met die besem van vernietiging," sê יהוה van die leërskaare.

²⁴ יהוה van die leërskaare het gesweer en gesê: "Waarlik, soos Ek gedink het, so sal dit wees; en soos Ek besluit het, kom dit tot stand:

²⁵ "Om Ashshur in My land te breek, en op My berge sal Ek hom vertrap, sodat sy juk van hulle kan weggaan en sy las van hulle skouer kan weggaan.

²⁶ Dit is die besluit wat "besluit is vir die hele aarde, en dit is die hand wat uitgestrek is oor al die nasies.

²⁷ "Want יהוה van die leërskaare het dit besluit - wie kan dit verbreek? En Sy hand is uitgestrek - wie sal dit kan omdraai?"

²⁸ In die jaar van koning Aħaz se dood het hierdie boodskap uitgegaan:

²⁹ "Moenie bly wees nie, hele Paleshet,"^m dat die roede verbreek is wat jou geslaan het nie; want uit die wortel van die slang sal 'n adder voortkom, en sy vrug sal 'n vlieënde draak wees.

³⁰ En die eersgeborenes van die armes sal wei, en die behoeftiges sal in veiligheid lê. En Ek sal jou wortel deur honger doodmaak, en dit sal jou oorblyfsel slag.

³¹ "Huil, poort! Skreeu, stad! Smelt weg hele Paleshet! Want uit die noorde kom rook, en daar is geen vreemdeling in sy geleedere nie."

³² En wat sal hulle die boodskappers van die nasie antwoord? "Dat יהוה Tsijon gevestig het, en dat die ellendiges van Sy volk daarin sal skuil."

15 Boodskap oor Moab. Waarlik, Ar-Moab is in die nag verwoes, stil gemaak!

^m Filistia of Palestina

Waarlik, Kir-Moab is in die nag verwoes, stil gemaak!

² Hulle gaan op na die huis en Dibon, na die hoogtes om te huil. Moab huil oor Nebo en oor Mēdēba; op al hulle koppe is kaalheid, elke baard is afgeskeer.

³ Op hul strate sal hulle rouklere aangord; op hulle dakke en op hulle pleine huil almal, ergerlike geween.

⁴ En Heshbon en El'alē skreeu, hulle stem word gehoor tot in Jahats. Daarom skreeu die gewapende mans van Moab, sy wese sidder.

⁵ My hart is vir Moab, sy vlugtelinge skreeu tot Tsoar soos 'n drie jaar oue verskalf. Want hulle gaan die hoogte van Luhit op met geween; want, op pad na Ĥoronājim laat hulle 'n geskreeu van verwoesting weerklink.

⁶ Want die waters van Nimrim word verlate, want die gras het verdor, die grasspruitjies het vergaan, daar is geen groenigheid nie.

⁷ Daarom gaan hulle die rykdom wat hulle gemaak, en opgegaan het, oor die Wilgerspruit dra.

⁸ Want die geskreeu het in die grondgebied van Moab rondgegaan, sy gehuil tot by Eglajim en sy gehuil tot by Be'ēr-Ēlim.

⁹ "Want die waters van Dibon sal vol bloed word; want Ek sal nog meer oor Dibon bring, 'n leeu oor dié wat van Moab ontsnap het, en oor die oorblyfsel van die land."

16 Stuur 'n lam aan die regeerder van die land, van Sela na die woestyn, na die berg van die dogter van Tsijon.

² En dit sal wees soos 'n swerwende voël, 'n nes wat verjaag is, so is die dogters van Moab by die driewe van die Arnon.

³ "Gee raad, gee beslissing, maak jou skaduwee soos die nag op die volle middag, verberg die verstoteling, moenie die vlugteling verrai nie!

⁴ "Laat My verstoteling by jou bly! Moab. Wees vir hulle 'n skuilplek weens die verwoester. Want die verdrukker het verdwyn, die verwoesting het opgehou,

weg is die vertrappers uit die land!

⁵ “En die troon is deur goedgunstigheid opperig, en daarop sit Een in getrouheid in Dawid se Tent, ’n regter wat die reg soek en gou is in geregtigheid.”

⁶ Ons het gehoor van die trots van Moab - baie trots! - van sy hoogmoed en sy trots en sy grimmigheid. Sy grootpraterij is leuens.

⁷ Daarom sal Moab oor Moab huil, almal huil. Oor die fondasies van Kir-Harésset sal julle sug, heeltemal verslaan

⁸ Want die landerye van Heshbon het gekwyn – die wingerdstok van Sibma. Die meesters van die heidene het die keur van sy plante platgeslaan tot by Ja’sër gestrek het, en dit het in die woestyn gedwaal. Sy ranke het uitgesprei, hulle het oor die see gegaan.

⁹ Daarom beweën ek die wingerdstok van Sibma met die geweën van Ja’sër, ek maak jou nat met my trane, Heshbon en El’alë, omdat die vreugdegeroep jou somervrugte en jou oes oorval het.

¹⁰ Blydschap en vreugde is weggenem uit die vrugteboord, en in die wingerde sal nie gejubel of gejuig word nie. Die druiwetrapper trap geen wyn in die parskuipe nie; Ek het die vreugdegeroep laat ophou.

¹¹ Daarom klink my ingewande oor Moab soos ’n siter, en my binneste oor Kir-Heres.

¹² En dit sal wees wanneer Moab verskyn, en hy hom vermoei op die hoogte en in sy afgesonderde plek ingaan om te aanbid, dan sal hy niks uitrig nie.

¹³ Dit is die woord wat יהוה tevore teen Moab gesê het.

¹⁴ En nou praat יהוה in sê: “Binne drie jaar, soos die jare van ’n dagloner, sal die aansien van Moab verag word saam met die hele groot menigte; en die oorblyfsel sal min, gering, swak wees.”

17 Boodschap oor Damesek. “Kyk, Damesek word weggenem, dit is geen stad meer nie, maar dit sal ’n vervalde puinhoop word.

² “Die stede Aro’ër sal verlate wees, hulle

sal vir die troppe vee wees wat daar sal lê sonder dat iemand hulle skrikmaak.

³ “En die vesting sal uit Efrajim verdwyn, en die koningskap uit Damesek, en met die oorblyfsel van Aram sal dit wees soos met die aansien van die kinders van Jisra’ël,” sê יהוה van die leërskaare.

⁴ “En in dié dag sal die aansien van Jaakob gering word, en die vet van sy vlees sal wegteer.

⁵ “En dit sal wees soos wanneer die een wat oes die ongesnyde graan byme-kaarvat en sy arm die are afoes. En, dit sal wees soos wanneer iemand are optel in die Vallei Refaim.

⁶ “Tog sal ’n oorblyfsel daarin oorbly soos wanneer die olywe afgeslaan word, twee, drie olywe bo in die top, vier, vyf in die vrugbaarste takke,” sê יהוה, die Elohim van Jisra’ël.

⁷ In dié dag sal die mens kyk na sy Maker, en sy oë sal draai na die Afgesonderde van Jisra’ël.

⁸ En hy sal nie na die altare kyk, die werk van sy hande nie, en hy sal nie sien wat sy vingers gemaak het nie, of die Ashërim en die sonpilare.

⁹ In dié dag sal sy sterk stede word soos ’n verlate woud en ’n bergtop wat verlaat is weens die kinders van Jisra’ël. En dit sal ’n wildernis wees.

¹⁰ Want jy het die Elohim van jou verlossing vergeet en nie gedink aan die Rots wat jou vesting was nie. Daarom plant jy lieflike plante en plant uitheemse saailinge;

¹¹ in die dag, laat jy jou plant groei, en in die môre laat jy jou saad uitspruit – maar op die dag van die oes sal dit ’n hoop smart en ongeneeslike pyn wees.

¹² Wee die rumoer van baie volke - soos die rumoer van die see, en die gedruis van nasies - soos die gedruis van geweldige waters,

¹³ nasies maak gedruis soos die gedruis van baie waters. Maar Hy berispe hulle, en hulle sal ver wegvlug en soos kaf gejaag word van die berge voor die wind en soos strooi voor die stormwind.

JESHAJAHU 19

¹⁴ In die aand, kyk! Verskrikking! Voordat dit môre word, is hulle nie meer nie. Dit is die deel van hulle wat ons plunder, en die lot van hulle wat ons beroof.

18 Wee die land oorskadu met gonsende vlerke wat anderkant die riviere van Kush is,

² wat gesante oor die see stuur, selfs in skuite van biesies oor die waters! Gaan, vinnige boodskappers, na 'n nasie lank en glad, na 'n gevreesde volk van hul begin tot nou, 'n nasie magtig en wat vertrap, wie se land deur riviere deursny word.

³ Al julle bewoners van die wêreld en julle wat op die aarde bly: Wanneer 'n banier opgehef word op die berge, kyk! En wanneer die ramshoring geblaas word, luister!

⁴ Want so het יהוה vir my gesê: "Ek is rustig en kyk uit My woonplek, soos glinsterende hitte bo die sonlig, soos 'n douwolk in die hitte van die oestyd."

⁵ Want voor die oes, wanneer die bloeisel volgroeid is en suur druif in die blom ryp word, sal Hy die lote afsny met snoei-messe en die ranke wegkap.

⁶ Hulle word almal saam oorgelaat aan die roofvoëls van die berge en aan die wilde diere van die aarde. En die roofvoëls sal die somer daarop deurbring, en al die wilde diere van die aarde sal daarop oorwinter.

⁷ In dié tyd sal aan יהוה van die leërskaare 'n geskenk gebring word van 'n volk lank en glad, 'n gevreesde volk van hul begin tot nou, 'n nasie magtig en wat vertrap, wie se land deur riviere deursny word, na die plek van die Naam van יהוה van die leërskaare, na die berg Tsjion.

19 Boodskap oor Mitsrajim. Kyk, יהוה ry op 'n vinnige wolk en sal in Mitsrajim kom. En die idole van Mitsrajim bewe voor Sy aangesig, en die hart van Mitsrajim smelt in sy binneste.

² "En Ek sal Mitsrajim teen Mitsrajim ophits, sodat hulle sal veg, elkeen teen sy broer en elkeen teen sy naaste, stad teen stad, koninkryk teen koninkryk.

³ "En die gees van Mitsrajim sal uit sy binneste verdwyn, en hul planne sal Ek vrydel. En hulle sal die idole en die besweerders en die mediums en die towenaars.

⁴ "En Ek sal Mitsrajim oorgee in die hand van 'n harde meester, en 'n streng koning sal oor hulle regeer," sê Meester יהוה van die leërskaare.

⁵ En die waters sal van die see sal opdroog, en die rivier sal opdroog en verlate lê.

⁶ En die riviere sal stink. Die strome van Mitsrajim sal swak word en opdroog. Riete en biesies sal verdroog.

⁷ Die oop velde by die rivier, by die mond van die rivier, en elke saailand van die rivier sal verdor, verdryf word en nie meer wees nie.

⁸ En die vissers sal treur, en almal wat hoeke in die rivier uitgooi, rou bedryf, en die wat visnette uitsprei oor die waters, sal wegwyn.

⁹ En die verwerkers van fyn linne, en die wewers van wit stowwe staan beskaamd.

¹⁰ En sy fundamente sal verbrysel word, al die loon werkers, in wese bedroef.

¹¹ Die vorste van Tsoan is net dwase, die raad van Par'o se slims raadgewers het domheid geword. Hoe kan julle vir Par'o sê: "Ek is 'n seun van die wyses, 'n seun van die konings van ouds?"

¹² Waar is jou wyses dan? Laat hulle jou nou vertel, dat 'n mens kan weet wat יהוה van die leërskaare oor Mitsrajim besluit het.

¹³ Die vorste van Tsoan het dwase geword, die vorste van Nof is bedrieg. Mitsrajim is op 'n dwaalweg gebring deur hulle, die hoeksteen van die stamme.

¹⁴ יהוה het daarin 'n verdraaide gees gemeng. En Mitsrajim is tot struikeling gelei in al sy werk, soos 'n dronkaard struikel in sy braaksel.

¹⁵ En daar is vir Mitsrajim geen werk wat gedoen word deur kop of stert, palmtak of biesie nie.

¹⁶ In dié dag sal die Mitsrim soos vrouens wees en hulle sal bewe en vrees vir die

handgeswaai van יהוה van die leërskaare wat Hy teen hulle swaai.

¹⁷ En die land Jahuda sal vir die Mitsrim 'n vrees wees, elkeen wat daarvan melding maak sal by homself vrees weens die besluit van יהוה van die leërskaare wat Hy teen hulle besluit het.

¹⁸ In dié dag sal vyf stede in die land Mitsrajim die taal van Kanaän praat en by יהוה van die leërskaare sweer, een sal genoem word Stad van Verwoesting.

¹⁹ In dié dag sal daar 'n altaar wees vir יהוה binne-in die land Mitsrajim en 'n pilaar vir יהוה by die grens.

²⁰ En dit sal 'n teken en 'n getuie wees vir יהוה van die leërskaare in die land Mitsrajim. Wanneer hulle יהוה aanroep weens die verdrukters, sal Hy aan hulle 'n Verlosser en 'n stryder wat hulle sal verlos.

²¹ En יהוה sal bekend wees in Mitsrajim, en die Mitsrim sal יהוה ken in dié dag, en hulle sal slagoffers en graanoffers bring en geloftes aan יהוה doen en dit betaal.

²² En יהוה sal Mitsrajim slaan, slaan en genees. En hulle sal na יהוה terug draai, en Hy sal hulle hoor en hulle genees.

²³ In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Mitsrajim na Ashshur, en Ashshur sal in Mitsrajim kom en Mitsrajim in Ashshur; en Mitsrajim sal saam met Ashshur יהוה dien.

²⁴ In dié dag sal Jisra'ël die derde wees naas Mitsrajim en Ashshur, 'n seën in die midde van die aarde,

²⁵ omdat יהוה van die leërskaare hom geseën het, en gesê: "Geseënd is My volk Mitsrajim en die werk van My hande Ashshur en My erfenis Jisra'ël!"

20 In die jaar toe Tartan na Ashdod gekom het, toe Sargon, die koning van Ashshur, hom gestuur het, en hy teen Ashdod geveg en dit ingeneem het,

² in dieselfde tyd het יהוה deur die diens van Jeshajahu, die seun van Amots, gepraat en gesê: "Gaan, maak die sakklere van jou heupe af los, en trek jou sandale van jou voete af." Hy het toe so gedoen en naak en kaalvoet geloop.

³ En יהוה het gesê: "Soos my dienaar Jeshajahu naak en kaalvoet geloop het, drie jaar lank, as teken en wonder met betrekking tot Mitsrajim en Kush,

⁴ so sal die koning van Ashshur die gevangenes van Mitsrajim en die ballinge van Kush weglei, jonk en oud, naak en kaalvoet en ontbloot aan die sitvlak - 'n skande vir Mitsrajim.

⁵ "En hulle sal verbouereerd en beskaamd wees weens Kush, hul verwagting, en weens Mitsrajim, hulle trots.

⁶ "En die inwoners van hierdie kusland sal in dié dag sê: 'Kyk, só gaan dit met ons verwagting waarheen ons gevlug het om hulp, om verlos te word van die koning van Ashshur. En hoe sal óns dan ontsnap?'"

21 Boodskap oor die Woestyn van die See. Soos stormwinde in die Suidland deurtrek, kom dit uit die woestyn, uit 'n vreeslike land!

² 'n Ergerlike visioen is aan my gewys: Die bedrieër handel bedrieglik, en die verwoester verwoes. Trek op, Ëlam! Beleër, Madai! Aan alle gesug maak Ek 'n einde.

³ Daarom is my heupe vol pyn, smart het my aangegryp soos die smart van een wat kraam. Ek het krom gebuig toe ek dit gehoor het; ek was verskrik, toe ek dit gesien het.

⁴ My hart het gekommel, angs het my oorval; die skemering wat ek begeer het, het 'n verskrikking geword.

⁵ Maak die tafel gereed, spreid die tapyt, eet, drink. Staand op, o vorste, salf die skild!

⁶ Want so het die Meester vir my gesê: "Gaan, plaas 'n wag, laat hom vertel wat hy sien."

⁷ En hy het 'n wa en ruiters, twee aan twee, 'n wa met donkies, en 'n wa met kamele gesien, en hy het aandagtig geluister, baie aandagtig.

⁸ Toe het hy geroep: "n Gesig op die wagtoring, my Meester! Ek staan voortdurend in die dag op my wagpos en ek is orient al die nagte.

⁹ "En kyk, daar kom 'n wa mans, ruiters

JESHAJAHU 22

twee aan twee." Toe het hy geroep en gesê: "Geval, geval het Babel, en hulle het al die gesnede beelde van haar idole teen die grond verbrysel."

¹⁰ My vertrapte volk op die dosrvloer! Wat ek van יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'el, gehoor het, het ek aan julle bekend gemaak.

¹¹ Boodskap oor Duma. Hy roep na my vanaf Sêir: "Wagter, hoe ver is dit in die nag? Wagter, hoe ver in die nag?"

¹² Die wagter het gesê: Die môre kom, en ook die nag. Wil julle vra, vra. Kom, keer terug!"

¹³ Boodskap teen Arabië. In die woud in Arabië moet julle oornag, karavane van die Dedaniete!

¹⁴ Die inwoners van die land Tëma het water gebring vir die dorstige, die vlugteling met brood ontmoet.

¹⁵ Want hulle het gevlug vir swaarde, vir die swaard wat uitgetrek en vir die boog wat gespan is, en vir die druk van die oorlog.

¹⁶ Want so het die Meester vir my gesê: "Binne 'n jaar, soos die jaar van 'n dagloner, sal al die aansien van Këdar verdwyn.

¹⁷ "En wat oorbly van die getal boë van die helde van Këdar, sal min wees. Want יהוה, die Elohim van Jisra'el, het dit gesê."

22 Boodskap oor die Vallei van die visioen. Wat is dit met jou dat julle almal, op die dakke geklim het?

² 'n Opruiende, rumoerige, stad, 'n uitgelate vesting? Die wat in jou verslaan is, is nie deur die swaard verslaan dood in die oorlog nie.

³ Al jou regeerders het almal saam gevlug, sonder 'n boog is hulle gebind. Almal wat in jou gevind is, is saam gebind, hulle het ver gevlug.

⁴ Daarom het ek gesê: "Kyk weg van my, ek wil bitterlik huil. Moenie my probeer troos oor die verwoesting van die dogter van my volk nie."

⁵ want dit is 'n dag van oproer en vertrapping en verwarring deur Meester,

יהוה van die leërskaare, in die Vallei van die Gesig - omgooi van mure en geskreëu na die berg!

⁶ En Ēlam het die pylkoker geneem, met waens, mans, ruiters, en Kir het die schild ontbloot.

⁷ En dit sal gebeur dat jou beste valleie met strydwaens gevul word, en die ruiters sal posisie neem by die poort.

⁸ En Hy het die beskutting van Jahuda weggeneem. En in dié dag het jy na die wapens in die Huis van die Bos gekyk.

⁹ En julle het die skeure van die Stad van Dawid gesien, dat hulle baie is. En julle het die waters van die Onderste Dam opgevang.

¹⁰ En julle het die huise van Jarushalajim, getel en die huise het julle afgebreek om die muur te versterk.

¹¹ En julle het 'n dam tussen die twee mure vir die water van die ou dam gemaak. Maar julle het nie na die Maker gekyk nie, en Hom wat dit lankal gevorm het, het julle nie gesien nie.

¹² En in dié dag roep Meester, יהוה van die leërskaare, tot geweën en tot rouklag en tot kaalskering en tot omgording van die rouklere.

¹³ Maar kyk, vreugde en blydschap, beeste word doodgemaak en skape geslag, vleis geëet en wyn gedrink: "Laat ons eet en drink, want môre sterf ons!"

¹⁴ En יהוה van die leërskaare het Hom in my ore geopenbaar: "Waarlik, hierdie ongeregtheid sal nie versoen word tot julle sterf nie!" het Meester, יהוה van die leërskaare gesê.

¹⁵ So sê die Meester, יהוה van die leërskaare: "Kom, gaan in by daardie bestuurder, by Shebna, wat oor die paleis aangestel is, en sê:

¹⁶ 'Wat het jy hier, en wie het jy hier, dat jy vir jou 'n graf hier uitgekap het soos een wat in die hoogte sy graf uitkap, wat in die rots vir hom 'n rusplek uithol?"

¹⁷ 'Kyk, יהוה slinger jou weg, soos 'n man iets wegslinger, en jou goed vasvat,

¹⁸ jou vas inmekaar draai, jou soos 'n bal gooi na 'n land wat na alle kante toe wyd

JESHAJAHU 23

is. Daar sal jy sterf, en daar sal jou waens van aansien die skande van die huis van jou meester wees!

¹⁹ 'En Ek sal jou wegstoot uit jou pos, en uit jou plek sal Hy jou wegruk.

²⁰ 'En in dié dag sal Ek My dienaar Eljakim, die seun van Hilkijahu, roep.

²¹ 'En Ek sal hom jou klere aantrek en hom met jou gordel versterk, en jou mag sal Ek in sy hand lê. En hy sal vir die inwoners van Jarushalajim en vir die huis van Jahuda 'n vader wees.

²² 'En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê. En hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie.

²³ 'En Ek sal hom inslaan soos 'n pen in 'n vaste plek, en hy sal 'n troon van aansien wees vir die huis van sy vader.

²⁴ 'En hulle sal aan hom die hele gewig van die huis van sy vader hang, die spruite en die wilde lote, al die klein huisraad, van komme af tot allerhande kruike toe.

²⁵ 'In daardie dag, sê יהוה van die leërskaare, 'sal die pen padgee wat in 'n vaste plek ingeslaan is, dit word afgebreek en val, en die las wat daaraan gehang het, sal afgesny word. Want יהוה het gepraat.'"

23 Boodskap oor Tzor. Huil, skepe van Tarshish! Want dit is verwoes, sodat daar geen huis, geen terugkeer meer is nie. Uit die land van die Kittiers is dit aan hulle geopenbaar.

² Wees stil, inwoners van die kusland! Die koopmans van Tsidon wat oor die see vaar, het jou vroeër gevul.

³ En op groot waters die saad van Shigor, die oes van die rivier, is sy inkomste. En so het hy 'n mark vir die nasies geword.

⁴ Wees beskaamd, Tsidon, want die see het gepraat, die vesting van die see het gesê: "Ek het geen geboortepyne gehad en nie gebaar nie, en ek het geen jongmans grootgemaak of jongdogters opgevoed nie."

⁵ Soos die berig van Mitsrajim, sal hulle daar ook bedroef word met die berig

aangaande Tzor.

⁶ Vaar oor na Tarshish, huil, inwoners van die kusland!

⁷ Is dit julle uitgelate stad wat sy oorsprong in die dae van ouds het, wie se voete hom ver weggedra het om in vreemde lande te vertoef?

⁸ Wie het dit besluit oor Tzor, die kronende stad, wie se koopmans vorste, wie se handelaars die gerespekteerdes van die aarde is?

⁹ יהוה van die leërskaare het dit besluit, om al die pralende trots te skend, om die gerespekteerdes van die aarde te beskaam.

¹⁰ Stroom oor jou land soos 'n rivier, dogter van Tarshish! Daar is geen beperking meer nie.

¹¹ Hy het Sy hand uitgestrek oor die see, Hy het koninkryke laat sidder! יהוה het bevel gegee teen Kanaän, om sy vestings te verwoes.

¹² En Hy het gesê: "Jy sal nie meer uitgelate wees nie, o verdrukke jongvrou, dogter van Tsidon! Staan op, vaar oor na Kittim, ook daar sal jy geen rus hê nie."

¹³ Kyk, die land van die Kasdim - die volk het nie bestaan nie. Ashshur het dit gevestig vir die woestyndiere. Hy het sy wagtornings daarteen opgerig, die paleise daarvan verwoes, en dit 'n puinhoop gemaak.

¹⁴ Huil, skepe van Tarshish, want julle vesting is verwoes!

¹⁵ En in dié dag sal Tzor vergeet word, sewentig jaar lank, soos die dae van een koning. Aan die einde van sewentig jaar sal dit met Tzor gaan volgens die hoerelied:

¹⁶ "Neem die lier, gaan rond in die stad, vergete hoer! Speel mooi, sing baie liedere, dat hulle aan jou kan dink."

¹⁷ En aan die einde van sewentig jaar sal יהוה Tzor besoek. En sy sal terugkeer na haar betaling en hoereer met al die koninkryke van die aarde wat op die aardbodem is.

¹⁸ En haar wins en haar betaling sal aan יהוה afgesonderd wees, dit sal nie

JESHAJAHU 24

opgehoop of weggesit word nie, want haar wins sal wees vir die wat voor יהוה woon, om te eet tot versadiging en vir pragtige klere.

24 Kyk, יהוה maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners.

² En dit sal wees – soos met die volk so met die priester, soos met die slaaf so met sy meester, soos met die slavin so met haar meesteres, soos met die koper so met die verkoper, soos met die uitlener so met die lener, soos met die skuldeiser so met die skuldenaar.

³ Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder, want יהוה het hierdie woord gespreek.

⁴ Die aarde treur en verwelk, die wêreld verkwyn en verwelk, en die hoogmoedige mense van die aarde verkwyn.

⁵ Want die aarde is geskend onder sy bewoners, want hulle het die Torot^q oortree, die wet verander,^r die ewige verbond verbreek.^p

⁶ Daarom sal 'n vloek die aarde verteer en sy bewoners gestraf word. Daarom sal die bewoners van die aarde verbrand word en min mense sal oorbly.

⁷ Die nuwe wyn sal treur, die wingerdstok sal verwelk, almal wat bly van hart is, sal sug.

⁸ Die vreugde van die tamboeryne sal ophou, die gedruis van die jubellende mense sal ophou, die vreugde van die lier sal ophou!

⁹ Hulle drink nie meer wyn met gesang nie, die sterk drank smaak bitter vir die wat dit drink.

¹⁰ Die verlate stad sal verbreek word, al die huise staan toegesluit, sodat niemand inkom nie.

¹¹ Daar is 'n gesanik vir wyn op die strate; al die vrolikheid is verdonker, die vreugde van die aarde is verban.

¹² Die stad is in verwoesting gelaat, en die poort is stukkend geslaan.

¹³ Want so sal dit wees op die aarde, onder die volke, soos by die afskud van olywe, soos by die oorblyfsel wanneer die druiwe-oes verby is.

¹⁴ Hulle hef hul stem op, hulle sing oor die groothed van יהוה, hulle juigvan die see af.

¹⁵ Daarom, prys יהוה in die ooste, die Naam van יהוה, die Elohim van Jisra'el in die kuslande van die see!

¹⁶ Van die einde van die aarde af sal ons liedere hoor: "Prag aan die Regverdigde!" Maar ek sê: "Ek teer weg, ek teer weg, wee my! Die bedriër bedrieg, en met bedrog bedrieg die bedriër."

¹⁷ Vrees en die kuil en die strik is op jou, o bewoner van die aarde!

¹⁸ En hy wat vlug vir die geroep van vrees, val in die kuil, en hy wat uit die kuil klim, word in die strik gevang. Want die vensters uit die hoogte sal oopgaan, en die fondamente van die aarde bewe.

¹⁹ Die aarde sal geweldig vernietig word, die aarde sal geweldig verbreek word, die aarde sal geweldig geskud word.

²⁰ Die aarde sal geweldig waggel soos 'n dronkaard en heen en weer swaai soos 'n naghut. En sy oortreding sal swaar op hom wees, en hy sal val en nie weer opstaan nie.

²¹ En in dié dag sal יהוה die leërskaare van die hoogte in die hoogte en die konings van die aarde op die aarde straf.

²² En hulle sal bymekaar gemaak word soos gevangenes bymekaar gemaak word in 'n kuil en bewaar word in 'n tronk, maar ná baie dae sal hulle gestraf word.

²³ En die maan sal bloos, en die son sal skaam wees, want יהוה van die leërskaare sal regeer op die berg Tsjon en in Jarushalajim,^q en voor Sy oudstes in

^q Meervoud van Tora

^r Jirm 23:36

^p Sien 13:9,11; 26:21; 66:24; Mig 5:15;

Tsef 1:2-18

^q 12:6; 16:5; 46:13; 52:8; 59:20; Teh 102:16; Jeh 43:7-9; Jo'el 3:17 & 21; Mig 4:7-8; Tsef 3:14-17; Zeq 1:16-17; 2:10; 8:3-8; 14:1-11

JESHAJAHU 26

aansien wees.

25 יהוה, U is my Elohim! Ek sal U verhef, U Naam sal ek loof, want U het wonders gedoen – besluite van ouds, trou, waarheid.

² Want U het van 'n stad 'n hoop klippe gemaak, van 'n versterkte stad 'n puinhoop, 'n paleis van vreemdes, dat dit geen stad meer is nie – vir ewig sal dit nie herbou word nie.

³ Daarom sal 'n magtige volk U loof, die stad van magtige nasies U vrees.

⁴ Want U was 'n vesting vir die arme, 'n vesting vir die behoeftige in nood, 'n skuilplek teen die stortreën, 'n skaduwee teen die hitte. Want die geblaas van die magtiges is soos 'n stortreën teen 'n muur.

⁵ Soos hitte in 'n woestyn het U die rumoer van vreemdes gedemp, soos hitte in die skaduwee van 'n wolk, die gesang van die magtiges moes verstom.

⁶ En יהוה van die leërskaare sal op hierdie berg vir al die volke 'n feesmaal van keur *kosse* berei, 'n feesmaal van ou wyn, van keur *vleis* vol murg, van verfynde ou wyn.

⁷ En Hy sal op hierdie berg die uitgespreide sluier wat al die volke omsluier vernietig, en die bedekking waarmee al die nasies bedek is.

⁸ Hy sal die dood vir ewig vernietig, en Meester יהוה sal die trane van alle gesigte afvee, en Hy sal die bespotting van Sy volk van die hele aarde af wegneem. Want יהוה het dit gesê.

⁹ En in dié dag sal gesê word: "Kyk, dit is ons Elohim. Ons het op Hom gewag, en Hy red ons. Dit is יהוה, ons het op Hom gewag, laat ons bly wees en juig oor Sy verlossing."

¹⁰ Want die hand van יהוה sal op hierdie berg rus, en Moab sal onder Hom vertrap word soos strooi vertrap word in die water van 'n miskuil.

¹¹ En Hy sal Sy hande uitsprei in hul midde soos 'n swemmer dit uitsprei om te swem, en Hy sal hul trots tegelyk afdruk met die vaardigheid van Sy hande.

¹² En die hoë vestings van jou mure gooi Hy neer, laag af, gelyk met die grond, tot in die stof.

26 In dié dag sal hierdie lied gesing word in die land Jahuda: "Ons het 'n sterk stad; Hy stel verlossing op, mure en skanse.

² "Maak oop die poorte, laat die regverdige nasie wat die trou bewaar ingaan!

³ "Die Standvastige in gedagtes bewaar U in volmaakte vrede, want hy vertrou op U.

⁴ "Vertrou op יהוה vir ewig, want in Jah יהוה is 'n ewige rots.

⁵ "Want Hy gooi die bewoners van die hoogte neer. Die verhewe stad gooi Hy af, Hy gooi dit af tot by die grond, Hy bring dit tot in die stof.

⁶ "Die voet vertrap dit, die voete van die ellendige, die voetstappe van die armes."

⁷ Die pad van die regverdige is gelyk; U Opregte, maak die spoor van die regverdige reguit.

⁸ Ook in die weg van U oordele, יהוה, wag ons op U! U Naam en U herinnering aan U is die begeerte van ons wese.

⁹ Met my wese begeer ek U in die nag; ook met my gees in my binneste soek ek U. Want wanneer U oordele op die aarde is, leer die inwoners van die wêreld geregtigheid.

¹⁰ Aan die bose word guns bewys, tog leer hy geen geregtigheid nie; in 'n land van regverdigheid doen hy wat onreg is, en hy sien nie die hoogheid van יהוה nie.

¹¹ יהוה, is U hand hoog, hulle sien dit nie. Laat hulle die ywer vir die volk sien en beskaamd staan. Laat die vuur vir U teëstanders hulle verteer.

¹² יהוה, U sal vir ons vrede vestig, want U het ook al ons werk vir ons volbring.

¹³ יהוה, ons Elohim, ander meesters buiten U het oor ons regeer, maar deur U alleen prys ons U Naam.

¹⁴ Dooies lewe nie, afgestorwenes staan nie op nie. Daarom het U hulle besoek en verdelg en alle herinnering aan hulle laat vergaan.

¹⁵ U sal, die nasie vermeerder, יהוה, U

JESHAJAHU 28

sal die nasie vermeerder; U is verhef; U sal al die grense van die land uitbrei.

¹⁶ יהוה, in benoudheid sal hulle U soek; hulle sal gebede uitstort wanneer U tugtiging op hulle kom.

¹⁷ Soos 'n swanger vrou wat naby die tyd kom dat sy moet baar, inmekaar krimp, skreeu in haar pyn, so sal ons wees voor U aangesig, יהוה!

¹⁸ Ons was swanger, het pyn gehad; maar ons het wind gebaar. Ons het geen redding vir die aarde gebring nie, en geen wêreldbewoners is gebore nie.

¹⁹ U dooies sal lewe, my dooie liggaam, hulle sal opstaan. Ontwaak en jubel, julle wat in die stof woon! Want U dou is 'n dou van lig, en die aarde sal aan afgestorwenes die geboorte skenk.

²⁰ Kom, my volk, gaan in jou kamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein rukkiet, totdat die grimmigheid verbygaan.

²¹ Want kyk, יהוה sal uit Sy plek kom om die bewoners van die aarde oor hulle ongeregtigheid te straf. En die aarde sal sy bloed openbaar maak, en die wat op hom gedood is, nie langer bedek nie.

27 In dié dag sal יהוה met Sy harde en groot en sterk swaard die Leviátan, die vinnige slang, en die Leviátan, die kronkelende slang straf. En Hy sal die monster^r doodmaak wat in die see is.

² In dié dag sing vir haar: " 'n Wingerd van vrugbaarheid!

³ "Ek, יהוה, bewaak dit, elke oomblik sal Ek dit bespoei; sodat niemand sit beskuldig nie sal Ek dit nag en dag bewaak.

⁴ "Geen grimmigheid is in My nie. Indien iemand doringe of distels in oorlog teen My opstel, sou Ek deur dit gaan, dit alles saam verbrand.

⁵ "Of hulle moet My beskerming aangryp, en vrede met My maak. Ja, vrede met My maak!"

⁶ Hy sal hulle wat van Jaakob af kom laat wortel skiet, Jisra'el sal bloei en uitbot. En hulle die sal wêreld vol vrugte maak.

^r Of draak

⁷ Het Hy hom geslaan soos Hy dié geslaan het wat hom geslaan het? Of is hy doodgemaak soos die slagting van hulle wat deur Hom doodgemaak is?

⁸ Met mate het U teen hom gestry toe U hom weggestuur het. Hy het hom verdryf met Sy geweldige wind op die dag van die oostewind.

⁹ Daarom sal die boosheid van Jaakob hiermee bedek word. En dit is die volle vrug van die wegneming van sy sonde: wanneer hy al die altaarklippe soos verbryselde kalkklippe maak, die Ashërim en die sonpilare rys nie meer op nie.

¹⁰ Want die versterkte stad is eensaam, 'n woning wat ontvolk en verlate is soos die woestyn – daar wei kalwers en daar lê hulle, en hulle eet sy takke.

¹¹ Wanneer sy takke verdor het, word hulle afgebreek, vrouens kom en steek dit aan die brand. Want dit is 'n volk sonder verstand, daarom sal Hy wat hulle gemaak het geen ontferming oor hulle hê nie en sal Hy wat hulle gevorm het aan hulle geen guns bewys nie.

¹² En in dié dag sal dit gebeur dat יהוה *vrugte* afslaan, vanaf die stroom van die Rivier tot by die spruit van Mitsrajim. En julle sal ingesamel word, een vir een,^s o kinders van Jisra'el!

¹³ En in dié dag sal dit gebeur dat daar 'n groot ramshoring geblaas word, en die wat verlore is in die land Ashshur en die wat verdryf is in die land Mitsrajim sal kom, en hulle sal יהוה aanbied op die afgesonderde berg in Jarushalajim.

28 Wee die trotse kroon van die dronkaards van Efrajim, wie se pragtige skoonheid 'n blom is wat verwelk, wat daar op die bopunt van die vrugbare vallei is van hulle wat deur die wyn oorwin is.

² Kyk, יהוה het een wat magtig en sterk is, soos 'n haelstorm, 'n verwoestende storm, soos 'n stortbui van geweldige, oorlopende waters wat teen die grond gooi met die hand.

^s Jirm 3:14-15

³ Die trotse kroon van die dronkaards van Efrajim sal met voete vertrap word,

⁴ en die pragtige skoonheid, wat daar op die bopunt van die vrugbare vallei is sal 'n blom wees wat verwelk, sal wees soos die eerste vrugte voor die somer, wat wanneer iemand dit sien, eet hy dit op terwyl dit nog in sy hand is.

⁵ In dié dag sal יהוה van die leërskeare 'n sierlike kroon en 'n pragtige krans vir die oorblyfsel van Sy volk wees,

⁶ en 'n gees van oordeel vir hom wat sit oor die gereg, en krag vir hulle wat die geveg terugdraai by die poort.

⁷ En ook hierdie het deur die wyn gestruikel en deur sterk drank gedwaal. Priester en profeet het deur sterk drank gestruikel, hulle is verward van die wyn, hulle struikel van sterk drank, hulle dwaal wanneer hulle gesigte sien, hulle weifel met die regspraak.

⁸ Want al die tafels sal vol braaksel wees, geen plek sonder vuilheid nie.

⁹ Vir wie wil Hy kennis leer? En vir wie wil Hy die boodskap laat verstaan? Vir die gespeen van melk, vir die weggeneem van die borste!

¹⁰ Want dit is lering op lering, lering op lering, lyn op lyn, lyn op lyn, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie.

¹¹ Want, deur stamelende lippe, en deur 'n vreemde tong sal Hy met hierdie volk praat,

¹² aan wie Hy gesê het: "Dit is die rus, gee rus aan die vermoeides," en "Dit is die verkwikking." Maar hulle wou nie luister nie.

¹³ Maar die Woord van יהוה was vir hulle "Lering op lering, lering op lering, lyn op lyn, lyn op lyn, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie," sodat hulle kan gaan en agteruit struikel en verbreek en verstrik en gevang word.

¹⁴ Daarom, hoor die Woord van יהוה, julle spotters, regeerders oor hierdie volk wat in Jarushalajim is!

¹⁵ Omdat julle gesê het: "Ons het 'n verbond met die dood gesluit, en met Sheöl het ons 'n ooreenkoms. Wanneer

die golwende gésel deurtrek, sal hy nie na ons kom nie, want ons het leuens ons toevlug gemaak en ons in bedrog weggesteek."

¹⁶ Daarom, so sê Meester יהוה: "Kyk, Ek lê in Tsjion as fondament 'n steen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen, 'n vaste fondament. Hy wat glo, sal nie haastig wees nie.

¹⁷ "En Ek sal die regspraak die riglyn maak, en die geregtigheid die skietlood. En die hael sal die toevlug van leuens wegvee en die water die skuilplek wegspoel.

¹⁸ "En julle verbond met die dood sal uitgewis word, en julle ooreenkoms met Sheöl nie standhou nie. Wanneer die golwende gésel deurtrek, sal julle deur hom vertrap word.

¹⁹ "So dikwels as hy deurtrek, sal hy julle gryp, want môre vir môre sal hy deurtrek, in die dag en die nag. En dit sal net verskrikking wees om so 'n boodskap te verstaan."

²⁰ Want die bed sal te kort wees dat iemand hom daarop kan uitrek, en die kombers te smal dat iemand hom daarin kan toedraai.

²¹ Want יהוה sal opstaan soos by die berg Pératsim. Hy sal aanstorm soos in die vallei van Gib'ôn om Sy werk te doen, Sy vreemde werk! En om Sy daad te verrig, Sy ongehoorde daad!

²² En nou, moenie spotters wees nie, dat julle bande nie vaster word nie. Want ek het van Meester יהוה van die leërskeare gehoor 'n verdelging wat vas besluit is, oor die hele aarde.

²³ Luister, en hoor my stem, let op, en hoor my woord!

²⁴ Ploeg die ploëer die hele dag om te saai? Skeur hy sy akker oop, en eg hy die hele dag?

²⁵ Wanneer hy die oppervlak gelyk gemaak het, saai hy nie karwy en strooi komyn en saai koring in rye en gars in vakke en spelt langs die kant nie?

²⁶ Want sy Elohim onderrig hom hoe om dit te doen, Hy leer hom.

JESHAJAHU 29

²⁷ Want karwy word nie met die slee gedors nie, en die wawiel word nie oor komin gerol nie, maar karwy word met 'n stok uitgeslaan en komin met 'n hout.

²⁸ Koring word fyngestamp, so dors 'n mens dit nie altyddeur nie, en hy breek dit nie met die wawiel en die perde daaroor nie, hulle stamp dit nie fyn nie.

²⁹ Ook dit kom van יהוה van die leërskaars, Hy doen wonders in raad, groot van wysheid.

29 Wee Ari'ël, Ari'ël, die stad waar Dawid tent opgeslaan het! Voeg jaar by jaar, laat die feeste deur siklusse gaan.

² "En Ek sal Ari'ël benoud maak, en daar sal rou en smart wees, en dit sal vir My soos Ari'ël wees.

³ "En Ek sal rondom teen jou laer opslaan en jou met wagposte beleër en skanse teen jou oprig.

⁴ "En jy sal verneder word en uit die grond praat, en jou woord sal laag uit die stof kom. En jou stem sal uit die grond opkom soos dié van 'n medium, en uit die stof sal jou spraak fluister.

⁵ "Maar die menigte van jou vyande sal soos fyn stof, en die menigte van die magtiges soos kaf wat wegwaai word. En dit sal in 'n oomblik, skielik gebeur!"

⁶ Jy sal deur יהוה van die leërskaars besoek word, met donder en aardbewing en groot lawaai, wind en storm en die vlam van 'n verterende vuur.

⁷ En die menigte van al die heidene wat oorlog toe trek teen Ari'ël sal soos 'n droom, 'n nagvisioen wees, ja, almal wat teen hom oorlog toe trek en teen sy bergvesting en hom benoud maak.

⁸ En dit sal wees soos 'n honger *man* wat droom, en kyk, hy eet, maar hy word wakker en sy wese is leeg; en soos 'n dors man wat droom, en kyk, hy drink, maar hy word wakker en kyk, hy is moeg en sy wese versmag. Só sal die menigte van al die heidene wees wat oorlog voer teen die berg Tsjon.

⁹ Vertoef, en wonder! Verblind juiself en wees blind! Hulle is dronk, maar nie van wyn nie; hulle waggel, maar nie van

sterk drank nie.

¹⁰ Want יהוה het 'n gees van diep slaap oor julle uitgegiet, en Hy het julle oë, die profete, toegesluit. En julle koppe, die sieners, bedek.

¹¹ En die hele gesig is vir julle soos die woorde van 'n verseelde boek wat hulle aan iemand wat kan lees gee, en sê: "Lees dit asseblief!" En hy sê: "Ek kan nie, want dit is verseël."

¹² Of hulle gee die boek aan iemand wat nie kan lees nie, en sê: "Lees dit asseblief!" Maar hy sê: "Ek kan nie lees nie."

¹³ En יהוה sê: "Omdat hierdie volk nader kom met hulle mond en My respekteer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde mensegebod is!

¹⁴ "Daarom, kyk, Ek sal voortgaan om wonderlik te handel met hierdie volk, wonderlik en wonderbaar. En die wysheid van hulle wyse mans sal vergaan, en die verstand van hulle verstandige mense sal versteek wees."

¹⁵ Wee hulle wat diep gaan om hul planne vir יהוה te verberg, en hul werk is in duisternis; en hulle sê: "Wie sien ons," en "Wie ken ons?"

¹⁶ Hoe verdraai is julle! Moet die pottelbakker as klei beskou word? Moet die maaksel van sy maker sê: "Hy het my nie gemaak nie?" En die vormsel van sy vormer sê: "Hy het geen verstand nie?"

¹⁷ Is dit nie nog 'n baie kort rukkie, en Lebanon sal in 'n vrugteboord verander word, en die vrugteboord vir 'n woud gereken word nie?

¹⁸ En in dié dag sal die dowes woorde van die boek hoor, en uit donkerheid en duisternis sal die oë van die blindes sien.

¹⁹ En die sagmoediges sal vreugde in יהוה vermeerder, en die behoeftiges tussen die mense sal juig in die Afgesonderde van Jisra'ël.

²⁰ Want die tiran verdwyn, en dit is klaar met die spotter, en almal wat op boosheid let word vernietig,

²¹ hulle wat 'n mens laat sondig deur 'n woord, en strikke span vir hom wat vir

die reg opkom in die poort, en die regverdige met nietighede wegstoot.

²² Daarom, so sê יהוה aan die huis van Jaäkob, Hy wat Abraham verlos het: "Jaäkob sal nou nie meer beskaamd staan nie, en nou sal sy aangesig nie meer bleek word nie.

²³ "Want wanneer hy sy kinders, die werk van My hande, in sy midde sien, sal hulle My Naam afsonder, ja, hulle sal die Afgesonderde van Jaäkob afsonder en die Elohim van Jisra'ël vrees.

²⁴ "En hulle wat in gees gedwaal het, sal insig verkry, en die murmureerders sal lering aanvaar."

30 "Wee die opstandige kinders," sê יהוה, "wat raad aanvaar, maar dit is nie van My nie, wat besluite neem, en dit is nie van My Gees nie, om sonde op sonde te stapel;

² wat gaan om na Mitsrajim af te trek, en hulle raadpleeg My mond nie, om versterking te soek onder die krag van Par'o en om te skuil in die skaduwee van Mitsrajim!

³ "En die krag van Par'o sal julle skande word, en die skuiling in die skaduwee van Mitsrajim verleentheid.

⁴ "Want hulle vorste is in Tsoan, en hulle boodskappers het in Hanes aangekom.

⁵ "Almal staan beskaamd weens die volk wat hulle geen voordeel bring nie, geen hulp en geen voordeel nie, maar skande en ook vernedering."

⁶ Boodskap oor die diere van die Suide. In 'n land van benoudheid en angs, waar leeuin en leeu uitkom, slang en vlieënde draak, vervoer hulle op die rûe van donkies hul rykdomme en op die bulte van kamele hul skatte, na 'n volk wat geen voordeel bring nie.

⁷ En Mitsrajim - nietig en leeg is sy hulp. Daarom noem ek dit Rahaḅ-Hêm-Shebet.^f

⁸ Gaan nou, graveer dit op 'n tafel in hulle teenwoordigheid en skryf dit op 'n boekrol, dat dit wees vir die laaste dae, vir altyd, en ewig.

^f Rahaḅ wat stilstit.

⁹ Want dit is 'n rebelse volk, liegende kinders, kinders wat die Tora van יהוה nie wil hoor nie,

¹⁰ wat aan die sieners sê: "Moenie sien nie!" en aan die profete: "Moenie vir ons profeteer wat reg is nie. Praat vleitaal vir ons, profeteer bedrog.

¹¹ "Wyk af van die weg, buig af van die pad, laat die Afgesonderde van Jisra'ël voor ons aangesig verdwyn!"

¹² Daarom, so sê die Afgesonderde van Jisra'ël: "Omdat julle hierdie woord verag en op verdrukking en verdraaing vertrou en daarop steun,

¹³ daarom sal hierdie skuld vir julle wees soos 'n los stuk wat wil val, wat oorhang in 'n hoë muur, waarvan die instorting onverwags, vinnig kom."

¹⁴ En, Hy sal dit breek soos die kruik van 'n pottebakker gebreek word, wat sonder jammerte stukkend geslaan word, sodat tussen die stukke daarvan geen skerf te vind is om vuur uit die herd te gaan haal of om water uit die kuil te skep nie.

¹⁵ Want so sê Meester יהוה, die Afgesonderde van Jisra'ël: "In terugkeer en rus is julle verlossing, in stil wees en vertrou bestaan julle krag."^u Maar julle wou nie,

¹⁶ en het gesê: "Nee, want ons vlug op perde," daarom sal julle moet vlug! En: "Ons ry op vinnige perde," daarom sal julle vervolgers vinnig wees!

¹⁷ Een duisend *vlug* vir die berisping van een; vir die berisping van vyf, sal julle vlug tot julle oorbly soos 'n paal op 'n bergtop en soos 'n banier op 'n heuwel.

¹⁸ En daarom sal יהוה met ongeduld wag om aan julle guns te bewys. En daarom sal Hy Hom verhef om Hom oor julle te ontferm. Want יהוה is 'n Elohim van oordeel. Geseënd almal wat op Hom wag!

¹⁹ Want die volk sal in Tsjion, by Jerushalajim, woon. Jy sal nie meer ween nie. Hy sal jou baie guns bewys op die klank van jou geroep; wanneer Hy hoor, sal Hy jou antwoord.

²⁰ יהוה het julle wel brood van

^u Teh 4:4

JESHAJAHU 31

benoudheid en water van ellende, gegee maar jou Leraar^v sal nie langer versteek wees nie. Maar jou oë sal jou Leraar sien,^w

²¹ en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: "Dit is die Weg, wandel daarop!", wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.

²² En julle sal die oortreksel van jou gesnede beelde van silwer en die beslag van jou gegote beeld van goud skend. Jy sal dit weggooi soos 'n menstruasiedoek en jy sal sê: "Weg daarmee!"

²³ En Hy sal reën gee vir jou saad waarmee jy die grond besaai, en brood uit die vrug van die grond. En dit sal ryk en oorvloedig wees, jou vee sal in die dag wei op 'n uitgestrekte weiveld,

²⁴ en die osse en die donkies wat die grond bewerk, sal voer met sout eet, wat uitgewan is met skop en gaffel.

²⁵ En op elke hoë berg en op elke verhewe heuvel sal spruite en strome, van water wees, op die dag van die groot slagting, wanneer die torings val.

²⁶ En die lig van die maan sal wees soos die lig van die son, en die lig van die son sal sewevoudig wees, soos die lig van sewe dae, op die dag wat יהוה die breuk van Sy volk verbind en die wond gesond maak waar Hy hulle geslaan het.

²⁷ Kyk, die Naam van יהוה kom van ver af, Sy toorn brand met swaar rook. Sy lippe sal vol grimmigheid wees en Sy tong soos 'n verterende vuur;

²⁸ en Sy asem soos 'n oorlopende stroom wat tot by die nek kom, om nasies te sif^x met 'n sif van valsheid, en 'n misleidende toom is in die kakebene van die volke.

²⁹ Die lied sal by julle wees soos in die nag wanneer fees gevier word, en julle sal vrolik wees van hart soos die wat met die fluite loop, om te kom op die berg van יהוה, na die Rots van Jisra'ël.

³⁰ En יהוה sal Sy stem vol majesteit laat hoor en die neerdaling van Sy arm laat

sien, met grimmige toorn en die vlam van 'n verterende vuur, storm en stortreën en haelstene.

³¹ Want deur die stem van יהוה sal Ashshur platgeslaan wees, met die stok sal Hy slaan.

³² En elke swaai van die teregwysende roede, wat יהוה op hom lê, sal wees met tamboeryne en liere, en met 'n uitgeswaaide vegtersarm sal Hy teen hulle veg.

³³ Want 'n Tofet is van gister af gereedgemaak, ook is dit vir die koning berei. Hy het dit diep en wyd gemaak, die brandstapel daarvan aangelê met 'n menigte hout; die asem van יהוה soos 'n stroom van brandende swaai wat dit aan die brand steek.

31 Wee hulle wat na Mitsrajim aftrek vir hulp en hulle verlaat op perde, en wat vertrou op strydwaens, omdat daar baie is, en op ruiters, omdat hulle baie sterk is, maar hulle kyk nie na die Afgesonderde van Jisra'ël en soek nie יהוה nie.

² En Hy is ook wys, en Hy het die boosheid gebring en Sy woorde het Hy nie weg gedraai nie. En Hy sal opstaan teen die huis van die boosdoeners en teen die helper van die werkers van boosheid.

³ Ja, die Mitsrim is mense en nie Ę nie. En hulle perde is vlees en nie gees nie. En wanneer יהוה Sy hand uitstrek, dan sal die helper struikel, en sal wie gehelp is val. En hulle sal almal saam te gronde gaan.

⁴ Want so het יהוה vir my gesê: "Soos 'n leeu brul en bedek oor sy prooi wanneer 'n menigte herders teen hom bymekaargeroep word, hy is nie verbouereerd vir hulle stem of versteur deur hulle geraas nie, só sal יהוה van die leërske neerdaal om in die stryd uit te trek teen die berg Tsijon en teen sy heuwel.

⁵ "Soos swewende voëls, so sal יהוה van die leërske Jarushalajim beskerm, beskerm en verlos, verby gaan en red."

⁶ Draai terug na Hom van wie die kinders van Jisra'ël diep weggeval het.

^v Of leraars

^w Of leraars – sien ook Jo'ël 2:23

^x Amos 9:9

⁷ Want in dié dag sal hulle elkeen sy silwer idole en sy goue idole verwerp, wat julle eie hande vir julle as sonde gemaak het.

⁸ “En Ashshur sal deur die swaard val, nie van ’n man nie, en die swaard, nie van ’n mens nie, sal hom verteer. En hy sal voor die swaard vlug, en sy jongmanne sal slawe word

⁹ en uit vrees sal hy sy vesting verlaat, en sy vorste sal verbouereerd oor die banier wees,” sê יהוה, wat ’n vlam op Tsjion het en ’n oond in Jarushalajim.

32 Kyk, ’n koning sal in geregtigheid regeer, en die vorste sal in oordeel regeer.

² En elkeen sal soos ’n skuilplek teen die wind en ’n skuiling teen die stortreën wees, soos waterstrome in ’n woestyn, soos die skaduwee van ’n swaar rots in ’n uitgeputte land.

³ En die oë van die wat sien sal nie toe wees nie, en die ore van hulle wat hoor, sal luister.

⁴ En die hart van die voortvarendes sal kennis verstaan, en die tong van die hakelaars sal haastig wees om duidelik te praat.

⁵ Die dwaas sal nie meer edel genoem word nie, en van die skelm sal nie gesê word dat hy agbaar is nie.

⁶ Want ’n dwaas praat dwaasheid en sy hart bring werk boosheid, deur boosheid te bedryf en misleidend oor יהוה te praat, deur die wese van die hongerige onvervuld te laat en die drank van die dorstige te weerhou.

⁷ En die die metodes van die skurk is boos, hy beraam bose planne om die sagmoediges met woorde van leuens te ruïneer, selfs al pleit die behoeftige by die reg.

⁸ Maar die edele beraam edele daade, en hy staan op in wat edel is.

⁹ Staan op, vrouens wat onbesorgd is, hoor my stem! Selfversekerde dogters, luister na my woord!

¹⁰ In ’n jaar en ’n paar dae sal julle sidder, selfversekerde dogters! Want die druiwoes sal misluk, die insameling sal nie kom

nie.

¹¹ Bewe, wat onbesorgd is! Sidder, selfversekerde dogters! Trek julle uit, ontbloom julle en gord rouklere om julle lendene.

¹² Slaan op die borste oor die begeerlike velde, oor die vrugbare wingerdstok.

¹³ Op die lande van My volk kom dorings en distels op, ja, oor al die huise van vreugde van die uitgelate stad.

¹⁴ Want die paleis is versaak, die oorvol stad is verlate. Die Heuwel en die Wag-toring dien as grotte vir ewig, ’n vreugde vir die wildedonkies, ’n weiveld vir die troppe vee;

¹⁵ totdat die Gees oor ons uitgegiet word uit die hoogte, en die woestyn ’n vrugteboord word, en die vrugteboord self vir ’n bos gereken word.

¹⁶ En die reg sal in die woestyn woon, en geregtigheid sal in die vrugteboord bly.

¹⁷ En die werk van geregtigheid sal vrede wees, en die diens van geregtigheid rus en veiligheid vir ewig.

¹⁸ En My volk sal in ’n plek van vrede en in veilige wonings en in plekke van ongestoorde rus woon.

¹⁹ Selfs wanneer dit sal hael en die bos wegslaan en die stad wegsak in vernerding.

²⁰ Geseënd is julle wat by alle waters saai, wat die voet van die os en die donkie vry laat loop!

33 Wee jou, verwoester, terwyl jy nie verwoes is nie, en bedrieër terwyl jy nie bedrieg is nie! Wanneer jy ophou verwoes, sal jy verwoes word. En wanneer jy ophou bedrieg, sal jy bedrieg word.

² יהוה, bewys ons guns, op U wag ons. Wees hulle arm elke môre, ook ons verlossing in die tyd van benoudheid!

³ Vir die geluid van oproer sal die volke vlug. Wanneer U Uself verhef, sal die heidene verstrooi word.

⁴ En U buit sal versamel word soos ruspes versamel; soos sprinkane toesak, sak hulle daarop toe.

⁵ יהוה is verhewe, want Hy woon in die hoogte; Hy het Tsjion gevul met reg en

JESHAJAHU 34

geregtigheid.

⁶ En Hy sal die standvastigheid van jou tye wees, 'n rykdom van verlossing, wysheid en kennis; die vrees van יהוה Sy skat.

⁷ Kyk, die helde skreeu daar buite, die boodskappers van vrede huil bitterlik.

⁸ Die grootpaai sal verlate wees, die rondreisende man bly weg. Hy het die verbond verbreek, die stede verag, mense nie in ag geneem nie.

⁹ Die land treur, dit verwelk, Lebanon staan beskaamd. Sharon het verdor soos 'n woestyn, Bashan en Karmel word geskud.

¹⁰ "Nou sal Ek opstaan," sê יהוה. "Nou word Ek verhef, nou sal Ek My oplig.

¹¹ "Julle word swanger met strooi, julle baar stoppels, julle vurige gees sal julle verteer.

¹² "En volke sal soos die verbranding van kalk wees, afgekapte dorings wat met vuur verbrand word.

¹³ "Julle wat ver is, hoor wat Ek gedoen het; en julle wat naby is, erken My mag!"

¹⁴ Sondaars in Tsjion sal skrik, bewing sal die onreine aangryp: "Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur? Wie van ons kan woon by 'n ewige brand?"

¹⁵ Hy wat in geregtigheid wandel en praat wat reg is, wat wins deur verdrukking verwerp, wat sy hande skud om geen omkoopgeskenk te neem nie, wat sy oor toestop om van geen bloedvergieting te hoor nie, en sy oë sluit om boosheid, nie te sien nie -

¹⁶ hy sal op hoogtes woon, rotsvestings is sy toevlug. Sy brood sal aan hom gegee word, sy water standvastig.

¹⁷ Jou oë sal die Koning in Sy skoonheid aanskou, 'n land baie ver sien.

¹⁸ Jou hart sal verskrikking oordink: "Waar is die skrywer? Waar is hy wat weeg? Waar is hy wat die torings tel?"

¹⁹ Jy sal 'n wrede volk nie meer sien nie, 'n volk met 'n onbegryplike duister lip, met 'n onverstaanbare stamelende tong.

²⁰ Aanskou Tsjion, die stad van ons vasgestelde tye! Jou oë sal Jarushalajim

sien as veilige woonplek, as tent wat nie wegtrek nie, waarvan die penne nooit meer uitgeruk word nie en geen van sy toue gebreek word nie.

²¹ Maar daar, groot is יהוה vir ons; 'n plek van breë riviere, strome; geen boot met spane sal daarop vaar nie, en geen groot skip sal daarvoor gaan nie.

²² Want יהוה is ons Regter, יהוה is ons Wetgewer, יהוה is ons Koning: Hy verlos ons.

²³ Jou toue sal slap hang, hulle kan die mas nie versterk nie, hulle sal nie die seil ontplooi nie. Dan sal die buit van 'n groot plundery verdeel word, die lammes sal die buit neem.

²⁴ En geen inwoner sal sê: "Ek is siek," nie. Die mense wat daarin woon, se skuld is vergewe.

34 Kom nader, nasies, om te hoor. En luister volke! Laat die aarde hoor, en die volheid daarvan, die wêreld en alles wat daaruit voortkom.

² Want die toorn van יהוה is oor al die nasies, en grimmigheid oor al hulle leërs-kare. Hy sal hulle onder die ban plaas, Hy sal hulle oorgee om geslag te word.

³ En hulle gesneuweldes sal weggegooi word, en die stank van hulle lyke gaan op. En die berge smelt van hulle bloed.

⁴ En al die leërs-kare van die hemele sal verdwyn. En die hemele sal opgerol word soos 'n boekrol, en al sy leërs-kare afval soos 'n blaar van die wingerdstok afval en soos vye van die vyeboom afval.

⁵ "Want My swaard het dronk geword in die hemele. Kyk, dit kom af op Edom en op die volk van My vloek, om geoordeel te word.

⁶ "Die swaard van יהוה sal vol bloed wees, dit sal drup van vet, van die bloed van lammers en bokke, van die niervet van ramme. Want יהוה het 'n slagoffer in Botsra en 'n groot slagting in die land Edom.

⁷ "En die buffels sal saam met hulle val, en die jong bulle saam met die bulle. En hulle land sal deurdrenk wees van bloed, en hulle stof versadig van vet."

JESHAJAHU 36

⁸ Want dit is die dag van wraak vir יהוה, die jaar van vergelding vir die saak van Tsjon.

⁹ En sy strome sal in pik verander word en sy stof in swael, en sy land sal brandende pik word.

¹⁰ Dit sal nie bedags of snags geblus word nie, sy rook gaan vir ewig op. Van geslag tot geslag lê dit verlate, vir altyd en ewig trek niemand daardeur nie.

¹¹ Maar die pelikaan en die krimpvarkie sal dit in besit neem, en die uil en die kraai woon daarin. En Hy sal die riglyn van verlatenheid daaroor span en die skietlood van vormloosheid.

¹² Sy edeles roep *na* die koninkryk maar daar is niks, en al sy leiers sal niks wees nie.

¹³ En dorings sal sy paleise begroei, brandnekels en distels sal in sy vestings. En dit sal 'n blyplek van jakkalse, 'n verblyf vir die volstruise wees.

¹⁴ En woestyndiere sal wildehonde teëkom, en harige bokke^z mekaar roep. Die naguil sal daar in vrede bly en 'n rusplek vir hom vind.

¹⁵ Daar sal die pylslang sy nes maak en eiers lê en dit uit broei en haar kleintjies daar in die skaduwee koester. Ook die aasvoëls sal daar bymeekaarkom, die een by die ander.

¹⁶ Soek in die boek van יהוה en lees! Nie een van hulle ontbreek nie, die een mis sy maat nie, want Hy het my mond beveel. En Sy Gees sal hulle bymekaar bring.

¹⁷ En Hy sal vir hulle die lot werp, en Sy hand sal die land tussen hulle met die maatlyn verdeel, tot in ewigheid sal hulle dit besit, van geslag tot geslag daarin woon.

35 Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n blom.

² Dit bloei baie en juig, ja, met gejuig en gejubel. Die aansien van Lebanon sal aan

hom gegee word, die sieraad van Karmel en Sharon. Hulle sal die aansien van יהוה, die sieraad van ons Elohim sien.

³ Versterk die slap hande en maak die struikelende knieë vas.

⁴ Se aan die met 'n angstige hart: "Wees sterk, moenie bang wees nie! Kyk, julle Elohim kom met wraak, met Elohim se vergelding. Hy self sal kom en julle verlos."

⁵ Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes geopen word.

⁶ Dan sal die verlamde soos 'n takbok spring, en die tong van die stomme sal jubel, want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis.

⁷ En die gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorland fonteine van water – in die blyplek van die jakkalse waar hulle gelê het, is gras met riete en biesies.

⁸ En daár sal 'n grootpad wees en 'n weg wat "Die Weg van Afsondering"^z genoem sal word. Die onreine sal nie daarop trek nie, maar dit sal vir hulle wees wie die weg bewandel, geen dwase daarop nie.

⁹ Daár sal geen leeu wees nie, en geen verskeurende dier sal daarop kom of daar aangetref word nie. Maar die verlostes sal daarop wandel.

¹⁰ En die losgekooptes van יהוה sal teruggaan en Tsjon inkom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle koppe wees. Hulle sal vreugde en blydskap verkry, en smart en gesug sal weg vlug.

36 En dit het gebeur in die veertiende jaar van koning Hiskijahu dat Sánhërib, die koning van Ashshur, teen al die versterkte stede van Jahuda opgetrek en dit verower het.

² En die koning van Ashshur het die Ráḅshakě uit Lagis na Jarushalajim, na koning Hiskija gestuur met 'n groot leër. En hy het gaan staan by die kanaal van die boonste dam, by die grootpad van die Wassersveld.

³ En Éljakim, die seun van Hilkijahu, wat

^y Word deur sommige as *veldduiwels* of *velddemone* vertaal.

^z Teh 77:13

JESHAJAHU 37

oor die paleis was, en Shebna, die skrywer, en Joah, die seun van Asaf, die historikus, het na hom toe uitgegaan.

⁴ En die Ráḇshakě het vir hulle gesê: "Sê asseblief aan Hiskija: 'So sê die groot koning, die koning van Ashshur: "Wat is die vertroue waarin jy vertrou het?"

⁵ "Jou raad en dapperheid vir die oorlog is net lippetaal! Op wie vertrou jy nou, dat jy teen my rebelleer?"

⁶ "Kyk, jy vertrou op dié verbryselde riet, op Mitsrajim, wat, as iemand daarop leun, in sy hand ingaan en dit deurboor. So is Par'o, die koning van Mitsrajim, vir almal wat op hom vertrou.

⁷ "Maar indien jy vir my sê: 'Ons vertrou op יהוה ons Elohim,' is dit nie Hy wie se hoogtes en wie se altare Hiskijahu verwyder het nie en aan Jahuda en Jerushalajim gesê het: 'Voor hierdie altaar in Jarushalajim moet julle buig?'

⁸ "En nou, vra ek jou, gee 'n onder-neming aan my meester, die koning van Ashshur, en ek sal jou twee duisend perde gee indien jy vir jou ruiters daarop kan sit.

⁹ "Hoe sal jy dan die gesig van 'n enkele aanvoerder van my meester se geringste dienaars kan omkeer? Maar jy vertrou op Mitsrajim vir strydwaens en perderuiters!

¹⁰ "Het ek nou sonder יהוה opgetrek teen hierdie plek om dit te verwoes? יהוה het vir my gesê: 'Trek op teen hierdie land en verwoes dit.'

¹¹ Toe het Eljakim, die seun van Hilkijahu, en Shebna en Joah aan die Ráḇshakě gesê: "Praat asseblief met u dienaars Aramees, want ons verstaan dit. En moenie met ons Jahudies voor die ore van die mans wat op die muur is, praat nie."

¹² En die Ráḇshakě het vir hulle gesê: "Het my meester my na jou meester en na jou gestuur om hierdie woorde te sê? Is dit nie vir die mans wat op die muur sit, dat hulle hul eie drek kan eet en hul eie urine kan drink saam met julle nie?"

¹³ En die Ráḇshakě het gestaan en hardop in Jahudies geroep, en hy het gepraat en gesê: "Hoor die woord van die groot

koning, die koning van Ashshur!

¹⁴ "So sê die koning: 'Laat Hiskija julle nie bedrieg nie, want hy sal julle nie kan red nie.

¹⁵ 'En Hiskijahu moet julle nie op יהוה laat vertrou nie deur te sê: "יהוה sal ons sekerlik red, en hierdie stad sal nie in die hand van die koning van Ashshur oorgegee word nie."

¹⁶ "Moenie na Hiskijahu luister nie, want so sê die koning van Ashshur: 'Sluit met my vrede met 'n geskenk, en trek uit na my en laat elkeen van sy wingerdstok en elkeen van sy vyeboom eet en elkeen die water van sy put drink,

¹⁷ totdat ek kom. Dan sal ek julle neem na 'n land soos julle land, 'n land van koring en mos, 'n land van brood en wingerde.

¹⁸ 'Maar moenie na Hiskijahu luister nie, want hy mislei julle deur te sê: "יהוה sal ons red." Het die elohim van die nasies elkeen sy land ooit gered uit die hand van die koning van Ashshur?"

¹⁹ 'Waar is die elohim van Hamat en Arpad? Waar is die elohim van Sefarwajim? En het hulle miskien Shomaron gered uit my hand?"

²⁰ 'Wie is daar onder al die elohim van die lande wat hulle land uit my hand gered het, dat יהוה Jarushalajim uit my hand sou red?"

²¹ Maar hulle het stilgeby en hom niks geantwoord nie, want dit was die bevel van die koning: "Julle moet hom nie antwoord nie."

²² En Eljakim, die seun van Hilkijahu, wat oor die paleis was, en Shebna, die skrywer, en Joah, die seun van Asaf, die historikus, het met geskeurde klere by Hiskijahu gekom en aan hom die woorde van die Ráḇshakě vertel.

37 En dit het gebeur toe koning Hiskijahu dit gehoor het, dat hy sy klere geskeur en hom met 'n roukleed bedek en in die Huis van יהוה gegaan het.

² En hy het Eljakim wat oor die paleis was, en Shebna, die skrywer, en die oudstes van die priesters, met rouklere

JESHAJAHU 37

bedek, na die profeet Jeshajahu, die seun van Amots gestuur.

³ En hulle het vir hom gesê: "So sê Hiskijahu: ' Vandag is 'n dag van benoudheid en straf en veragting, want die kinders het gekom tot by die geboorte, maar daar is geen krag om te baar nie.

⁴ 'Moontlik sal יהוה u Elohim al die woorde hoor van die Ráḇshakě wat deur sy meester, die koning van Ashshur, gestuur is om die lewende Elohim te minag, en sal Hy hom straf oor die woorde wat יהוה u Elohim gehoor het. Daarom, hef 'n gebed op vir die oorblyfsel wat nog oor is."

⁵ En die dienaars van koning Hiskijahu het by Jeshajahu gekom,

⁶ en Jeshajahu het vir hulle gesê: "So moet julle jul meester antwoord: 'So sê יהוה: "Wees nie bang vir die woorde wat jy gehoor het, waarmee die dienaars van die koning van Ashshur My geskel het nie.

⁷ "Kyk, Ek sal 'n gees oor hom gee, dat hy 'n gerug hoor en na sy land terugtrek. En Ek sal hom in sy land deur die swaard laat val."

⁸ En die Ráḇshakě het teruggegaan en die koning van Ashshur aangetref terwyl hy besig was om teen Libna te veg, want hy het gehoor dat hy van Lagish af weggetrek het.

⁹ En toe hy gehoor het aangaande Tirhaka, die koning van Kush: "Kyk, hy het uitgetrek om teen u te veg," het hy weer boodskappers na Hiskijahu gestuur met die opdrag:

¹⁰ "So moet julle aan Hiskijahu, die koning van Jahuda, sê: 'Laat u Elohim op wie u vertrou, u nie bedrieg nie deur te sê: "Jarushalajim sal nie in die hand van die koning van Ashshur oorgegee word nie."

¹¹ 'Kyk, u het self gehoor wat die konings van Ashshur aan al die lande gedoen het deur dit met die banvloek te tref, en sou u gered word?

¹² 'Het die elohim van die nasies wat my vaders uitgeroei het, hulle gered - Gosan

en Haran en Retsef en die kinders van Eden wat in Telassar was?

¹³ 'Waar is die koning van Hamat en die koning van Arpad en die koning van die stad Sefarwajim, van Hena en Iwa?"

¹⁴ En toe Hiskija die brief uit die hand van die boodskappers ontvang en dit gelees het, het hy opgegaan na die huis van יהוה; en Hiskija het dit uitgesprei voor die aangesig van יהוה,

¹⁵ En Hiskijahu het voor יהוה gebed en gesê:

¹⁶ "יהוה, Elohim van Jisra'el, wat bo die kerubs sit, U alleen is die Elohim van al die koninkryke van die aarde, U het die hemel en die aarde gemaak!

¹⁷ "יהוה, neig U oor en luister. Open U oë, יהוה, en kyk. En hoor die woorde van Sánhērib, wat hy gestuur het om die lewende Elohim te minag!

¹⁸ "Waarlik, יהוה, die konings van Ashshur het die nasies en hulle land verwoes ¹⁹ en hulle elohim in die vuur gegooi, want dit was geen elohim nie, maar werk van mensehande, hout en klip, en hulle is vernietig.

²⁰ "En nou, יהוה ons Elohim, ek smEEK, verlos ons uit sy hand dat al die koninkryke van die aarde kan weet dat U, יהוה, alleen Elohim is."

²¹ Toe het Jeshajahu, die seun van Amots, na Hiskijahu gestuur en gesê: "So sê יהוה, die Elohim van Jisra'el: 'Ek het gehoor wat jy tot My gebed het teen Sánhērib, die koning van Ashshur.'

²² "Dit is die woord wat יהוה oor hom gesê het: 'Die jong meisie, die dogter van Tsjon, verag jou, bespot jou! Die dogter van Jarushalajim skud haar kop agter jou.

²³ 'Wie het jy verag en geskel? En teen wie het jy die stem verhef en jou oë hoogmoedig opgehef? Teen die Afgesonderde van Jisra'el!

²⁴ 'Deur die hand jou boodskappers het jy יהוה verag en gesê: "Met die menigte van my waens het ek die hoogte van die berge opgeklim, die uithoeke van die Leḇanon. En ek het sy statige seders, die

JESHAJAHU 38

keur van sy sipresse, afgekap en deurgedring tot in sy diepste skuilhoeke, sy woud wat soos 'n tuin is.

²⁵ "Ek het gegrawe en vreemde waters gedrink, en met my voetsole laat ek al die riviere van verdediging opdroog."

²⁶ 'Het jy dit nie gehoor nie? Van lankal het Ek dit gereedgemaak, van die dae van die voortyd af beskik. Nou het Ek dit laat kom, dat jy versterkte stede kon verwoes tot puinhope.

²⁷ 'En hulle inwoners was magteloos, verbouereerd en beskaamd, hulle was soos plante van die veld en groen grassies, soos gras op die dakke, verskroei voordat dit opkom.

²⁸ 'Maar Ek ken jou sit en jou uitgaan en jou ingaan en hoe jy teen My uitvaar.

²⁹ 'Omdat jy teen My uitvaar en jou trotsheid opgekom het in My ore, sal Ek My haak in jou neus sit en My toom tussen jou lippe en jou terugbring met die pad waarmee jy gekom het.

³⁰ 'En dit sal vir jou die teken wees: Eet hierdie jaar wat vanself opslaen, en in die tweede jaar wat dan nog opkom, maar in die derde jaar saai en oes en plant wingerde en eet die vrugte daarvan.

³¹ 'En die oorblyfsel wat ontsnap het van die huis van Jahuda, sal weer wortel skiet ondertoe en vrugte dra boontoe.

³² 'Want uit Jarushalajim sal 'n oorblyfsel kom en ontsnaptes van die berg Tsjion. Die ywer van יהוה van die leërskaare sal dit doen.'

³³ "Daarom, so sê יהוה aangaande die koning van Ashshur: 'Hy sal nie in hierdie stad kom en geen pyl daarin skiet en dit met geen skild aanval en geen wal daarteen opgooi nie.

³⁴ 'Met die pad wat hy gekom het, sal hy teruggaan. En in hierdie stad sal hy nie kom nie,' sê יהוה.

³⁵ 'En Ek sal hierdie stad beskerm, om dit te verlos, ter wille van My en My dienaar Dawid.'

³⁶ En dit het in die nag gebeur dat die boodskapper van יהוה uitgetrek het en in die laer van Ashshur honderd vyf en

tagtig duisend verslaan het. En kyk, toe hulle die môre vroeg opgestaan het, was dit almal dooie liggame!

³⁷ En Sánhërib, die koning van Ashshur, het opgebreek en weggetrek en teruggegaan en in Ninawë gebly.

³⁸ En dit het gebeur toe hy hom neergebuig het in die huis van sy eloah Nisrog, dat sy seuns Adramméleg en Shar'etsar hom met die swaard neergeslaan het, en hulle het ontvlug na die land Ararat. En sy seun Ēsar-Ĥaddon het in sy plek regeer.

38 In dié dae was Ĥiskijahu dodelik siek. En Jeshajahu, die profeet, die seun van Amots, het by hom gekom en vir hom gesê: "So sê יהוה: 'Stel jou huis op, want jy sal sterf en nie lewe nie.'"

² En hy het sy gesig na die muur gedraai, en hy het tot יהוה gebid

³ en gesê: "Ek smEEK U, יהוה, dink tog daaraan dat ek voor U in trou en met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed is in U oë." En Ĥiskijahu het bitterlik geween.

⁴ En die woord van יהוה het tot Jeshajahu gekom en gesê:

⁵ "Gaan en sê vir Ĥiskijahu: 'So sê יהוה, die Elohim van jou vader Dawid: "Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou tranes gesien. Kyk, Ek sal vyftien jaar by jou dae voeg.

⁶ "En uit die hand van die koning van Ashshur sal Ek jou red en hierdie stad, en hierdie stad beskerm."

⁷ "En dit sal vir jou die teken van die kant van יהוה wees dat יהוה die woord sal volbring wat Hy gesê het:

⁸ "Kyk, Ek sal die skaduwee op die grade wat dit gedaal het deur die son op die grade van Aĥaz se sonnewyser, tien grade agteruit laat teruggaan." En die son het tien grade teruggegaan op die grade wat dit gedaal het.

⁹ Geskrif van Ĥiskijahu, die koning van Jahuda, toe hy siek was en van sy siekte herstel het.

¹⁰ Ek het gesê: "Moet ek in die fleur van my dae in die poorte van Sheol gaan? Sal

ek beroof word van my oorblywende jare?"

¹¹ Ek het gesê: "Ek sal Jah nie sien nie, Jah, in die land van die lewendes! Ek sal die mense nie meer aanskou onder die inwoners van die wêreld nie!

¹² "My tyd is uitgetrek en van my af weggeneem soos 'n herderstent. Ek het my lewe afgesny soos 'n wewer; Hy sny my van die wewersbalk af. Van dag tot nag maak U 'n einde aan my.

¹³ "Ek rustig geword tot die môre. Soos 'n leeu só verbreek Hy al my bene. Van dag tot nag maak U 'n einde aan my.

¹⁴ "Soos 'n kermende swaeltjie, so het ek gepiep. Ek het gekla soos 'n duif, my oë het swak na bo gekyk. יהוה, ek is bedruk, staan vir my in!

¹⁵ "Wat sal ek sê? Want Hy het met my gepraat en Hyself het dit gedoen? Ek sal stilletjies gaan, al my jare weens die bitterheid van my wese.

¹⁶ "יהוה, by hierdie dinge leef 'n mens, en my gees vind lewe in dit alles. Herstel my en laat my lewe!

¹⁷ "Kyk, vir vrede het ek bitter, bitter gehad. Maar U, U het my wese in liefde uit die kuil van vernietiging getrek, want U het al my sondes agter u rug gewerp.

¹⁸ "Want She'ol sal U nie loof nie, die dood U nie prys nie; die wat in die kuil neerdaal, wag nie op U waarheid nie.

¹⁹ "Die lewende, die lewende, hy sal U loof, soos ek vandag. 'n Vader maak U waarheid aan sy kinders bekend.

²⁰ "יהוה *kam* verlos my! En laat ons my liedere sing met snaarinstrumente al die dae van ons lewe, in die Huis van יהוה."

²¹ En Jeshajahu het gesê: "Laat hulle 'n vyekoek neem en dit op die sweer sit, dat hy kan lewe."

²² En Hiskija het gesê: Wat is die teken dat ek na die Huis van יהוה sal opgaan?"

39 In dié tyd het Merôdag-Báladan, die seun van Báladan, die koning van Babel, briewe en 'n geskenk aan Hiskijahu gestuur, want hy het gehoor dat hy siek was en herstel het.

² En Hiskijahu was bly oor hulle en het

hulle sy skathuis laat sien, die silwer en die goud en die speserye en die kosbare olie en sy hele wapenhuis en alles wat te vinde was in sy skatkamers. Daar was niks in sy huis of in sy hele ryk wat Hiskijahu hulle nie laat sien het nie.

³ En die profeet Jeshajahu het na koning Hiskijahu gekom en vir hom gesê: "Wat het hierdie mans gesê, en waarvandaan het hulle na u gekom?" En Hiskijahu het gesê: "Uit 'n ver land het hulle gekom, uit Babel."

⁴ En hy het gesê: "Wat het hulle in u huis gesien?" En Hiskijahu het gesê: "Hulle het alles wat in my huis is, gesien. Daar is niks in my skatkamers wat ek hulle nie laat sien het nie."

⁵ En Jeshajahu het vir Hiskijahu gesê: "Hoor die woord van יהוה!:"

⁶ "Kyk, daar kom dae dat alles wat in jou huis is en wat jou vaders tot vandag toe opgehoop het, na Babel weggevoer sal word. Daar sal niks oorbly nie," sê יהוה.

⁷ En van jou seuns wat uit jou sal voortkom, wat jy sal verwek, sal hulle neem, en hulle sal hofdienaars word in die paleis van die koning van Babel."

⁸ En Hiskijahu het vir Jeshajahu gesê: "Die woord van יהוה wat u gesê het, is goed." En hy het gesê: "Want daar is tog vrede en waarheid in my dae!"

40 "Vertrouwing, vertroosting My volk!" sê julle Elohim.

² "Praat met die hart van Jarushalajim, en roep na haar dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van יהוה dubbel ontvang het vir al haar sondes."

³ 'n Stem van een wat roep in die woestyn: "Berei die weg van יהוה, maak 'n grootpad gelyk in die wildernis vir ons Elohim!

⁴ "Elke vallei moet opgelig en elke berg en heuwel plat gedruk word. En die buit moet gelyk en die rotsagtige plekke glad word.

⁵ "En die aansien van יהוה sal geopenbaar word, en alle vlees tesame sal dit sien. Want die mond van יהוה het ge-

JESHAJAHU 40

praat.”

⁶ Die stem het gesê: “Roep!” En hy het gesê: “Wat moet ek roep?” “Alle vlees is gras, en al sy prag soos ’n blom van die veld.

⁷ Die gras sal verdor, die blom sal verwelk wanneer die asem van יהוה daarop blaas. Waarlik, die volk is gras!

⁸ “Die sal gras verdor, die blom sal verwelk, maar die woord van ons Elohim staan in vir ewig.”

⁹ Verkondiger van goeie nuus aan Tsjion, klim op ’n hoë berg! Verkondiger van goeie nuus aan Jarushalajim, hef jou stem op met krag, hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Jahuda: “Sien julle Elohim!”

¹⁰ Kyk, Meester יהוה sal kom met mag, en Sy arm sal regeer. Kyk, Sy beloning is by Hom, en Sy vergoeding is voor Hom.

¹¹ Hy laat Sy kudde wei soos ’n herder. Hy vergader die lammers in Sy arm en dra hulle aan Sy bors, die lammeroë lei Hy saggies.

¹² Wie het die waters in die holte van sy hand afgemeet, en van die hemele met ’n span gemeet, en in ’n maatemmer die stof van die aarde opgevang, en die berge geweeg met ’n weegskaal en die heuwels met weegbalance?

¹³ Wie het die Gees van יהוה uitgemeet en as Sy raadsman Hom onderrig?

¹⁴ Met wie het Hy raad gehou, wie het Hom voorgeskryf en Hom geleer aangaande die pad van die reg. En wie het Hom kennis geleer en Hom die weg van insig gewys?

¹⁵ Kyk, die nasies is soos ’n druppel in ’n emmer, en soos stof op die weegskaal word hulle gereken. Kyk, Hy lig die eilande op soos fyn stof!

¹⁶ En Lebanon is nie genoeg om te brand nie en sy wild nie genoeg as brandoffer nie.

¹⁷ Al die nasies is voor Hom soos niks, en hulle word minder as niks en nietigheid by Hom gereken.

¹⁸ Met wie wil julle EÏ vergelyk? Of watter gelykenis teenoor Hom stel?

¹⁹ Die ambagsman giet ’n idool, en die goudsmid trek dit oor met goud en smelt silwerkettings.

²⁰ Wie te arm is vir so ’n offergawe, kies ’n stuk hout wat nie vergaan nie. Hy soek vir hom ’n kunstige ambagsman om ’n idool op te rig wat nie wankel nie.

²¹ Het julle nie geweet nie? Het julle nie gehoor nie? Is dit nie van die begin af aan julle bekend gemaak nie? Het julle nie die fundamente van die aarde verstaan nie?

²² Hy sit bo die kring van die aarde, en die bewoners daarvan is soos sprinkane. Hy span die hemele uit soos ’n dun doek en spreid dit uit soos ’n tent om in te woon.

²³ Hy maak die prinse tot niet, die regeerders van die aarde verander Hy in nietigheid.

²⁴ Skaars is hulle geplant, skaars is hulle gesaai, skaars wortel hulle stam in die grond, of Hy blaas op hulle, sodat hulle verdor, en die stormwind voer hulle weg soos strooi.

²⁵ “Met wie dan sal julle My vergelyk, dat Ek net so kan wees?” sê die Afgesonderde.

²⁶ Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskep? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam. Weens die grootheid van Sy magte en omdat Hy sterk van krag is – word daar nie een vermis nie.

²⁷ Waarom sê jy dan, Jaäkoḇ, en praat jy, Jisra’ël: “My weg is vir יהוה verborge, en my reg gaan by my Elohim verby?”

²⁸ Het jy nie geweet nie? Het jy nie gehoor nie? יהוה is die ewige Elohim, Skepper van die eindes van die aarde, Hy word nie moeg of afgemat nie. Sy verstand kan nie ondersoek word nie.

²⁹ Hy gee die vermoeide krag en vermeerder krag vir die wat geen magte het nie.

³⁰ Die jonges word moeg en afgemat, en die jongmanne struikel selfs,

³¹ maar die wat op יהוה wag, kry nuwe

krag, hulle vaar op vlerke soos die arende, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie afgemat nie.

41 “Wees stil voor My, eilande, en laat die volke hulle krag vernuwe! Laat hulle nader kom, laat hulle dan praat. Laat ons saamkom vir regspraak.

² “Wie het die regverdige uit die ooste laat opstaan, hom geroep na Sy voete, nasies aan hom oorgegee en konings aan hom laat onderwerp? Sy swaard het hulle soos stof gemaak, sy boog soos ’n dwarrelende stoppel.

³ “Hy het hulle agtervolg, veilig verby-getrek, met ’n pad wat sy voete nie betree het nie?

⁴ “Wie het dit uitgevoer en gedoen, en die geslagte van die begin af geroep? Ek, יהוה, die Eerste, en die Laaste, Ek is Hy.”

⁵ Die eilande sien dit en vrees, die eindes van die aarde bewe. Hulle nader en kom aan.

⁶ Elkeen help sy naaste en sê vir sy broer: “Wees sterk!”

⁷ En die ambagsman versterk die goudsmid. Hy wat met die hamer plat slaan, hom wat op die aambeeld slaan, terwyl hy van die las sê: “Dit is goed!” En hy slaan dit met spykers vas, dat dit nie wankel nie.

⁸ “Maar jy, Jisra’ël, My dienaar, Jaäkob, wat Ek gekies het, saad van Abraham, My vriend,

⁹ jy, wat Ek gegryp het van die eindes van die aarde en van sy uithoeke geroep het, en Ek het vir jou gesê: ‘Jy is my dienaar, Ek het jou gekies en jou nie verwerp nie.

¹⁰ “Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou. Moenie angstig rondkyk nie, want Ek is jou Elohim. Ek versterk jou, Ek help jou, ook ondersteun Ek jou met die regterhand van My geregtigheid.’

¹¹ “Kyk, hulle almal wat op jou toornig is sal skaam en in die skande wees, hulle sal word soos niks. En hulle wat met jou wedywer vergaan.

¹² “Jy sal hulle soek, maar hulle nie vind nie, die mans wat met jou twis. Die mans

wat teen jou oorlog voer, hulle sal word soos niks en soos ’n nietige ding

¹³ “Want Ek, יהוה, jou Elohim, hou jou regterhand, Ek wat vir jou sê: ‘Wees nie bevrees nie, Ek sal jou help.’

¹⁴ “Wees nie bevrees nie, wurmpie Jaäkob, volkie Jisra’ël! Ek sal jou help,” sê יהוה, en jou Verlosser, die Afgesonderde van Jisra’ël.

¹⁵ “Kyk, Ek maak jou ’n nuwe dorsslee wat skerp tande het, jy sal berge dors en fyn maal, en heuwels maak soos kaf.

¹⁶ “Jy sal hulle uitwan, en die wind sal hulle wegneem en die storm hulle verstrooi; maar jy sal juig in יהוה, jou beroem op die Afgesonderde van Jisra’ël.

¹⁷ “Die ellendiges en behoeftiges soek water, maar daar is nie; hulle tong verdroog van dors, Ek, יהוה, hoor hulle; Ek, die Elohim van Jisra’ël, verlaat hulle nie.

¹⁸ “Ek maak riviere op die kaal heuwels oop en fonteine in die valleie; Ek maak die woestyn ’n waterplas en die dor land waterbronne.

¹⁹ Ek gee in die woestyn die seder, die akasia en die mirt en die olieboom; Ek plant in die wildernis die sipres, die denneboom en die boksboom, almal saam.

²⁰ Sodat hulle almal saam kan sien en weet en opmerk en verstaan dat die hand van יהוה dit gedoen het en die Afgesonderde van Jisra’ël dit geskep het.

²¹ “Bring julle regsak voor,” sê יהוה. “Bring julle argumente,” sê die Koning van Jaäkob.

²² “Laat hulle nader kom en ons vertel wat gaan gebeur! Vertel die vorige dinge, hoe hulle was, sodat ons daarop kan ag gee en van die afloop daarvan kan kennis neem. Of vertel ons die toekomstige dinge!

²³ “Vertel dinge wat later sal kom, dat ons kan weet dat julle elohim is; ja, doen goed of doen kwaad, dat ons verbaas kan staan en dit saam kan sien.

²⁴ “Kyk, julle is niks, en julle werk is niks; hy wat julle kies is ’n gruwel.

²⁵ “Ek het uit die noorde een verwek, en hy kom; van die opgang van die son af

JESHAJAHU 42

een wat My Naam aanroep. En hy kom teen die vorste soos modder, en soos 'n pottebakker klei trap.

²⁶ "Wie het dit vertel van die begin af, dat ons kan weet? of vantevore al, dat ons kan sê: 'Hy is regverdig?' Ja, daar is niemand wat dit vertel nie, ja, niemand wat dit verkondig nie, ja, niemand wat julle woorde hoor nie.

²⁷ "Die Eerste sê aan Tsjion: 'Kyk, kyk na hulle!' En aan Jarushalajim gee Ek een wat goeie nuues verkondig

²⁸ "En Ek kyk rond, maar daar is niemand nie, en tussen hulle, maar daar is geen raadgewer, dat Ek hulle kan vra en hulle antwoord kan gee nie.

²⁹ Kyk, hulle is almal nutteloos, hulle werke is niks, hulle gegote beelde is wind en nietigheid.

42 "Kyk, My dienaar wat Ek ondersteun, My verkorene in wie My Wese verheug is! Ek het My Gees op hom gelê. Hy bring regspraak na die nasies uit.

² "Hy skreeu nie of roep uit nie of laat Sy stem op die straat gehoor word nie.

³ "Die verbryselde riet breek hy nie en blus die dowwe lamppit nie uit nie. Met waarheid bring hy die regspraak uit.

⁴ "Hy word nie swak of verbrysel, totdat hy die regspraak op aarde gevestig het nie. En die eilande wag op sy onderrig."

⁵ So sê die **ÉI**, יהוה, wat die hemele geskep en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met wat daaruit voortkom, wat aan die aardbewoners die asem gee en die gees aan wie daarop loop:

⁶ "Ek, יהוה, het jou in geregtigheid geroep, en Ek vat jou hand en behoed jou en gee jou as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies,

⁷ om blinde oë te open, om gevangenes uit die gevangenis uit te lei, uit die tronk diegene wat in die duisternis sit.

⁸ "Ek is יהוה, dit is My Naam, en My aansien sal Ek aan geen ander gee, of My lof aan die idole nie.

⁹ "Kyk, die vorige dinge het gekom, en Ek verkondig nuwe dinge; voordat hulle

uitspruit, laat Ek julle dit hoor."

¹⁰ Sing vir יהוה 'n nuwe lied, Sy lof van die einde van die aarde af - julle wat op die see vaar, en alles wat daarin is, eilande en bewoners daarvan!

¹¹ Laat die woestyn en sy stede uitroep, die dorpe waar Kēdar woon! Laat die bewoners van Sela jubel, van die kruin van die berge af skreeu!

¹² Laat hulle aan יהוה die aansien gee en Sy lof in die eilande verkondig!

¹³ יהוה sal uittrek soos 'n held. Hy sal die ywer opwek soos 'n krygsman. Hy sal uitroep, ja uitskreeu. Teen Sy vyande Hom as held openbaar.

¹⁴ "Ek het baie lank stil gebly, My stil gehou, My bedwing. *Nou* skreeu Ek uit soos een wat baar, haal Ek hard asem en hyg tegelykertyd.

¹⁵ "Ek verwoes berge en heuwels en verdroog al hulle plante. en Ek sal riviere tot eilande maak en waterplasse laat opdroog.

¹⁶ "En Ek sal blindes lei op 'n weg wat hulle nie ken nie, hulle laat loop op paaie wat hulle nie ken nie. Ek maak die duisternis lig voor hulle uit en die ongelyke plekke gelyk. Dit is die dinge wat Ek sal doen en hulle nie verlaat nie.

¹⁷ "Die wat op idole vertrou, wat aan gegote beelde sê: 'Julle is ons elohim', sal teruggedraai word, diep beskaamd.

¹⁸ "Hoor, julle dowes! En kyk, julle blindes, en sien!

¹⁹ "Wie is blind buiten My dienaar en doof soos My boodskapper wat Ek stuur? Wie is blind soos hy wat tevrede is, en blind soos die dienaar van יהוה?

²⁰ "Jy sien baie dinge, maar merk nie op nie, die ore is oop, maar hoor nie."

²¹ Dit het יהוה behaag ter wille van Sy geregtigheid om die Tora groot en aansienlik te maak.

²² Maar dit is 'n beroofde en geplunderde volk, hulle is almal gevang in gate, versteek in tronke. Hulle het 'n buit geword sonder dat iemand red, 'n plundering sonder dat iemand sê: "Gee terug!"

²³ Wie tussen julle luister na hierdie dinge? Wie merk op, hoor dit ook vir die toekoms?

²⁴ Wie het Jaäkob oorgegee vir plundering en Jisra'ël aan die rowers? Was dit nie יהוה teen wie ons gesondig het nie? En hulle wou nie in Sy weë wandel nie en het na Sy Tora nie geluister nie.

²⁵ Daarom het Hy oor hulle Sy gloeiende toorn uitgestort en die geweld van oorlog, en dit het hulle rondom aan die brand gesteek, maar hulle het dit nie besef nie. En dit het teen hulle gebrand, maar hulle het dit nie ter harte geneem nie!

43 Maar nou, so sê יהוה, jou Skepper, Jaäkob, Hy wat jou gevorm het, Jisra'ël: "Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos. Ek het jou by jou naam geroep. Jy is Myne!

² "Wanneer jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere, hulle sal jou nie oorstroom nie. Wanneer jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.

³ "Want Ek is יהוה, jou Elohim, die Afgesonderde van Jisra'ël, jou Verlosser. Ek het Mitsrajim gegee as losprys vir jou, Kush en Seba in jou plek.

⁴ Omdat jy kosbaar is in My oë, hoog geag is, en Ek jou liefhet, gee Ek mense in jou plek en volke vir jou lewe.

⁵ "Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou. Ek sal jou saad van die ooste af bring en jou versamel van die weste af.

⁶ "Ek sal aan die noorde sê: 'Gee!' En aan die suide: 'Hou nie terug nie!' Bring My seuns van ver, en My dogters van die einde van die aarde af,

⁷ elkeen wat na My Naam genoem word en wat Ek geskep het, wat Ek gevorm het, wat Ek ook gemaak het tot My aansien."

⁸ Hy sal 'n blinde volk wat oë het, en dowes wat ore het, uitbring.

⁹ Al die nasies sal saam vergaderd, en die volke versameld wees. Wie onder hulle kan sulke dinge verkondig en die vorige dinge aan ons bekend maak? Laat hulle

hul getuies bring, dat hulle geregverdig kan word; of laat hulle hoor en sê: "Dit is waarheid!"

¹⁰ "Julle is My getuies," sê יהוה, "En My dienaar wat Ek gekies het, sodat julle kan weet en My kan glo, en insien dat Ek Hy is. Voor My is geen Ël gevorm nie, en ná My sal daar geeneen wees nie.

¹¹ "Ek, Ek is יהוה, en daar is geen Verlosser buiten My nie.

¹² "Ek het verkondig en verlos en dit laat hoor, en daar was geen vreemde *eloah* tussen julle nie. En julle is My getuies," sê יהוה, en Ek Ël.

¹³ "Ook voor vandag is Ek Hy, en niemand red uit My hand nie. Ek werk, en wie kan dit omkeer?"

¹⁴ So sê יהוה, jou Verlosser, die Afgesonderde van Jisra'ël: "Om julle ontwil sal Ek na Babel stuur, en Ek sal hulle almal as vlugteling verdruk, selfs die Kasdim, wat oor hulle skepe gejuig het.

¹⁵ "Ek is יהוה, julle Afgesonderde, die Skepper van Jisra'ël, julle Koning."

¹⁶ So sê יהוה wat in die see 'n weg en in die sterk waters 'n pad gemaak het,

¹⁷ wat waens en perde, leërmag en held laat uittrek het – hulle lê saam, hulle staan nie op nie, hulle is geblus, soos 'n lampit uitgedoof:

¹⁸ "Moenie aan die voormalige onthou nie, en moenie wat vroeër gebeur het in ag neem nie.

¹⁹ "Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit gaan nou uitspruit. Weet julle dit nie? Ja, Ek maak 'n pad in die wildernis, riviere in die woestyn.

²⁰ "Die wilde diere van die veld sal My ag, die jakkalse en die volstruise; want Ek gee waters in die wildernis, riviere in die woestyn om My volk, My uitverkorene, te laat drink.

²¹ "Die volk het Ek vir My gevorm, hulle sal My lof verkondig.

²² "Maar jy het My nie aangeroep nie, Jaäkob, maar jy was moeg vir My, Jisra'ël!

²³ "Jy het nie vir My die kleinvee vir jou brandoffers gebring nie, en met jou

slagoffers het jy My nie geag nie. Ek het jou nie belas met offers en jou nie vermoei met wierook nie.

²⁴ "Jy het nie vir My suikerriet met geld gekoop of My met die vet van jou slagoffers verkwik nie, maar jy het My belas met jou sondes, jy het My vermoei met jou booshede.

²⁵ "Ek, Ek is Hy wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil, en jou sondes ont-hou Ek nie.

²⁶ "Herrinner My, laat ons teen mekaar pleit; vertel jy, dat jy geregverdig kan word.

²⁷ "Jou eerste vader het gesondig, en jou tolke het teen My oortree.

²⁸ So het Ek dan afgesonderde leiers geskend en Jaäkoḅ aan die vloek en Jisra'ël aan bespotting oorgegee.

44 "Maar nou hoor, Jaäkoḅ, My dienaar en Jisra'ël wat Ek gekies het!

² "So sê יהוה, jou gemaak en jou gevorm het van die moederskoot af, wat jou help: 'Wees nie bevrees nie, Jaäkoḅ, My dienaar, en Jeshurun^{aa} wat Ek gekies het!

³ 'Want Ek giet water op die dorstige en strome op die droë grond. Ek giet My Gees op jou saad en My seen op jou nakomelinge.

⁴ 'En hulle sal tussen die gras uitspruit, soos wilgers by waterstrome.

⁵ "Die een sal sê: 'Ek behoort aan יהוה;' en 'n ander sal homself onder die naam van Jaäkoḅ noem; en 'n ander sal met sy hand skryf: 'Ek behoort aan יהוה;' en hom met die naam Jisra'ël noem.

⁶ "So sê יהוה, die Koning van Jisra'ël en sy Verlosser, יהוה van die leërskaar: 'Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen Elohim nie.

⁷ 'En wie is soos Ek? Laat hom uitroep en dit vertel en aan My voorlê, vandat Ek die ewige volk gevestig het. En laat hulle die toekoms en wat sal gebeur, vertel.

⁸ 'Wees nie verskrik nie, en moenie bewe nie! Het Ek jou dit nie lank tevore laat

hoor en vertel nie? En julle is My getuies! Is daar 'n Eloah buiten My? Ja, daar is geen ander Rots nie, Ek ken nie een nie."

⁹ Hulle wat 'n idool maak, is almal nietigheid, en hulle vreugde bring geen voordeel nie. En hulle eie getuies – hulle sien nie en weet nie, sodat hulle beskaamd staan.

¹⁰ Wie maak 'n 'ël of giet 'n idool wat geen voordeel bring nie?

¹¹ Kyk, al sy aanhangers is beskaamd, en die ambagsmanne is net mense! Laat hulle almal bymekaarkom, opstaan, bevrees wees, saam beskaamd wees!

¹² Die ystersmid neem gereedskap en werk in die kole, en hy vorm dit met hamers en bewerk dit met die krag van sy arm. Hy word egter honger en het geen krag nie. Hy drink geen water nie, en word moeg.

¹³ Die houtwerker span 'n lyn, hy trek dit af met 'n els; hy bewerk dit met beitels en trek dit af met 'n passer en maak dit in die vorm van 'n man, na die skoonheid van 'n mens, om in 'n huis te bly.

¹⁴ Hy kap seders af vir homself, en hy neem sipres en eik wat hy vir hom laat groei tussen die bome van die bos. Hy het 'n den geplant, en die reën het dit grootgemaak.

¹⁵ Dan sal 'n mens dit brand, want hy neem daarvan en maak hom warm. Hy steek dit ook aan die brand en bak brood. Hy maak ook 'n 'ël daarvan en buig hom daarvoor neer, hy maak 'n gesnede beeld daarvan en val daarvoor neer.

¹⁶ Die helfte daarvan verbrand hy in die vuur; met die helfte eet hy vleis. Hy braai braaivleis en word versadig. Hy maak hom ook warm en sê: "Ha, ek het warm geword, ek het vuur gesien!"

¹⁷ En van wat oor is, maak hy 'n 'ël, sy gesnede beeld. Hy val daarvoor neer en buig hom en aanbid dit en sê: "Red my, want u is my 'ël!"

¹⁸ Hulle weet nie en verstaan nie, want hulle oë is toegesmeer, sodat hulle nie

^{aa} Poëtiese titel van Jisra'ël wat Reguit of Regop beteken. Sien ook D'ḡ 32:15; 33:5, 26

sien nie, hulle harte, sodat hulle nie verstaan nie.

¹⁹ En niemand draai om in sy hart nie, en daar is geen kennis of verstand om te sê: "Die helfte daarvan het ek verbrand in die vuur, en ek het ook op die kole daarvan brood gebak; ek het vleis gebraai en geëet. En sal ek van die oorblyfsel daarvan 'n gruwel maak? Sal ek neerkniel voor 'n stuk hout?"

²⁰ Hy wat van as leef, 'n misleide hart draai hom weg, en hy ken sy wese nie red, of nie: "Is daar nie 'n leuen in my regterhand nie?"

²¹ "Onthou hierdie, Jaäkoḅ en Jisra'ël! Want jy is My dienaar! Ek het jou gevorm, jy is My dienaar, Jisra'ël! Moet My nie vergeet nie.

²² "Ek sal jou oortredinge uitvee soos 'n wolk en jou sondes soos 'n miswolk. Keer terug na My, want Ek sal jou verlos."

²³ Jubel, hemele, want יהוה sal dit doen! Juig, dieptes van die aarde! Breek uit in gejubel, berge, woude en al die bome daarin! Want יהוה sal Jaäkoḅ verlos, en Hy sal Homself groot maak in Jisra'ël.

²⁴ So sê יהוה, jou Verlosser, en Hy wat jou gevorm het van die moederskoot af: "Ek is יהוה wat alles doen, wat alleen die hemel uitspan, en wat die aarde uitsprei sonder iemand by My,

²⁵ wat die tekens van die leuenars vernietig en die waarsêers mal maak, wat die wyse agteruit laat wyk en hulle kennis dwaasheid maak,

²⁶ wat die woord van Sy dienaar bevestig en die raad van Sy boodskappers voltooi, wat van Jarushalajim sê: "Word bewoon," en van die stede van Jahuda: "Hulle sal herbou word, en Ek sal sy puinhope oprig;

²⁷ wat vir die diepte sê: 'Verdroog! en jou riviere sal Ek laat verdroog,'

²⁸ wat van Koresh sê: 'Hy is My herder, en hy sal alles voltooi wat My behaag en aan Jarushalajim sê: "Dit moet gebou word," en aan die tempel, "Die fundamente moet gelê word."

45 "So sê יהוה aan Sy gesalfde, aan

Koresh, wie se regterhand Ek gevat het om nasies aan hom te onderwerp, en Ek die lendene van konings losgord, om deure voor hom oop te maak, en hekke nie gesluit bly nie:

² "Ek self gaan voor jou uit en maak hoogtes gelyk, Ek breek koperhekke en slaan ystergrendels stukkend.

³ "En Ek sal jou die skatte van die donkerte gee en die versteekte rykdomme van verborge plekke, sodat jy kan weet dat Ek יהוה, wat jou by jou naam roep, die Elohim van Jisra'ël is.

⁴ "Ter wille van Jaäkoḅ, My dienaar, en Jisra'ël, My verkorene, roep Ek jou by jou naam, Ek gee jou 'n naam, hoewel jy My nie geken het nie.

⁵ "Ek is יהוה, en daar is geen ander nie – naas My is daar geen Elohim nie. Ek omgord jou, hoewel jy My nie geken het nie,

⁶ sodat hulle kan weet van die opgang van die son en van sy ondergang af dat daar buiten My geeneen is nie. Ek is יהוה, en daar is geen ander nie,

⁷ wat die lig vorm en die duisternis skep, die vrede bewerk en die teespoed skep. Ek, יהוה, doen dit alles.'

⁸ "Laat dit drup, hemele, van bo af, en laat die wolke geregtigheid uitgiet. Laat die aarde oopgaan, en laat verlossing voortkom en geregtigheid, laat hulle saam uitspruit. Ek, יהוה, het dit geskep.

⁹ "Wee hom wat met sy Maker twis - 'n potskerf by erdepotskerwe! Sal die klei dan aan die wat dit vorm sê: 'Wat maak jy?' Of jou werk sê: 'Hy het geen hande nie!'

¹⁰ "Wee hom wat vir sy vader sê: 'Waarom verwek u?' en vir die vrou: 'Waarom het u geboortepyn?'

¹¹ So sê יהוה, die Afgesonderde van Jisra'ël en sy Maker: "Vra julle My oor My seuns wat kom? En beveel julle My oor die werk van My hande?"

¹² "Ek het die aarde gemaak en die mens daarop geskep. Ek, My hande het die hemel uitgespan, en Ek het sy ganse leërskare beveel.

JESHAJAHU 46

¹³ "Ek het hom opgerig in geregtigheid, en al sy weë sal Ek gelykmaak. Hy bou My stad en laat My ballinge los sonder koopprys en sonder geskenk," sê יהוה van die leërskaare.

¹⁴ So sê יהוה: "Die arbeid van Mitsrajim en die handelswins van Kush en die Sabeërs, mans van hoogte, kom oor na jou toe en is joune. Hulle sal agter jou loop, in kettings sal hulle oortrek en hulle voor jou buig. Hulle sal jou smeek en sê: 'Waarlik, Ël is in jou, en daar is geen ander, geen elohim nie!

¹⁵ Waarlik, U is Ël wat U verborge hou, die Elohim van Jisra'ël, die Verlosser.

¹⁶ Hulle sal beskaamd staan en ook in die skande kom, hulle almal – hulle sal saam in skande gaan – die wat idole maak.

¹⁷ Jisra'ël sal deur יהוה met 'n ewige verlossing verlos word. Julle sal nie beskaamd staan of in die skande kom tot in alle ewigheid nie.

¹⁸ Want so sê יהוה, wat die hemele geskep het, Hy is Elohim, wat die aarde gevorm en dit gemaak het, Hy het dit bevestig, Hy het dit nie geskep om woes te wees nie, maar dit gevorm om bewoon te word: "Ek is יהוה, en daar is geen ander nie.

¹⁹ "Ek het nie in die geheim gepraat nie, in 'n donker plek van die aarde nie. Ek het nie aan die saad van Jaakob gesê: 'Soek My tevergeefs,' nie. Ek is יהוה wat geregtigheid praat, wat regte dinge verkondig.

²⁰ "Versamel julle en kom, kom almal nader, julle wat uit die heidene ontvlug het! Hulle weet niks, wat die hout van hul gesnede beeld dra en 'n Ël aanbid wat nie kan verlos nie.

²¹ "Verkondig en bring nader, ja, laat hulle saam raad hou. Wie het dit van ouds af vertel? Lank tevore dit verkondig? Is dit nie Ek, יהוה, nie? En buiten My is daar geen ander elohim nie, 'n regverdige Ël en Verlosser, daar is geen naas My nie.

²² "Draai na My en word gered, alle eindes van die aarde! Want Ek is Ël, en

daar is geen ander nie.

²³ "Ek het by Myself gesweer, 'n woord het uit My mond gegaan in geregtigheid en sal nie herroep word nie, sodat voor My elke knie sal buig, elke tong sal sweer.

²⁴ "Hulle sal sê: 'Alleen in יהוה het ek geregtigheid en krag.' Na Hom sal hulle kom. En almal sal beskaamd staan wat op Hom toornig is.

²⁵ "In יהוה sal al die saad van Jisra'ël geregverdig word en hulle roem."

46 Bêl het neergebuig, Nebo staan krom, hulle idole is op die diere en op die beeste. Julle swaar gelaaide vrag 'n las vir die vermoeders.

² Saam staan hulle krom, neergebuig, hulle kon die vrag nie red nie, maar het self in gevangenskap gegaan.

³ "Luister na My, huis van Jaakob en die hele oorblyfsel van die huis van Jisra'ël, wat gedra is van die moederskoot af, opgedig is van geboorte af:

⁴ en tot die ouderdom toe is Ek Hy, ja, tot die grysheid toe dra Ek! Ek het dit gedoen, en Ek lig julle op, en Ëk dra en red.

⁵ "Met wie wil julle My vergelyk en My net so maak en My gelykstel, dat ons eenders kan wees?

⁶ "Hulle skud goud uit die geldsak en silwer weeg met die weegskaal af. Hulle huur 'n goudsmid, en hy maak 'n Ël daarvan. Hulle kniel neer, hulle buig ook.

⁷ "Hulle lig hom op die skouer, hulle dra hom en sit hom op sy plek neer. Daar staan hy! Van sy plek beweeg hy nie. Sels al roep iemand hom, antwoord hy nie. Hy verlos hom nie uit sy benoudheid nie.

⁸ "Onthou dit en wees mans, draai terug julle harte, afvalliges!

⁹ "Onthou die dinge wat tevore was, van ouds af, want Ek is Ël, en daar is geen ander nie, Elohim, en daar is niemand soos Ek nie,

¹⁰ wat van die begin af die einde verkondig, en van ouds af wat nog nie gedoen is nie, wat sê: 'My raad sal

bestaan, en alles wat My behaag, sal Ek doen,'

¹¹ wat 'n roofvoël roep uit die ooste, die man van my raad uit 'n ver land. Ek het dit gesê, Ek sal dit ook laat gebeur. Ek het dit beplan, Ek sal dit ook doen.

¹² "Luister na My, julle wat hard is van hart, julle wat ver is van die geregtigheid!

¹³ "Ek sal My geregtigheid naby bring, dit is nie ver nie, en My verlossing sal nie versuim nie. En Ek sal verlossing in Tsjion gee, aan Jisra'ël My aansien.

47 "Kom af en sit in die stof, ongetroude, dogter van Babel! Sit op die grond sonder troon, dogter van die Kasdim! Want jy sal nie langer die vertroetelde en verwénde genoem word nie.

² "Neem die meulstene en maal meel. Verwyder jou sluier, lig die rok op, ontbloot die been, trek deur die riviere!

³ "Laat jou naaktheid ontbloot word, ja, jou skande gesien word! Ek sal wraak neem en geen mens verskoon nie.

⁴ "Ons Verlosser, Sy Naam is יהוה van die leërskaare, die Afgesonderde van Jisra'ël.

⁵ "Sit stil, en gaan in die duisternis, dogter van die Kasdim! Want jy sal nie langer gebiedster van die koninkryke genoem word nie.

⁶ "Ek was toornig op My volk, Ek het My erfdeel geskend en hulle in jou hand oorgegee. Jy het hulle geen barmhartigheid bewys nie, op die bejaarde het jy jou juk baie swaar gemaak.

⁷ "En jy het gesê: 'Ek is gebiedster vir ewig en altyd,' jy het hierdie *dinge* nie ter harte geneem nie, aan die einde daarvan nie gedink nie.

⁸ En nou, hoor dit, wellustige wat so selftevrede sit, wat in jou hart sê: 'Ek en niemand buiten ek nie! Ek sit nie as weduwee of ken kinderloosheid nie.'

⁹ "Hierdie twee dinge sal dan in 'n oomblik, op een dag, oor jou kom: kinderloosheid en weduweeskap. Volcome sal hulle jou oorval, weens die menigte van jou hekserye, weens die groot krag van jou towerspreuke.

¹⁰ "En jy het op jou boosheid vertrou, jy het gesê: 'Niemand sien my nie! Jou wysheid en jou kennis het jou verlei. En jy het in jou hart gesê: 'Ek en niemand buiten ek nie!'

¹¹ "Maar teëspoed sal oor jou kom wat jy nie sal weet van waar nie; en moeilikheid val op jou wat jy nie kan regstel nie, en verwoesting oorval jou skielik sonder dat jy dit weet.

¹² "Staan nou met jou towerspreuke en met jou menigte van jou hekserye waarmee jy jou vermoei het van jou jeug af, miskien kan jy iets uitrig, miskien kan jy verskrik!

¹³ "Jy het jou vermoei met jou menigte planne; laat hulle tog optree en jou red, die astroloë, die sterrekykers, wat elke nuwe maan voorspel wat oor jou sal kom.

¹⁴ "Kyk, hulle sal soos stoppels word, vuur sal hulle verbrand, hulle kan hulself nie red uit die mag van die vlam nie - dit is geen kool om by warm te word nie, geen vuur om daarvoor te sit nie!

¹⁵ "So sal hulle wees, jou koopmans, met wie jy jou vermoei het van jou jeug af. Hulle sal dwaal, elkeen sy eie koers daar is niemand wat jou red nie.

48 "Hoor dit, huis van Jaakob wat genoem word met die naam van Jisra'ël en uit die waters van Jahuda gekom het, wat sweer by die Naam van יהוה en aanspraak maak op die Elohim van Jisra'ël - nie in waarheid of in geregtigheid nie -

² want hulle noem hul na die afgesonderde stad en steun op die Elohim van Jisra'ël - יהוה van die leërskaare is Sy Naam.

³ "Die vorige dinge het Ek lankal verkondig, en uit My mond het dit gegaan, en Ek het dit laat hoor. Ek het dit skielik gedoen, en dit het gebeur.

⁴ "Omdat Ek geweet het dat jy halsstarrig is, en jou nek 'n ystersening is, en jou voorkop brons,

⁵ daarom het Ek jou dit lank gelede verkondig. Voordat dit gekom het, het Ek

JESHAJAHU 49

jou dit laat hoor, dat jy nie sou sê: 'My idool het dit gedoen, of my gesnede beeld of my gegote beeld het dit beveel nie.'

⁶ "Jy het dit gehoor - aanskou dit alles! Sal julle dit dan nie verkondig nie? Van nou af laat Ek jou nuwe dinge hoor en geheime wat jy nie geweet het nie.

⁷ "Nou sal hulle geskep word en nie gelede nie. En voor vandag het jy niks daarvan gehoor nie, dat jy nie sou sê: 'Kyk, ek het dit geweet nie!'

⁸ "Tog het jy dit nie gehoor nie, ook het jy dit nie geweet, ook het jou oor tevore nie daarvoor oopgegaan nie. Want Ek het geweet dat jy baie bedrieglik is, en dat jy van die moederskoot af 'n oortreder genoem is.

⁹ "Om My Naam ontwil verdraag Ek My toorn, en vir My lof hou Ek dit terug, om jou nie af te sny nie.

¹⁰ "Kyk, Ek het jou gelouter, maar nie soos silwer nie; Ek het jou beproef in die smeltkroes van ellende.^{bb}

¹¹ "Om My ontwil, om My ontwil doen Ek dit. Want ag, hoe is dit geskend? En Ek gee My aansien aan geen ander nie.

¹² "Luister na My, o Jaakob, en Jisra'ël, wat Ek geroep het, Ek is Hy, Ek is die Eerste, Ek is ook die Laaste.

¹³ "Ook, My hand het die aarde gevestig, en My regterhand het die hemele uitgesprei. Ek roep hulle, hulle staan almal saam.

¹⁴ "Kom bymekaar, julle almal, en luister! Wie onder hulle het dit verkondig? יהוה het hom lief gehad. Hy sal sy welbehag voltrek aan Babel, en Sy arm oor die Kasdim.

¹⁵ "Ek, Ek het dit gesê, Ek het hom ook geroep, Ek het hom gebring, en in sy weg sal hy voorspoedig wees.

¹⁶ "Kom nader na My, hoor dit: Ek het nie van die begin af in die geheim gepraat nie; van die tyd af dat dit gebeur, is Ek daar! En nou het Meester יהוה my gestuur en Sy Gees."

^{bb} Sien D'b 8:2-16

¹⁷ So sê יהוה, jou Verlosser, die Afgesonderde van Jisra'ël: "Ek is יהוה jou Elohim, wat jou leer wat voordelig is, wat jou lei op die weg wat jy moet gaan.

¹⁸ "Het jy maar na My gebooie geluister het, dan sou jou vrede gewees het soos 'n rivier en jou geregtigheid soos die golwe van die see.

¹⁹ "En jou saad sou soos die sand gewees het, en die wat uit jou liggaam voortkom, soos die korreltjies daarvan. Sy naam sou nie afgesny of verdelg word voor My nie!

²⁰ "Gaan uit Babel! Vlug van die Kasdim! Verkondig met jubelende stem, laat dit hoor, stuur dit uit tot by die einde van die aarde! Sê: יהוה het Sy dienaar Jaakob verlos!"

²¹ En hulle het nie dors gehad toe Hy hulle deur die woestyn gelei het nie; Hy het water uit die rots vir hulle laat stroom en die rots gekloof, sodat die waters uitgevloei het.

²² "Geen vrede vir die bese nie!" sê יהוה.

49 "Luister na My, eilande, en hoor, volke wat ver is! יהוה het My geroep van die baarmoeder af, van My moeder se skoot af het Hy My Naam genoem.

² "En Hy het My mond gemaak soos 'n skerp swaard, in die skadu van Sy hand het Hy My versteek, en Hy het My 'n skerp pyl gemaak, in Sy pylkoker My weggesteek.

³ "En Hy het vir My gesê: 'Jy is My dienaar, Jisra'ël, in wie Ek geprys word.'

⁴ "En ek het gesê: 'Ek het my tevergeefs vermoei, my krag vir niks en vrugtelooos verteer! Maar my reg is by יהוה, en my loon is by my Elohim.'"

⁵ En nou sê יהוה wat My van die baarmoeder af gevorm het om Sy Dienaar te wees, om Jaakob na Hom terug te bring en dat Jisra'ël by Hom versamel mag word - en Ek word geag in die oë van יהוה, en My Elohim is My sterkte -

⁶ Hy het gesê: "Sal dit te gering wees dat U My Dienaar sou wees om die stamme van Jaakob op te rig en die gespaardes terug te bring in Jisra'ël? En Ek sal U

maak tot 'n lig van die heidene, om My verlossing te wees tot aan die einde van die aarde!"

⁷ So sê יהוה, die Verlosser van Jisra'el, sy Afgesonderde, aan die diep veragte, aan hom wat 'n afsku is by die volk, 'n dienaar van die regeerders: "Konings sal dit sien en opstaan, vorste sal hulle sal hul ook neerbuig ter wille van יהוה wat getrou is, van die Afgesonderde van Jisra'el. En Hy het u gekies."

⁸ So sê יהוה: "In die tyd van die welbehae sal Ek U verhoor, en in die dag van verlossing sal Ek U help – en Ek behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, om die land weer op te rig, om verwoeste erfenisse geërf te laat word,

⁹ om aan die gevangenes te sê: 'Gaan uit!' Aan hulle wat in duisternis is: 'Kom te voorskyn!' By die paaie sal hulle wei, en op al die kaal heuwels sal hulle weiveld wees.

¹⁰ "Hulle sal nie honger of dors hê nie, en nie die hitte gloed of son sal hulle steek nie, want hulle Ontfermer sal hulle lei en hulle saggies bring na die fontein van water.

¹¹ "En Ek sal al My berge 'n weg maak, en My grootpaaie sal opgevol wees.

¹² "Kyk, hulle hiër kom van ver, en kyk, hulle dáár kom van die noorde en van die weste, en hulle dáár kom uit die land van Sinim."

¹³ Jubel, hemele, en juig, aarde! En berge breek uit in gejubel! Want יהוה sal Sy volk vertrous en Hom oor Sy ellen-diges ontferm.

¹⁴ Maar Tsijon sê: "יהוה het my verlaat, en יהוה het my vergeet!"

¹⁵ "Kan 'n vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie!

¹⁶ "Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer; jou mure is konstant voor My.

¹⁷ "Jou seuns sal gou kom, maar jou verwoesters en jou vernielers sal van jou af wegtrek.

¹⁸ "Lig jou oë rondom op en kyk, hulle

almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe! So waar as Ek leef," sê יהוה, "sekerlik sal jy hulle almal aansit soos 'n versiersel, hulle ombind soos 'n bruid.

¹⁹ "Want jou puinhoop en jou verwoeste plekke en jou verwoeste land - sekerlik, nou sal jy te nou wees vir die inwoners, en die wat jou versind het, is ver weg!"

²⁰ "Die kinders waarvan jy beroof is, sal weer voor jou ore sê: 'Die plek is te nou vir my, maak vir my plek om te leef!'

²¹ "En jy sal in jou hart sê: 'Wie het vir my hierdie kinders gebaar, aangesien ek kinderloos en onvrugbaar is, verban en verstote? En wie het hulle grootgemaak? Kyk, ek het alleen oorgebly – waar was hierdie *kinders*?'"

²² So sê Meester יהוה: "Kyk, Ek sal My hand ophef na die nasies en my banier opsteek na die volke; en hulle sal jou seuns in die arms bring, en jou dogters sal op die skouer gedra word.

²³ "En konings sal jou pleegvaders wees, hulle koninginne jou pleegmoeders. Hulle buig voor jou neer met die gesig na die aarde toe en lek die stof van jou voete. En jy sal weet dat Ek יהוה is, dat hulle wat My verwag nie beskaamd staan nie."

²⁴ Sal buit van 'n held afgeneem word? Of sal die gevangenes van 'n regverdige ontsnap?

²⁵ Maar, so sê יהוה: "Selfs, die gevangenes van die held word afgeneem, en die buit van die magtige ontsnap; en Ek bestry hom wat jou bestry en jou kinders verlos Ek.

²⁶ "En Ek sal jou verdrukkers hulle eie vleis laat eet, en van hulle eie bloed sal hulle dronk word soos van mos. Dan sal alle vleis weet dat Ek, יהוה, jou Redder en jou Verlosser is, die Magtige van Jaakob."

50 So sê יהוה: "Waar is tog die skeibrief van julle moeder waarmee Ek haar verstoot het? Of wie is daar van My skuldeisers aan wie Ek julle verkoop het? Kyk, weens jul ongeregtighede is julle verkoop, en weens jul oortredinge is julle moeder verstoot.

JESHAJAHU 51

² “Waarom, toe Ek gekom het was daar niemand nie, toe Ek geroep het was daar niemand om te antwoord nie? Is My hand werklik te kort om te verlos, of is daar in My geen krag om uit te red nie? Kyk, deur My berisping verdroog Ek die see, Ek maak die riviere ’n woestyn, sodat hulle visse stink, omdat daar geen water is nie, en hulle vrek van dors.

³ “Ek beklee die hemel met donkerte en bedek dit met ’n roukleed.”

⁴ Meester יהוה het My ’n geleerde tong gegee, dat Ek kan weet om die vermoeiende met ’n woord te verkwik. Hy wek oggend vir oggend, Hy wek my oor om te hoor soos geleerdes.

⁵ Meester יהוה het my oor geopen, en ek was nie opstandig nie, ek het nie weggedraai nie.

⁶ Ek het my rug gegee vir die wat slaan, en my wange vir die wat die hare uitpluk, my gesig het ek nie vir vernedering en bespoeging bedek nie.

⁷ En Meester יהוה help my, daarom kom ek nie in die skande nie. Daarom het ek my gesig soos ’n klip gemaak, en ek weet dat ek sal nie verleë wees nie.

⁸ Hy is naby wat my regverdig. Wie wil teen my staan? Laat ons saamstaan! Wie is my teenstander? Laat hom nader kom na my toe!

⁹ Kyk, Meester יהוה help my. Wie kan my veroordeel? Kyk, hulle almal verslyt soos ’n kleed, die mot eet hulle.

¹⁰ Wie is daar tussen julle wat יהוה vrees, wat na die stem van Sy dienaar luister, wat in duisternis wandel en geen lig het nie? Laat hy op die Naam van יהוה vertrou en op sy Elohim steun!

¹¹ Kyk, julle almal wat ’n vuur aansteek, wat julle met vuurpyle omgord - wandel in die vlam van julle vuur en onder die vuurpyle wat julle aangesteek het! Van My hand het dit julle oorgekom: in smart sal julle neerlé!

51 “Luister na My, julle wat die geregtigheid najaag, wat יהוה soek! Aanskou die rots waaruit julle gekap is en die gat van die put waaruit julle gegrawe is.

² “Aanskou Abraham, julle vader, en Sara, wat julle gebaar het. Want hy was een toe Ek hom geroep en hom geseën en hom vermeerder het.

³ Want יהוה sal Tsjion vertroos, Hy sal al sy puinhope vertroos en sy woestyn soos Eden maak en sy wildernis soos die tuin van יהוה. Vreugde en blydschap sal daarin gevind word, danksegging en die klank van liedere.

⁴ “Luister na My, My volk, en neig die oor tot My, My nasie! Want die Tora sal van My uitgaan, en Ek sal My reg vasstel as ’n lig van die volke.

⁵ “My geregtigheid is naby, My verlossing trek uit en My arms sal die volke oordeel. Op My wag die eilande, en op My arm het hulle verwagting.

⁶ “Lig julle oë op na die hemel en beskou die aarde daaronder, want die hemel sal soos rook verdwyn en die aarde soos ’n kleed verslyt en sy bewoners soos muggies sterf. Maar My verlossing is vir ewig en My geregtigheid word nie verbreek nie.

⁷ “Luister na My, julle wat geregtigheid ken, ’n volk in wie se hart My Tora is! Moenie bang wees vir die belediging van mense of verbouereerd vir hulle bespotting nie.

⁸ “Want die mot eet hulle op soos ’n kleed, en die wurm verteer hulle soos wol; maar My geregtigheid is vir ewig en My verlossing van geslag tot geslag.”

⁹ Ontwaak, ontwaak, trek krag aan, arm van יהוה! Ontwaak soos in die dae van ouds, onder die ewige geslagte. Is dit nie U wat Rahab neergekap, wat die see-monster deurboor het nie?

¹⁰ Is dit nie u wat die see, die waters van die groot wêreldvloed drooggemaak het nie, wat van die dieptes van die see ’n pad gemaak het vir die deurtog van die verlostes nie?

¹¹ So sal dan die losgekooptes van יהוה teruggaan en na Tsjion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle koppe wees. Vreugde en blydschap sal hulle kry; kommer en gesug vlug weg.

¹² "Ek, Ek is Hy wat julle troos! Wie is jy, dat jy bevrees is vir die mens wat moet sterf, en vir die seun van 'n mens wat soos gras gemaak is?"

¹³ "En jy het יהוה wat jou gemaak het, wat die hemel uitgesprei en die aarde gevestig het, vergeet; en jy het voortdurend die hele dag gebewe weens die grimmigheid van die verdrukker terwyl hy voorberei het om te verwoes? En waar is die grimmigheid van die verdrukker?"

¹⁴ "Die gekromde gevangene word gou losgelaat en sal nie in die kuil sterf nie, en sy brood sal nie ontbreek nie.

¹⁵ "Maar Ek is יהוה jou Elohim wat die see roer, sodat sy golwe druis. יהוה van die leërskaar is Sy Naam!

¹⁶ "En Ek het My woorde in jou mond gelê en in die skaduwee van My hand jou bedek, om die hemel te plant en die aarde te vestig en aan Tsjion te sê: 'Jy is My volk!'"

¹⁷ Ontwaak, ontwaak! Staen op, Jarushalajim, jy wat uit die hand van יהוה die beker van Sy grimmigheid gedrink het. Die kelk van bedwelming het jy gedrink, uitgesuig.

¹⁸ Daar is nie een om haar te lei van al die seuns wat sy gebaar het nie. Daar is nie een om haar aan die hand te vat van al die seuns wat sy grootgemaak het nie.

¹⁹ Hierdie twee dinge gaan oor jou kom - wie is jammer vir jou? Verwoesting en vernietiging, hongersnood en swaard. Hoe sal ek jou troos?"

²⁰ Jou seuns het verflou, hulle lê by al die straathoeke soos 'n eland in 'n vangnet. Hulle is vol van die grimmigheid van יהוה, die teregwysing van jou Elohim.

²¹ Daarom, hoor tog dit, ellendige, en jy wat dronk is, maar nie van wyn nie!

²² So sê jou Meester, יהוה, en jou Elohim wat die saak van Sy volk bepleit: "Kyk, Ek neem die beker van bedwelming uit jou hand, die kelk van My grimmigheid - jy sal dit nooit weer drink nie.

²³ "En Ek sal dit gee in die hand van die wat jou ellende aandoen, wat vir jou gesê het: 'Buig, dat ons oor kan gaan.'

En jy moes jou rug maak soos die grond en soos 'n straat vir die wat daarvoor gaan."

52 Ontwaak, ontwaak! Trek aan jou krag, Tsjion, trek jou sierlike klere aan, Jarushalajim, afgesonderde stad! Want in jou sal verder geen onbesedene of onreine meer kom nie.

² Skud jou los uit die stof, staan op, sit Jarushalajim! Maak los die bande aan jou nek, gevange dogter van Tsjion!

³ Want so sê יהוה: "Julle is vir niks verkoop, en sonder geld word word julle verlos."

⁴ Want so sê Meester יהוה: "Eerstens het My volk na Mitsrajim afgegaan om daar as vreemdelinge te bly, en Ashshur het hom sonder rede verdruk.

⁵ "En nou, wat het Ek hier?" sê יהוה; "dat My volk vir niks weggeneem is? Sy regeerders laat hulle huil," sê יהוה, en My Naam word aanhoudend die hele dag verag.^{cc}

⁶ "Daarom sal My volk My Naam ken, op daardie dag, want Ek is Hy wat praat. Kyk, hier is Ek!"

⁷ Hoe lieflik is die voete op die berge van hom wat goeie nuus bring, wat vrede laat hoor, wat goeie nuus bring, wat verlossing uitroep, wat aan Tsjion sê: "Jou Elohim regeer!"

⁸ Die stem van jou wagte! Hulle sal die stem ophef, hulle jubel almal saam, want hulle sien oog tot oog hoe יהוה na Tsjion terugkeer.

⁹ Breek uit, jubel almal saam, puinhope van Jarushalajim! Want יהוה troos Sy volk, Hy het Jarushalajim verlos.

¹⁰ יהוה het Sy afgesonderde arm ontbloot voor die oë van al die nasies. En al die eindes van die aarde sal die verlossing van ons Elohim sien.

¹¹ Draai weg! Draai weg! Gaan uit daar, raak nie aan wat onrein is nie. Gaan uit hulle midde, reinig julle, draers van die voorwerpe van יהוה!

¹² Want julle sal nie baie haastig

^{cc} of 'gelaster'. Sien Teh 74:10, 18.

JESHAJAHU 54

weggaan nie en nie vlug nie, want יהוה trek voor julle uit, en die Elohim van Jisra'ël is julle agterhoede.

¹³ Kyk, My dienaar sal voospoedig wees, hy sal hoog en verhewe, ja, baie hoog wees.

¹⁴ Soos baie oor jou verstom was – so is die misvormdheid erger as enige mens, en sy voorkoms erger as dié van seuns van Adam –

¹⁵ so sal hy baie nasies laat opspring. Konings sal hulle mond oor hom toehou, want wat nie aan hulle vertel is nie, sal hulle sien, en wat hulle nie gehoor het nie, sal hulle verstaan.

53 Wie het geglo wat aan ons verkon- dig is? En aan wie is die arm van יהוה geopenbaar?

² Want hy het soos 'n loot voor Hom opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of aansien gehad, dat ons hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons hom sou begeer nie.

³ Hy was verag en verwerp deur die mense, 'n man van smarte en bekend met siekte. Ja, soos een vir wie 'n mens sy gesig wegsteek, was hy verag en ons het hom nie geag nie.

⁴ Verseker het hy ons siektes op hom geneem, en ons smarte het hy gedra. Tog het ons hom gereken as gestraf, deur Elohim geslaan en geteister.

⁵ Maar hy is vir ons oortredende deurboor, vir ons ongeregtighede is hy verbrysel. Die tugtiging vir ons vrede, was op hom, en deur sy wonde word ons genees.

⁶ Soos skape het ons almal gedwaal, ons het elkeen op sy eie pad gedraai. En יהוה het die ongeregtigheid van ons almal op hom gelê.

⁷ Hy is verdruk en hy is geteister, maar hy het nie sy mond oopgemaak nie. Soos 'n lam gelei ter slagting en soos 'n skaap stom voor sy skeerders, maar hy het nie sy mond oopgemaak nie.

⁸ Hy is van die tronk en oordeel weg- geneem. Wie van sy geslag het daaroor gedink dat hy word afgesny van die land

van die lewendes? Vir die oortreding van my volk is hy gestraf.

⁹ En hulle het hom sy graf by die bose gegee, en by 'n ryke was hy in sy dood, omdat hy geen geweld gepleeg het nie en geen bedrog in sy mond was nie.

¹⁰ Maar dit het יהוה behaag om hom te verbrysel, Hy het hom siek gemaak, sodat toe hy homself as 'n skuldoffer aangebied het, hy 'n saad sou sien; hy sou die dae verleng, en die welbehag van יהוה sal deur sy hand gedy.

¹¹ Hy sal die bitter lyding van sy lewe sien en tevrede wees. Deur sy kennis maak My regverdige dienaar, baie regverdig, en hy dra hulle sonde.

¹² Daarom gee Ek Hom 'n deel tussen die grotes, en met magtiges verdeel hy buit, omdat hy sy wese uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, en hy die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het.

54 "Jubel, onvrugbare, wat nie gebaar het nie! Breek uit in gejubel en juig, jy wat geen geboortepyne gehad het nie! Want die kinders van die eensame is meer as die kinders van die getroude," sê יהוה.

² "Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die seile van jou tentwonings oopspan. Moenie terughou nie! Verleng jou toue en versterk jou.

³ "Want jy sal regs en links uitbreek, en jou saad sal nasies in besit neem en verwoeste stede bevolk.

⁴ "Moenie vrees nie, want jy sal nie beskaam word nie, ook nie gewond nie, jy sal nie verneder word nie. Want die skande van jou jeug sal jy vergeet en die vernedering van jou weduweeskap nie onthou nie.

⁵ "Want jou Maker is jou Man, יהוה van die leërske is Sy Naam, en die Afgesonde van Jisra'ël is jou Verlosser. Hy word die Elohim van die hele aarde genoem.

⁶ "Want יהוה het jou soos 'n vrou verlate en bedroef in gees geroep, soos 'n vrou uit die jeugtyd toe sy verag was," sê jou

Elohim.

⁷ "Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferming sal Ek jou vergader.

⁸ "In 'n uitstorting van toorn het Ek vir 'n oomblik My gesig vir jou verberg, maar met ewige goedheid ontferm Ek My oor jou," sê יהוה, jou Verlosser.

⁹ "Want dit is die waters van Noag vir My: Ek het gesweer dat die waters van Noag nie weer oor die aarde sal gaan nie, so het Ek gesweer dat Ek nie toornig op jou sal wees of jou sal bestraf nie.

¹⁰ "Want berge kan verdwyn en heuwels wankel, maar My goedheid sal nie van jou verdwyn en My vredeverbond nie wankel nie," sê יהוה, jou lief het.

¹¹ "Jy, ellendige, deur storm gejaag en ongetroos, kyk, Ek lê jou stene met kleur, en Ek lê jou fondament in saffiere,

¹² en jou kantele sal Ek van robyne maak en jou poorte van karbonkels en jou hele ringmuur van edelgesteentes.

¹³ "En al jou kinders sal deur יהוה geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees.

¹⁴ "In geregtigheid sal jy bevestig word – ver van verdrukking, want jy hoef nie te vrees nie, en van verwoesting, want dit sal nie by jou kom nie.

¹⁵ "Kyk, hulle sal verseker bymeekaarkom, dit is nie uit My nie. Wie teen jou bymeekaar sal kom, sal oor jou val.

¹⁶ "Kyk, Ek het die smid geskep wat die kole in die vuur aanblaas en 'n wapen voortbring volgens sy ambag. En Ek het die verderwer geskep om te vernietig.

¹⁷ "Geen wapen wat teen jou gesmee word, sal iets bereik nie, en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfenis van die dienaars van יהוה en hulle geregtigheid van My," sê יהוה.

55 "Almal wat dors het, kom na die waters. En wie geen geld het nie, kom, koop en eet. Ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!

² "Waarom weeg julle geld af vir wat nie brood is nie, en jul arbeid vir wat nie kan

versadig nie? Luister, luister na My en eet die goeie, en laat julle wese hom in vettigheid verlustig.

³ "Neig julle oor en kom na My. Luister, dat julle wese kan lewe. Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit, die betroubare goedheid van Dawid.

⁴ "Kyk, Ek het hom as 'n getuie vir die volke gegee, tot 'n leier en 'n aanvoerder van die volke.

⁵ "Kyk, 'n nasie wat jy nie geken het nie, sal jy roep, en 'n nasie wat jou nie geken het nie, sal na jou hardloop, weens יהוה jou Elohim en die Afgesonderde van Jisra'el, omdat Hy jou geprys het."

⁶ Soek יהוה terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.

⁷ Laat die bose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes. En laat hy na יהוה terugkeer, dan sal Hy hom barmhartig wees, en na ons Elohim, want Hy vergewe oorvloedig.

⁸ "Want My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie My weë nie," sê יהוה.

⁹ "Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My weë hoër as julle weë en My gedagtes as julle gedagtes.

¹⁰ "Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en nie daarheen terugkeer nie, maar die aarde nat maak en maak dat dit voortbring en bot en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter,

¹¹ so is My woord wat uit My mond gaan – dit keer nie leeg na My terug nie, maar sal doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waarvoor Ek dit stuur.

¹² "Want met vreugde sal julle uittrek en met vrede ingebring word. Die berge en heuwels breek voor julle in gejubel uit, en al die bome van die veld klap hande.

¹³ "Pleks van 'n doringboom sal 'n sipres opgaan, pleks van 'n distel sal 'n mirteboom opgaan. En dit sal vir יהוה tot 'n naam wees, as 'n ewige teken wat nie afgesny word nie."

56 So sê יהוה: "Bewaar die reg en doen geregtigheid, want My verlossing is naby om te kom en My geregtigheid om

JESHAJAHU 57

geopenbaar te word.

² "Geseënd is die mens wat dit doen en die seun van die mens wat daaraan vashou, wat die Sabbat hou, sodat hy dit nie skend nie, en sy hand terughou, dat dit geen kwaad doen nie.

³ "En laat die seun van die uitlander wat hom by יהוה aangesluit het, nie praat en sê: יהוה sal my verseker van Sy volk afskei, nie, en laat die ontmande nie sê: 'Kyk, ek is 'n droë boom', nie."

⁴ Want so sê יהוה: "Aan die ontmandes wat My Sabbatte hou en kies wat My behaag en vashou aan My verbond:

⁵ "Ek sal aan hulle in My huis en binne My mure 'n plek en 'n naam gee wat beter is as seuns en dogters. Ek gee aan hulle 'n ewige naam, wat nie afgesny word nie.

⁶ "En die seuns van die uitlander wat hulle by יהוה aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van יהוה lief te hê deur Sy dienaars te wees, elkeen wat die Sabbat hou, en dit nie skend nie, en hulle wat vashou aan My verbond,

⁷ hulle sal Ek bring na My afgesonderde berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in My Huis van gebed. Hulle brandoffers en hulle slagoffers is welgevallig op My altaar, want My huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke."

⁸ Meester יהוה wat diegene versamel wat van Jisra'ël verdryf is, sê: "Ek versamel nog by hom, buiten sy versameldes."

⁹ Al julle wilde diere van die veld, kom eet! Al julle wilde diere in die bos!

¹⁰ Hulle wagte is almal blind, hulle weet niks nie. Hulle is almal stom honde wat nie kan blaf nie, wat dromerig lê, lief is om te sluimer.

¹¹ En die honde is gulsig, hulle ken geen versadiging nie. En hulle is herders! Hulle kan nie verstaan nie. Almal loop hulle eie pad, elkeen na sy onregverdige wins, almal saam.

¹² "Kom, laat ek wyn gaan haal, en laat ons sterk drank drink.^{dd} En die dag van

môre sal wees soos vandag, selfs baie groter!"

57 Die regverdige het vergaan, en niemand neem dit ter harte nie. En die goeie mense word weggeneem sonder dat iemand verstaan dat die regverdige word weggeneem weens die boosheid.

² Hy gaan in vrede. Hulle wat 'n reguit pad loop sal op hulle beddens rus.

³ "Maar julle, kom hier, kinders van 'n towerheks, saad van die owerspeler en die hoer!

⁴ "Teenoor wie is julle vermakerig? Teen wie rek julle die mond oop, steek julle die tong uit? Is julle nie kinders van oortreding, 'n saad van leuens nie,

⁵ wat ontvlam is met elohim, onder elke groen boom, wat die kinders in die valleie slag, onderkant die splete in die rotse?

⁶ By die gladde klippe van die stroom is jou deel; hulle, hulle is jou lot! Jy het ook vir hulle drankoffers uitgegiet, graanoffers gebring! Moet Ek daarmee tevrede wees?

⁷ "Op 'n hoë en verhewe berg het jy jou bed gemaak. Jy het ook daar opgeklim om offers te bring.

⁸ "En agter die deur en die deurpos het jy jou gedenkteken gesit. Want jy het My verlaat en hulle opgegaan. Jy het jou bed wyd gemaak, en jy het verbond met hulle gesluit. Jy het hulle bed liefgehad, jy het die hand gesien.

⁹ "En jy het na die koning getrek met olie en jou parfuum vermeerder. En jy het jou boodskappers na ver plekke gestuur, en gesink, selfs na She'ol.

¹⁰ "Jy het moeg geword deur jou baie reise, tog het jy nie gesê: 'Dit is hope-loos,' nie! Jy het lewe in jou hand gevind, daarom het jy nie uitgeput geword nie.

¹¹ "En vir wie was jy bang en bevrees, dat jy gelieg het en My nie onthou het nie, of dit nie ter harte geneem het nie? Was Ek nie stil nie, en dit baie lank al, en jy het My nie gevrees nie?

¹² "Ék sal jou geregtigheid bekend maak en jou werke, want hulle bring jou geen voordeel nie.

^{dd} Sien hoofstukke 28 & 29.

¹³ "Wanneer jy skreeu, laat jou klomp *idole* jou red. Maar die wind sal hulle almal wegdra, 'n luggie neem hulle weg. Maar wie by My skuiling soek, sal die land erf en My afgesonderde berg besit."

¹⁴ En iemand sal sê: "Vul op, vul op, berei die weg, verwyder die struikelblok uit die weg van My volk."

¹⁵ Want so sê die Hoë en Verhewene wat in ewigheid woon, wie se Naam afgesonderd is: "Ek woon in die hoë en afgesonderde plek, en by die verbryselde en nederige gees, om nederige gees te laat herlewe en die hart van die verbryselfdes te laat herlewe."

¹⁶ "Want Ek sal nie vir ewig twis en nie vir altyd toornig wees nie, want die gees sou voor My wegwyn en die wesens wat Ek gemaak het."

¹⁷ "Weens die ongeregtigheid van hulle hebsug was Ek toornig en het Ek hulle geslaan. Ek het My verberg en was toornig, en hulle het avallig voortgegaan op die weg van hul hart."

¹⁸ "Ek het hulle weë gesien, en Ek sal hulle genees, en Ek sal hulle lei en aan hulle rustigheid gee, en aan hulle treurendes."

¹⁹ "Ek skep die vrug van die lippe: vrede, vrede vir die wat ver en die wat naby is," sê יהוה, "en Ek sal hulle genees."

²⁰ Maar die bose is soos 'n onstuimige see, want dit kan nie tot rus kom nie, en sy waters gooi slyk en modder op.

²¹ "Geen vrede," sê my Eloah, "vir die bose nie!"

58 "Roep uit die keel, moenie terug hou nie. Verhef jou stem soos 'n rams-horing! En verkondig aan My volk hulle oortreding en aan die huis van Jaakob hulle sondes."

² "Tog soek hulle My dag vir dag en begeer die kennis van My weë, soos 'n nasie wat geregtigheid gedoen het en die reg van hul Eloah nie verlaat het nie. Hulle vra van My regverdige uitsprake, hulle het 'n behae in die toenadering tot Elohim."

³ "Waarom het ons gevas, en U het dit nie

gesien nie? Waarom het ons ons wese, bedroef en U het dit nie geweet nie?" "Kyk, op die dag wat julle vas, soek julle plesier, en julle jaag al jul arbeiders aan."

⁴ "Kyk, julle vas om te stry en te twis, en om met 'n bose vuis te slaan. Moenie so vas soos vandag, om julle stem in die hoogte te laat hoor nie."

⁵ "Is dit die vas wat Ek wil hê, 'n dag wat die mens sy wese gaan bedroef? Moet hy sy kop buig soos 'n biesie en sak en as uitsprei om sy bed te wees? Noem jy dit vas en 'n dag wat 'n vreugde vir יהוה is?"

⁶ "Is dit nie die vas wat Ek wil hê nie: dat julle die bande van boosheid losmaak, dat julle die stroppe van die juk afhaal en die onderdrukte vry laat weggaan en elke juk stukkend breek?"

⁷ "Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, uitgeworpenes in die huis bring nie? Wanneer jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou nie vir jou eie vlees versteek nie?"

⁸ "Dan sal jou lig deurbreek soos die dagbreek en jou genesing skielik uitspruit. En jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die aansien van יהוה sal jou agterhoede wees."

⁹ "Dan, wanneer jy roep, sal יהוה antwoord. Wanneer jy skree, sal Hy sê: 'Hier is Ek!' Indien jy die verdrukking van jou verwyder, die vingerwysings en die kwaadpraterij,

¹⁰ en jou wese laat uitgaan na die hongerige, en die bedroefde wese versadig, dan sal jou lig opgaan in die duisternis en jou donkerheid wees soos die middag."

¹¹ "En יהוה sal jou voortdurend lei en jou wese versadig in droë plekke en jou liggaam sterk maak. En jy sal wees soos 'n tuin wat goed besproei is en soos 'n fontein van waters waarvan die water nooit ophou nie."

¹² "En die wat uit jou voortkom, sal die ou puinhope bou. Die fondasies van baie geslagte sal jy oprig. En jy sal genoem word: Herbouer van gebreekte mure,

JESHAJAHU 59

Hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak.

¹³ "Indien jy jou voet terug draai van die Sabbat, om nie jou plesier op My afgesonderde dag te doen nie, en indien jy die Sabbat 'n 'vreugde' en die afgesonderde *dag* van יהוה 'hooggeag' noem, en indien jy dit ag deur nie jou eie gang te gaan nie, nie jou eie plesier soek of ydele woorde praat nie,

¹⁴ dan sal jy jou in יהוה verlustig. En Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou voer met die erfdeel van jou vader Jaakob. Want die mond van יהוה het gepraat!"

59 Kyk, die hand van יהוה is nie te kort om te help nie, en Sy oor is nie te swaar om te hoor nie.

² Maar julle booshede het julle geskei van julle Elohim. En julle sondes het Sy gesig vir julle verberg, om te hoor.

³ Want julle hande is met bloed beplek en julle vingers met boosheid; julle lippe praat leuens, julle tong fluister onreg.

⁴ Niemand roep vir geregtigheid nie en niemand pleit vir waarheid nie. Hulle vertrou op nietigheid en praat waardeeloos; hulle word swanger met moeilikheid en baar boosheid.

⁵ Hulle broei slangeiers uit, en hulle weef spinnerakke. Hy wat van hulle eiers eet, sterf, en wanneer daarop getrap word, bars daar 'n adder uit.

⁶ Hulle webbe word nie vir klere nie, en met hulle werke kan hulle hul nie bedek nie. Hulle werke is bosewerke, en die daad van geweld is in hulle hande.

⁷ Hulle voete hardloop boosheid en is haastig om onskuldige bloed te vergiet. Hulle gedagtes is bosegedagtes, verwoesting en vernietiging is in hulle paaie.

⁸ Hulle ken nie die weg van vrede nie, en daar is geen reg in hulle spore nie. Hulle maak vir hul krom paaie, niemand wat daarop loop, sal vrede ken nie.

⁹ Daarom is die reg ver van ons en bereik die geregtigheid ons nie. Ons verwag lig, maar kyk, daar is duisternis; 'n helderheid, maar ons loop in dik donkerheid.

¹⁰ Ons tas vir die muur soos blindes, en ons tas soos die wat geen oë het nie. Ons struikel op die middag soos in die skemeraand in verlate plekke soos dooie mense.

¹¹ Ons brul almal soos bere, en brom soos duive aanhoudend. Ons verwag reg, maar daar is niks; verlossing, maar dit is ver van ons.

¹² Want ons oortredinge vermeerder voor U, en ons sondes getuig teen ons. Want ons oortredinge is by ons, en ons booshede, ons ken hulle:

¹³ oortreding en leuns teen יהוה en wegdraai van ons Elohim, die verkondiging van verdrukking en afval, die opneem en fluistering van valse woorde uit die hart.

¹⁴ En die reg word teruggedruk en die geregtigheid bly ver weg staan. Want waarheid het gestruikel op die mark, en reg, kan nie binnekom nie.

¹⁵ En die waarheid word vermis, en wie wegdraai van boosheid, word geplunder. En יהוה het dit gesien, en dit was verkeerd in Sy oë dat daar geen reg was nie.

¹⁶ En Hy het gesien dat daar niemand was nie en Hom verbaas dat daar geen middelaar was nie. Daarom het Sy arm Hom gered en Sy geregtigheid het Hom ondersteun.

¹⁷ En Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n borsplaat, en die helm van verlossing was op Sy kop. En Hy het klere van wraak as klere aangetrek en Hom toegeedraai in ywer soos in 'n mantel.

¹⁸ Volgens die daade, ooreenkomstig sal Hy vergeld: toorn aan Sy teëstanders, vergelding aan Sy vyande. Aan die eilande sal Hy vergelding betaal.

¹⁹ En hulle sal die Naam van יהוה vrees van die weste af, en Sy aansien van die opgang van die son af, wanneer Hy kom soos 'n saamgeperste stroom wat die Gees van יהוה aandryf.

²⁰ "En 'n verlosser sal na Tsjion kom en vir die wat in Jaakob wegdraai van oortreding," sê יהוה.

²¹ "Wat My betref, dit is My verbond met

hulle,” sê יהוה: “My Gees wat op jou is, en My woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal nie uit jou mond wyk nie, en ook nie uit die mond van jou saad en uit die mond van die saad van jou saad,” sê יהוה, “van nou af tot in ewigheid nie.”

60 “Staan op, skyn, want jou lig het gekom, want die aansien van יהוה het oor jou opgegaan!

² “Want kyk, die duisternis bedek die aarde en donkerheid die volke. Maar יהוה gaan oor jou op, en Sy aansien word oor jou gesien.

³ “En heidennasies sal na jou lig^{ee} kom, en konings na jou helder opgang.

⁴ “Lig jou oë rondom op en kyk: hulle het almal bymekaar gekom, hulle het na jou gekom; jou seuns kom van ver, en jou dogters word aan die sy gesteun.

⁵ “Dan sal jy dit sien en straal, en jou hart sal bons en groot word, want die oorvloed van die see gaan na jou toe oor, die rykdom van die heidene kom na jou toe.

⁶ “n Menigte kamele sal jou bedek, die jong kamele van Midjan en Ēfa; almal uit Sheba sal kom, hulle bring goud en wierook en verkondig met blydskap die lof van יהוה.

⁷ “Al die kleinvee van Kēdar word vir jou versamel, die ramme van Neḅajot sal jou dien; hulle kom as vreugde op My altaar, en Ek sal My huis van aansien versier.

⁸ “Wie is dit wat daar vlieg soos n wolk en soos duiwe na hulle vensters?

⁹ “Want die eilande wag vir My, en die skepe van Tarshish kom eerste, om jou seuns van ver te bring. Hul silwer en hul goud is by hulle, vir die Naam van יהוה jou Elohim en vir die Afgesonderde van Jisra’el, omdat Hy jou versier het.

¹⁰ “En seuns van uitlanders sal jou mure bou, en hulle konings sal jou dien. Want in My toorn het Ek jou geslaan, maar in My vreugde sal Ek My oor jou ontferm.

¹¹ “En jou poorte sal deurentyd oopstaan, hulle word nie bedags of snags gesluit

nie, om die rykdom van die heidennasies na jou toe te bring en hul konings gelei.

¹² “Want die nasie en die koninkryk wat jou nie wil dien nie, sal vergaan, en daardie heidennasies sal totaal verwoes word.

¹³ “Die aansien van Lebanon sal na jou toe kom, die sipres, die plataan en die denneboom almal saam, om die plek van My afgesonderde plek te versier. En Ek sal die plek van My voete pragtig maak.

¹⁴ “En die seuns van hulle wat jou verdruk het, sal gebukkend na jou toe trek, en almal wat jou verag het, sal hulle neerbuig by jou voetsole. En hulle sal jou noem: Stad van יהוה, Tsjon van die Afgesonderde van Jisra’el.

¹⁵ “In plaas dat jy verlate en gehaat is sonder dat iemand daar deurtrek, sal Ek jou n ewige aansien maak, n vreugde van geslag tot geslag.

¹⁶ “En jy sal die melk van heidennasies suig en die bors van konings suig. En jy sal weet dat Ek, יהוה, jou Redder is, en jou Verosser die Magtige van Jaakob.

¹⁷ “Vir koper bring Ek goud en vir yster bring Ek silwer, en vir hout koper en vir klippe yster. En Ek sal vrede as jou amp-tenare aanstel en geregtigheid as jou bestuurders.

¹⁸ “Geweld sal nie meer in jou land gehoor word nie, ook nie van verwoesting of vernietiging in jou grondgebied nie. Maar jy sal jou mure Redding noem en jou poorte Lof.

¹⁹ “Die son sal nie meer bedags jou lig wees nie, en die maan sal vir jou geen lig vir helderheid gee nie, maar יהוה sal vir jou n ewige lig wees, en jou Elohim n versiering.

²⁰ “Jou son sal nie meer ondergaan nie, en jou maan nie wegtrek nie, want יהוה sal vir jou n ewige lig wees, en die dae van jou treurigheid is verby.

²¹ “En jou volk, almal regverdiges, sal vir ewig die land bewoon – lote deur My geplant, n werk van My hande, tot My aansien.

²² “Die kleinste sal n duisend word en die

^{ee} Jesh 60:19,20

JESHAJAHU 62

geringste 'n magtige nasie.^f Ek, יהוה, sal dit op die regte tyd gou laat kom.

61 Die Gees van Meester יהוה is op my, omdat יהוה my gesalf het om goeie nuus aan die sagmoediges te bring. Hy het my gestuur om die hartverskeurdes te verbind, om vrylating vir die gevangenes 'n uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis,

² om die gunstige jaar van יהוה en die dag van die wraak van ons Elohim uit te roep, om al die treurendes te troos,

³ om vir die treurendes in Tsjion te voorsien dat aan hulle gegee word: versiering pleks van as, vreugde-olie pleks van droefheid, klere van lof pleks van 'n verslae gees. En hulle sal genoem word bome van geregtigheid, geplante deur יהוה, vir Sy aansien.

⁴ En hulle sal die ou ruines herbou, die vroeëre verwoeste plekke weer oprig, en die verwoeste stede weer nuut maak wat woens was van geslag tot geslag.

⁵ Die vreemdelinge sal staan en julle kleinvee oppas, en seuns van die uitlander sal julle landbouers en wynboere wees.

⁶ Maar julle sal 'Priesters van יהוה' genoem word, aan julle sal gesê word: 'Dienaars van ons Elohim!' Julle sal die krag van die nasies eet en op hulle aansien roem.

⁷ In plaas van julle skande en minagting jubel hulle 'n tweede keer oor hul deel. Daarom sal hulle in hul land 'n tweede keer in besit neem. Hulle het ewige vreugde.

⁸ "Want Ek, יהוה, het die reg lief, Ek haat roof met onreg. En Ek sal hulle hul vergoeding gee en 'n ewige verbond met hulle sluit.

⁹ "En hulle saad sal bekend wees tussen die heidennasies en hulle nakomelinge onder die volke. Almal wat hulle sien, sal hulle erken, dat hulle die saad is wat יהוה geseën het."

¹⁰ Ek is baie bly in יהוה, my wese juig in

my Elohim. Want Hy het my geklee met klere van verlossing, my bedek in die mantel van geregtigheid, soos 'n bruidegom wat ornamente aan hom bind, en soos 'n bruid wat haar versier met haar juwele.

¹¹ Want soos die aarde sy bloeisels voortbring, en soos 'n tuin sy saad laat uitspruit, so sal Meester יהוה geregtigheid en lof laat uitspruit voor die oog van al die nasies.

62 Ter wille van Tsjion bly Ek nie stil nie en ter wille van Jarusalajim rus Ek nie, totdat sy geregtigheid uitbreek soos 'n glans en sy verlossing soos 'n brandende lamp.

² En die nasies sal jou geregtigheid sien en al die konings jou aansien. En jy sal met 'n nuwe naam genoem word wat die mond van יהוה sal aandui.

³ En jy sal 'n sierlike kroon wees in die hand van יהוה en 'n koninklike tulband in die hand van jou Elohim.

⁴ Jy sal nie meer "Verlatene" genoem word nie, en jou land sal nie meer "Wildernis" genoem word nie. Maar jy sal genoem word: "Heftsba,"^{gg} en jou land: "Beula,"^{hh} want יהוה sal vreugde in jou hê, en jou land sal getroud wees.

⁵ Want soos 'n jongman 'n jongmeisie trou, so sal jou seuns jou trou. En soos die bruidegom verheug is oor die bruid, sal jou Elohim oor jou verheug wees.

⁶ Ek het wagte op jou mure uitgesit Jarusalajim, wat voortdurend, die hele dag en die hele nag, nie stil wees nie. Julle wat יהוה onthou, moenie rus nie

⁷ en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jarusalajim bevestig en 'n lof op aarde maak!

⁸ יהוה het gesweer by Sy regterhand en by Sy kragtige arm: "Ek sal jou koring nie meer vir jou vyande as voedsel gee nie, en die seuns van uitlanders sal nie jou mos drink waarvoor jy gewerk het nie.

⁹ "Maar hulle wat dit insamel, sal dit eet

^f Sien 41:14; Dan 34-44.

^{gg} My Vreugde

^{hh} Getroud

en יהוה prys. En hulle wat dit oes, sal dit drink in My afgesonderde voorhowe.”

¹⁰ Gaan in, gaan in deur die poorte! Berei die weg van die volk! Vul op, vul op die grootpad! Gooi weg die klippe. Lig 'n banier op oor die volke!

¹¹ Kyk, יהוה het dit laat hoor tot by die einde van die aarde: “Sê aan die dogter van Tsjon: “Kyk, jou verlossing het gekom; kyk, Sy beloning is by Hom en Sy werk is voor Hom.”

¹² En hulle sal genoem word: “Die Afgesonderde Volk, die Verlostes van יהוה.” En jy sal genoem word: “Uigesoekte, die Stad nie Verlate nie.”

63 Wie is dit wat daar uit Edom kom, met helderkleurige klere uit Botsra, wat in Sy pragtige uitrusting, vorentoe beweeg in die grootheid van Sy krag? “Dit is Ek wat in geregtigheid praat, wat magtig is om te verlos.”

² Waarom is U uitrusting so rooi, en U klere soos dié van een wat die wympers trap?

³ “Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie. En Ek het hulle getrap in My toorn en hulle vertrap in My grimmigheid. Hulle bloed het op My klere gespat en Ek het My hele uitrusting bevlek.

⁴ “Want 'n dag van wraak is in My hart, en die jaar van My verlossing het gekom.

⁵ “En Ek het gekyk, maar daar was geen helper nie, en Ek was verbaas, dat daar was niemand wat ondersteun het nie. Toe het My arm My gered en My grimmigheid het My ondersteun.

⁶ “En Ek het volke vertrap in My toorn en hulle dronk gemaak in My grimmigheid, en Ek het hulle bloed op die aarde laat afloop.”

⁷ Ek sal die goedgunstighede יהוה uitroep, die lof van יהוה, volgens alles wat יהוה aan ons bewys het, en die oorfloed goedheid jeens die huis van Jisra'el wat Hy aan hulle bewys het, volgens Sy barmhartighede en volgens die grootheid van Sy goedgunstighede.

⁸ Want Hy het gesê: “Hulle tog My volk,

kinders wat nie vals is nie.” En Hy het hulle Verlosser geword.

⁹ In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Boodskapper van Sy teenwoordigheid het hulle verlos. Deur Sy liefde en deur Sy meegevoel het Hy hulle gered, en Hy het hulle opgelig en hulle gedra, al die dae van die ouds.

¹⁰ Maar hulle het gerebelleer en het Sy Afgesonderde Gees bedroef, daarom het Hy teen hulle as 'n vyand gedraai, en Hy het teen hulle gestry.

¹¹ Toe het Hy aan die dae van ouds gedink, van Moshe, Sy volk: “Waar is Hy wat hulle uit die see laat optrek het saam met die herder van Sy kudde? Waar is Hy wat Sy Gees van Afsondering in hulle midde gegee het?

¹² “Wat hulle gelei het met die regterhand van Moses deur Sy wonderlike arm, wat die waters voor hulle gekloof het, om vir Hom 'n ewige Naam te maak?

¹³ “Wat hulle deur die dieptes laat trek het soos 'n perd deur die woestyn, sonder om te struikel?”

¹⁴ Soos 'n dier wat aftrek in die vallei, het die Gees van יהוה hulle na die rus gelei. So het U U volk gelei, om vir U 'n wonderlike Naam te maak.

¹⁵ Kyk van die hemel af en aanskou uit U afgesonderde en wonderlike woning! Waar is U ywer en U mag, die ontroering van u binneste en u meegevoel vir my? Word hulle ingehou?

¹⁶ Want U is ons Vader, selfs al weet Abraham nie van ons nie, en herken Jisra'el ons nie. U, יהוה, is ons Vader, ons Verlosser – U Naam is van ouds af.

¹⁷ יהוה, waarom laat U ons wegdwaal van U weë? Waarom verhard U ons hart, sodat ons U nie vrees nie? Keer terug ter wille van U dienaars, die stamme van U erfdeel!

¹⁸ U afgesonderde volk het dit vir 'n kort rukkie besit – ons teëstanders het U afgesonderde plek vertrap.”

[#] Teh 74; 79; Jirm 51:51; Klg 1:10; Dan 8:13; 11:31; Matt 24:15

JESHAJAHU 65

¹⁹ Ons het geword soos hulle oor wie U van ouds af nie regeer het nie – U Naam is nie oor hulle uitgeroep nie!

64 O, as U die hemele wou skeur, wou afkom, dat die berge voor U gesig skud – ² soos vuur die droë takkies verbrand, vuur die water laat opborrel – om U Naam aan U teëstanders bekend te maak, sodat nasies voor U gesig kan bewe.

³ Wanneer U vreeslike dinge doen waar ons nie verwag het nie, het U afgekóm, en die berge het voor U gesig geskud!

⁴ Van ouds af het niemand dit gehoor of verneem nie, geen oog het 'n Elohim buiten U gesien, wat handel vir wie op Hom wag nie.

⁵ U ontmoet hom wat jubel en geregtigheid beoefen, hulle wat U in U weë onthou. Kyk, U was toornig want ons het aanhoudend daarin gesondig. En sal ons verlos word?

⁶ En ons het almal soos 'n onreine geword, en al ons geregtighede soos 'n besoeselde lap. en ons het almal soos blare verdor, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind.

⁷ En daar was niemand wat U Naam aanroep nie, wat hom beywer om aan U vas te hou nie; want U het U gesig vir ons verberg en ons laat wegsmelt deur ons ongeregtighede.

⁸ En nou, יהוה, U is ons Vader. Ons is die klei, en U is ons pottebakker. En ons is almal die werk van U hand.

⁹ יהוה, moenie altyd toornig wees nie, en moenie vir ewig die ongeregtigheid onthou nie. Kyk, sien asseblief, ons almal is U volk.

¹⁰ U afgesonderde stede het 'n woestyn geword, Tsjon het 'n woestyn geword, Jarushalajim 'n wildernis.

¹¹ Ons afgesonderde en pragtige Huis waar ons vaders U geloof het, is met vuur verbrand. En alles wat vir ons kosbaar was, lê in puin.

¹² יהוה, met hierdie dinge, sal U Usself bedwing? Sal U stilbly en ons uitermate verdruk?

65 "Ek het My laat raadpleeg deur hulle wat nie gevra het nie; Ek is gevind deur hulle wat My nie gesoek het nie. Ek gesê: 'Hier is Ek, hier is Ek!' aan 'n nasie wat My Naam nie geroep het nie.

² "Ek het My hande die hele dag uitgesteek na 'n weerbarstige volk wat wandel op 'n weg wat nie goed is nie, agter hulle eie gedagtes aan;

³ 'n volk wat My voortdurend in die gesig tart, wat in tuine slag en op bakstene wierook brand;

⁴ wat tussen die grafte sit en oornag in verborge plekke, wat varkveis eet,^{//} en sop van onrein *vleis* is in hulle potte,

⁵ wat sê: 'Staan eenkant! Moenie naby my kom nie, want ek is afgesonderd vir jou!' Hulle is rook in My neus, 'n vuur wat die hele dag brand.

⁶ "Kyk, dit is voor My geskryf: Ek sal nie stilbly nie, maar sal vergeld, ja, Ek sal dit in hulle boesem vergeld,

⁷ julle ongeregtighede en die ongeregtighede van julle vaders saam," sê יהוה, "wat hulle wierook op die berge gebrand het en My op die heuwels beledig het. ja, Ek sal hulle vorige daed in hulle boesem afmeet."

⁸ So sê יהוה: "Soos mos in 'n tros gevind word en sê: 'Moenie dit verniel nie, want daar is 'n seën in,' sal Ek ter wille van My dienaars doen, om nie alles te verniel nie.

⁹ "En Ek sal 'n saad uit Jaäkoḅ laat voortkom en uit Jahuda die erfgenaam van My berge. En My verkorenes sal dit erf en My dienaars daar woon.

¹⁰ "En Sharon sal 'n weiveld vir kleinvee word, en die vallei Agor 'n lêplek vir beeste, vir My volk wat My gesoek het.

¹¹ "Maar julle, julle wat יהוה verlaat, wat My afgesonderde berg vergeet, wat 'n tafel dek vir Gad^{kk} en die mengsel inskink vir Meni.^{//}

¹² "Ek sal julle toeken vir die swaard, en

^{//} Sien 66:17

^{kk} Idool van Geluk

^{//} Idool van Noodlot

julle almal sal buig om geslag te word, omdat Ek geroep het maar julle nie geantwoord het nie, Ek gepraat het maar julle nie geluister het nie, maar gedoen het wat boos is in My oë en gekies het wat My nie behaag het nie."

¹³ Daarom, so sê Meester יהוה: "Kyk, My dienaars sal eet, maar julle sal honger bly. Kyk, My dienaars sal drink, maar julle sal dors wees. Kyk, My dienaars sal juig, maar julle sal verslae wees.

¹⁴ "Kyk, My dienaars sal jubel, oor vreugde in die hart, maar julle sal skreeu van pyn in die hart en huil oor die verbreking van gees.

¹⁵ "En julle sal jul naam as 'n vloek vir My verkorenes laat agterbly, en Meester יהוה sal jou doodmaak, en Sy dienaars sal Hy met 'n ander naam roep,

¹⁶ sodat hy wat homself seën in die aarde, hom sal seën in die Elohim van waarheid. En hy wat sweer in die aarde, sal sweer in die Elohim van waarheid, omdat die vorige benoudhede vergete sal wees en omdat dit verborge vir my oë sal wees.

¹⁷ "Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en die vorige sal nie onthou word of in die hart opkom nie.

¹⁸ "Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep, want kyk, Ek skep Jarushalajim om te juig, en sy mense 'n vreugde.

¹⁹ "En Ek sal oor Jarushalajim juig en vreugde hê oor My volk, en die stem van geweën of die stem van geskreeu sal nie meer daarin gehoor word nie.

²⁰ "Daar sal nie meer 'n baba wees van 'n paar dae of 'n ou man wat nie sy dae voltooi het nie, want 'n kind sal sterf as seun van honderd jaar, en die sondaar as seun van honderd jaar, sal vervloek word.

²¹ "En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet.

²² "Hulle sal nie bou en 'n ander dit bewoon nie. Hulle sal nie plant en 'n ander dit eet nie. Want die dae van My volk sal wees soos die dae van 'n boom, en My verkorenes sal langer leef as die

werk van hulle hande.

²³ "Hulle sal hul nie tevergeefs swoeg of geboorte gee vir ondergang nie. Want hulle is die saad van die geseëndes van יהוה, en hulle nakomelinge is by hulle.

²⁴ "En dit sal wees nog voor hulle roep, sal Ek antwoord. En terwyl hulle nog praat, hoor Ek.

²⁵ "Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees. Hulle sal geen boosheid doen of vernietig op My hele afgesonderde berg nie," sê יהוה.

66 So sê יהוה: "Die hemele is My troon en die aarde is My voetbank. Waar is dan die huis wat julle vir My bou? En waar die plek van My rus?

² Want al hierdie het My hand gemaak, en dit alles wat bestaan," sê יהוה. "Tog sal Ek op dié een let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woord.

³ Wie 'n bees slag, slaan 'n man dood; wie 'n lam slag, breek 'n hond se nek; wie 'n graanoffer bring - *dit is* varkbloed; wie wierook brand, prys 'n idool. Voorwaar, hulle het hul eie weë verkies en hulle wese het vreugde in hul gruwels.

⁴ "Ek sal ook hulle teespoed kies en hulle vrees oor hulle laat kom. Want Ek het geroep en niemand het geantwoord nie. Ek het gepraat en hulle het nie gehoor nie, maar hulle het boosheid voor My oë gedoen, en gekies wat My nie verheug nie."

⁵ Hoor die woord van יהוה, julle wat vir Sy woord bewe! "Julle broers, wat julle haat, wat julle verstoot om My Naam ontwil, sê: 'Laat יהוה geag word, dat ons julle vreugde kan aanskou!' Maar hulle sal beskaamd staan!

⁶ "H' rumoerige lawaai uit die stad! 'n Stem uit die tempel! Die stem van יהוה wat Sy vyande vergeld!

⁷ "Voordat sy geboortepyne gekry het, het sy geboorte gegee; voordat smart oor haar gekom het, was sy van 'n seuntjie verlos.

JESHAJAHU 66

⁸ "Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebore? Want toe Tsjion geboortepyne gekry het, het sy aan haar kinders geboorte gegee.

⁹ "Sal Ek laat oopbreek en nie laat gebore word nie?" sê יהוה. "Sal Ek wat laat gebore word, self toesluit?" sê jou Elohim.

¹⁰ "Wees verheug saam met Jarushalajim en juig saam met haar, almal wat haar liefhet! Wees vrolik saam met haar, verheug, almal wat oor haar treur,

¹¹ sodat julle kan soog en versadig word aan die bors van haar vertroosting, sodat julle kan uitdrink en julle verlustig in die oorvloed van haar aansien.

¹² Want so sê יהוה: "Kyk, Ek strek die vrede na haar soos 'n rivier en die agting van die heidennasies soos 'n vloeiende stroom. En julle sal soog, julle sal op die heup gedra word en op die knieë vertroetel word.

¹³ "Soos iemand wat deur sy moeder vertroos word, so vertroos Ek julle. En julle word in Jarushalajim vertroos.

¹⁴ "En julle sal dit sien, en julle hart sal verheug wees, en julle beendere sal groei soos sagte gras. En die hand van יהוה sal aan Sy dienaars bekend wees, en Sy grimmigheid aan Sy vyande.

¹⁵ "Want kyk, יהוה sal kom in vuur, en met Sy waens soos 'n stormwind, om in Sy toorn met vurigheid te openbaar en Sy bestraffing in vuurvlamme.

¹⁶ "Want met vuur en met Sy swaard sal יהוה alle vlees oordeel, en יהוה sal baie doodmaak.

¹⁷ "Die wat hulself afsonder en hulself in die tuine reinig, terwyl hulle die een in die middel nadoen, wat varkvlies^{mm} eet en die gruwel en die muis, sal almal saam vernietig word," sê יהוה.

¹⁸ "En Ek, weens hulle werke en hulle gedagtes, kom om al die nasies en tale te versamel. En hulle sal kom en My aansien sien.

¹⁹ "En Ek sal 'n teken tussen hulle doen, en vrygeraaktes uit hulle na die nasies stuur – Tarshish, Pul en Lud, wat die boog span, na Tubal en Jawan, na die verkuslande wat My boodskap nie gehoor en My aansien nie gesien het nie. En hulle sal My aansien tussen die heidennasies verkondig.

²⁰ "En hulle sal al julle broers uit al die heidennasies as offergawe aan יהוה, op perde en op waens en in drastoele en op muile en op kamele na My afgesonderde berg, na Jarushalajim bring," sê יהוה, "soos die kinders van Jisra'el 'n offer in 'n rein voorwerp na die huis van יהוה bring.

²¹ "En uit hulle sal ek ook priesters en Lewiim neem," sê יהוה.

²² "Want soos die nuwe hemele en die nuwe aarde wat Ek maak, voor My gesig sal staan," sê יהוה, "so sal julle saad en julle naam staan.

²³ "En dit sal wees dat van Nuwemaan tot Nuwemaan en Sabbat tot Sabbat sal alle vlees kom om voor My te aanbid," sê יהוה.

²⁴ "En hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen My gerebelleer het.ⁿⁿ Want hulle wurm sal nie vrek en hulle vuur nie geblus word nie. En hulle sal afgrysig wees vir alle vlees!"

^{mm} Sien 65:4

ⁿⁿ Sien 24:6; 34:2-3; Teh 110:6; Jirm 25:33.